

# Die sprinkaanbeampte van Sluis

Jochem van Bruggen

## bron

Jochem van Bruggen, *Die sprinkaanbeampte van Sluis*. J.L. van Schaik, Bepk., Pretoria 1933

Zie voor verantwoording: [http://www.dbnl.org/tekst/brug029spri01\\_01/colofon.php](http://www.dbnl.org/tekst/brug029spri01_01/colofon.php)

© 2011 dbnl / erven Jochem van Bruggen



## Hoofstuk I

Onder die afdak waar Fisher al die rommel van sy winkel wegpak, staan Lambertus Bredenhand en neurie-fluit. Hy kry dit reg om die twee geluide te laat saamsmelt wanneer sy onbewuste rebelleer teen die eentonigheid van fluit of neurie. Hy het 'n uur lank onverpoos herhaal 'n ouderwetse deuntjie van 'n bedroefde meisie wat aan die oewer van 'n snelle vliet gesit en treur het, terwyl 'n vloerplank of 'n greinhoutbalk of 'n spyker onder sy gereedskap deurloop. - Dit lyk soms of die twee inhaak om verder die tussensang voort te sit onder die saaggeknars en hamerhoue, tot alles eensklaps swyg toe 'n kar daar voor die winkel stilhou. Die saag rus op 'n vloerplank. - Bredenhand gaan op een van die negosiekaste sit en stop bedaard sy pyp om 'n paar minute, onder die rustige optrek van rookwolkies, aan die afleiding daar voor die winkel te gee. Sy reëlmatige gesig, effens rimpelig om die oë, kyk afgetrokke langs die kar verby, asof die gedagte besig is om

sake te kombineer. Oom Karel Coetsee en tant Mieta, nè?... Die perde begin al te verhaar.... Ja, dis mos môre nagmaal. Hulle sal g'n nagmaal oorslaan nie, of dood of siekte moet hulle keer!

Hoewel hy dikwels daaroor gepraat het, val hom die kerkfees nou eers weer te binne, en teweens kom die pynlike bewustheid in hom op dat hy weer nie kan gaan nie. Die voorbeeld wat die ou mense gee, word deur die omstandigheid van die wêreld vernietig; ons loop geknelter in 'n kamp en die jongspul is losgelaat op die vlakte. Die tyd van laertrek op die kerkplein is verby, net soos die vader se priesterskap in sy huisgesin stadigaan verdwyn. Oom Karel hou sy waarde, ek probeer om myne te hou; maar die jonggetroudes maak met hulle hoë roeping of dit speelgoed is. En daarom word die mens so oppervlakkig dat die een se leed die ander een se welbehag is.

In die tot pulwer gemaalde winterpad skommel die wit kapkar, terwyl twee ou mense, deeglik toegebaker met jas en kopdoek, tydsaam en gewigtig daarin klim.

Twee bruin perde word opgetrek, en die rytuig swaai in die opslag van 'n stofwolk weg. Afgetrokke hang sy oë aan die skommelende kapkar in die stofwolke, en Bredenhand voel 'n verlange in hom opkom soos dikwels in die laaste maande van sy eensaamheid. Sugtend mompel hy: 'Dis maar die wêreld se beloop!'

So het hy in die verlede ook na die nagmaal toe gery tot die dood hom sy vrou ontnem het. Dié ramp het hom afgetrek tot waar hy vandag staan. Sprinkaan! Skuld! Boedel! Die omstandigheid van die lewe! Maar hy sal nie sommerso hensop nie! Hy kan sy brood, Goddank, verdien; sy hande staan vir niks verkeerd nie! - Hy is nog Lambertus Bredenhand, die ouboet van die familie, al besit hy vandag geen duim grond meer op Sluis nie....

Hy klop sy pyp uit en met 'n sug stoot hy die saag in die lang sny van die greinhout hier onder sy knie, en sy baard knik met sy gedagte saam, terwyl die stuk gereedskap met lang, stadige hale in die balk invreet.... Ja! Ja! Die ou mense gee ons

'n voorbeeld; maar hulle het ook die grootste voorreg van hulle ouderdom. As sy oorlede vrou nog in die lewe was, sou hy nie vandag onder hierdie afdak gestaan het nie, gebonde, ongered en eensaam as hy teenswoordig is. En om vir swaer Lewies of boet Sarel te vra om saam te ry, kan hy nie doen nie; elke herinnering aan sy verswaarde toestand is pynlik en vernederend vir hom. - As die Here se wil daarby is, sal hy later weer self 'n man van besittings wees; net een ordentlike kontrak sal hom op die been bring! En dan sal hy ook nie meer allenig bly nie. 'n Man soos hy is maar 'n halwe mens; 'n hulpe neffens hom sal die voorspoed weer verdubbel....

Onwillekeurig meng die fluit en neurie van die bekende deuntjie weer met sy gedagte; die saag knars somwyle skerper en die treurige wysie beheer die tempo van sy stote. 'n Hulpe neffens hom....! Die vrugtelose gesoek na 'n maat vir hom in sy omgewing het hom al onverskillig gemaak vir die hubare vrouspersone op Sluis....

'n Glimlag speel om sy oë terwyl die drie-

tal voor sy gees passeer: Bettie Bouer, Annie Venter en Alida de Bruin.... Gelukkig dat hy maar 'n soekende siel was, en die enigste nadeel wat hy oorgehou het, is 'n gevoel van bitterheid teenoor sy ewenaaste. Hy kon dit merk dat hulle hom op Sluis swartsmeer. Die nooiens is vir hom so wild as hase wanneer hy net maar effens dié kant-toe gesels - en wie het vir Alida die nuus omtrent sy huislike lewe aangedra, dat sy hom afgesnou het? 'Nee, oom Lambert, ek wil tog nie eendag so sukkel soos jou oudste dogter nie!' Dis laster wat sy hand hier in die as slaan! Hier op Sluis sit sy turf! Hy moet 'n ander rigting uit!

Die treurige wysie en die hamerslae op sesduimspykers klink geesdriftiger. 'n Opflikkering bewe deur sy somberheid, en die gereedskap geware dit. Oom Karel en tant Mieta is mos kerk-toe, nè?.... Dirkie is mos vanaand allenig by die huis!.... Om twaalfuur kan hy hierdie werkie aflewer en vir hom 'n nuwe hoed koop. Die Coetsees is net so vorentoe as die Bredenhands, en al is hy vandag tydelik die armste Bredenhand,

hy mag die naam nie terwille van 'n hoed laat val nie, al sal hy daar vanaand te voet aankom. Swaer Lewies se perd gaan hy nie vra nie, nog minder boet Sarel s'n. Dit sal net lekkergoed vir skindertonge wees.... Die ouderwetse deuntjie klink nou so lewendig dat 'n mens die woorde al kan hoor, asof daar 'n siel ingekom het....

Die dae word al merkbaar langer, en dit lyk nie of die ryp 'n plan het om die vroeë tuine skrik te maak nie. Dit kan 'n gunstige jaar word as die sprinkane nie weer moedswillig word nie. Mag die Here se seën oorvloedig wees vanjaar!.... Pronkerig en goedgesind stap Bredenhand met 'n flinke pas oor die grens van Sluis. Hy is nie meer 'n boer nie, maar tog voel hy dat die lewe van 'n ambagsman hier buite grootliks van 'n boer se voorspoed afhang, en 'n boer se lewe is net so wisselvallig as die weer! 'n Boer se arbeid is net soos dié van 'n miskruier; hiet vir hiet moet hy weer van onder af beginne met sy bol; en wanneer hy bo uit is, stoot hy net 'n entjie makliker - dis al!

- Die natuursomstandigheid is die wonderbaarlikste ding! Gee hy jou die kans om 'n oes te bêre, dan kan jy pas min of meer gerus wees.... Dis nes 'n vroumens so vol grille, en tog ontsien 'n mansmens geen moeite om vir haar te win nie. Dis die wonderbaarlikste natuursomstandigheid wat daar in die wêreld is! Vandag loop hy tweek-en-halfuur te voet om te probeer uitvind hoe sy kans by Dirkie Coetsee sal wees; hy, 'n wewenaar, raps-raps aan die vyftig, hier stap hy tien myl te voet af op 'n waag. Hy kan die dryfkant van die natuur hier binnekant in hom voel. G'n mens kan dit weerstaan nie. Hoe lank het Jakob nie geswoeg vir Rachel nie! Dit was vir hom 'n moet! 'n Hulp neffens hom!.... Dis ook vir hom 'n moet!

Sy stap is veerkragtig; in sy hart is 'n sterk oortuiging dat hy nou op die regte koers is. Hy is aansienlik en knap vir sy leeftyd; 'n nooi moet goed wees as hy haar nie kan vastrek nie. Dirkie is sekerlik nie so ontydig as die lawwe spul op Sluis nie. Toe hy met sy oorlede vrou getroud is, was



Dirkie op die bruilof; nog 'n dogtertjie wat wil pop speel. Sy moet al taamlik bejaard wees. Geen meisie begeer om bokwagter te bly nie. Nee wat! Sy kans is eersteklas! Dis darem wonderlik as mens die werkstalligheid van die natuur waarneem, hoe fyntjies en onskuldig hy vir 'n mens bekruipt. Toe hy vanmôre sy gereedskap uitmekaar uit stoot, was Dirkie so ver uit sy gedagte as oom Karel self. Die kapkar het daar voor die winkel stilgehou en oom Karel se dogter in sy gemoed in gedryf. Dis of dit so moet wees....

Die wilgerbome by die dam skyn al groen as die aandson hulle vang; die blomtuin voor die huis kan sekerlik nie kla oor Dirkie se versorging nie!.... Is dit tog nie sy wat eenkant aan die treksaag staan en wieg nie? Dis mos onnodig moegmaak daardie! Bredenhand skud sy kop. As 'n mens 'n ding verstaan, is dit maklik, maar as 'n mens die slag nie ken om met 'n stuk gereedskap te werk nie, dan moor jy jou verniet en vorder stadig. Naby die houtkapplek stoot hy sy teregwysing op 'n baas-

agtige toon vorentoe: ‘Maar my genugtig, Dirkie, julle hou die ding verkeerd! Julle druk die treksaag te vas! Hoekom moor jy jou so? Wag! Gee, laat ek vir jou...’

‘Nee, nee, oom Lambert....!’ Haar ligrooi hare staan pluiserig en hang in slierte oor haar voorhoof en wange, en haar gesig word hoogrooi van verleentheid terwyl sy hom met 'n beswete hand groet en daarna half oorbluf die hare wegstryk. ‘Kom ons gaan huis-toe! Die volk lê om die bierpote, Oom!.... Karel en ek moes maar uitspring! Daar is genoeg hout tot môre vroeg.... Karel, maak jy solank vuur, en dan roep jy my, hoor!’ Lambertus stap langs haar en beduie: ‘Kyk, as julle nou weer aan die treksaag spring, hou hom los en laat hom self loop; stoot hom net en maak of jy hom so half-half oplik, of, as jy trek, doen net dieselfde, dan kan jy urelank saag sonder om moeg te word. Saagwerk is maklik - maar 'n mens moet dit verstaan!’

Dirkie luister skaars. Oom Lambertus het hulle oorval, nogal op die houtkapplek, so eie asof hy 'n daaglikse kuiergas is - en sy

lyk so verwaarloos.... haar ouers kerktou.... wat lol die ou oor 'n treksaag?

‘Jy sien, Dirkie, jy moet jou arm slap hou, maar net stuur. Met 'n handsaag is dit net dieselfde. Enige stuk gereedskap het sy besondere manier van hanteer.’

Sy 't nou beheer oor haarself. Hulle kom in die voorkamer, en Dirkie skuif die venstergordyne oop terwyl sy die onderrigting opvolg: ‘Vat nou 'n strykyster, oom Lambert, of breinaalde.’ Sy stoot haar hare beter in fatsoen, en haar oë word lewendig.

‘Net dieselfde, Dirkie, net dieselfde! Dit neem my 'n paar minute om die slag te leer; maar ek is 'n wonderlike man, die begaafdheid het ek nou eenmaal gekry om met enige stuk gereedskap op die aarde te kan werk. Verstaan my goed, Dirkie, ek meen dat dit, in dié geval, binnekant 'n man se natuurlikheid moet bly; ek kan, byvoorbeeld, nie van jou verwag dat jy 'n huis gaan bou nie. Ek bedoel die handigheid, en vir my twee hande staan niks verkeerd nie.’

‘Dan is Oom regtig 'n gelukkige man.’

Die ou verveel haar effens, en sy voel on-

tuis met haar uiterlik. As Karel haar roep, sal sy haar regmaak.... Wat sou die ou hier kom haal?.... Vir haar?.... O liewe naarheid!....

‘Ek wil dit nie sê nie, Dirkie - wat meen jy eintlik?’ In haar ligblou oë flits 'n tinteling van spot, en die draai van haar stem is vol platjie. ‘Ek reken so, oom Lambert, dat, as daar niks is, binnekant Oom se natuurlikheid, natuurlik, wat Oom nie kan doen nie, dan reken ek dat Oom regtig 'n gelukkige man is.’

Bredehand word teëstribbelig, omdat hy ook hier nie begryp word nie. Die mensdom kan hom nie verstaan nie. ‘Nee, Dirkie, jy vat dit verkeerd op. As jou hande vir enige ding regstaan, kan jou hart darem bedroef wees of verlang, nie waar nie? Handigheid bring nie geluk nie - ten minste nie heeltemal nie. Dit mag 'n rapsie van geluk bring, ja, maar geluk het niks direk met handigheid te make nie.’ Hy versit sy stoel 'n halwe draai onder hom en vervolg meer opgewonde, omdat die veld voor hom vol nuwe gesigspunte is: ‘Indirek, ja; en laat ek

dit nou vir jou duidelik maak: die waardering van 'n mens se werk, van wat jou handigheid kan uitvoer, die welslae van 'n mens se ondernemings - dit bring eers tevredenheid, en daarna pas kan 'n mens gelukkig word. Maar dit gaan hard om so ver te kom; die mens waardeer nie graag die werk van 'n ander nie; daar is agterdog en agterklap en afguns....' Sy oë staar ernstig 'n tabakwolk na en buig toe oor na Dirkie met die somber klinkende vraag: 'Kan jy my sê wat geluk is, Dirkie?' Sy elmoë kom op sy knieë rus, en die pyp se steel wys uit sy gevoude hande na die plafon terwyl sy oë met die ernstige vraag haar onderlangs vaskyk soos strenge vaderoë wat vir sy dogter vra: 'Waar was jy gisteraand?' Hy voel dat hulle nou na die gewigtige doel van sy koms toe draai. Maar dit verbouereer Dirkie, en sy voel so sku soos vir 'n predikant. 'n Strikvraag.... hoekom draai Karel dan so lank?.... Met 'n verleë laggie stoot sy weer haar hare glad: 'Hoe sal ek vir Oom sê? Geluk is.... Oom Lambert vra my dit te skielik.... Ek reken as mens nie nodig

het om te kla nie.... ek meen... sê nou maar as Oom 'n huis kant en klaar gebou het, byvoorbeeld, en die mense is tevrede en betaal vir Oom wat Oom vir die werk moet hê, dan reken ek voel Oom gelukkig.’

Sy ouderlingskop skud nee. ‘Jy antwoord nie my vraag nie, Dirkie. Wat is geluk? Ek vra wat geluk is. Gee my jou verklaring!’

Sy word nou kriewelig. ‘Ek sê mos vir Oom. Wat wil Oom meer hê?’ Maar tegelyk flits dit deur haar: ‘Ek sal Oom sê: 'n Mens is gelukkig wanneer hy enigiets op die aarde kan regkry, en ek reken dat Oom 'n gelukkige man is, omdat Oom alles kan doen. Ek is seker dat Oom vir ons op die orrel kan speel.... Wag, laat ek eers 'n kers opsteek.’ Sy kom haastig terug met Karel en die lig. ‘Dis regtig jammer dat Pa-hulle kerk-toe is. Oom moet maar solank speel en my verskoon, want al die oë kyk na my vandag, en ek het nog baie te doen.’

Orreltone dreun swaar deur die huis saam met die harde basgeluid van Bredenhand, wat *Uit diepten van ellenden* uitsing tot die laaste vers toe.

Ná die aandete het Bredenhand die huisvader se pligte waargeneem en die kinders vrae gestel wat hulle nie kon beantwoord nie, maar hom die kans gegee het om oor skriftuurplase uit te wei tot vervelens toe. Wat moet sy met hom maak vanaand! Sy voel huiwerig as sy daaraan dink dat hy spesiaal vir haar gekom het.... 'n wewenaar met vier kinders.... Op haar jong lewe het die ban gerus om kinders groot te maak - kinders van haar ousus, wat as wesies uit die griptyd uit gekom het. Haar lot was 'n lewe van toewyding en versorging, en haar ouers word al hoog bejaard. Wat moet sy aanvang met Lambertus Bredenhand? Sy kan onmoontlik net nou vir hom sê: 'Oom, hier is Oom se kamer.' Dit lyk te onbehoorlik, al gee sy hom ook die predikasieboek van Spurgeon saam en 'n nuwe kers.

Hy is 'n doring om te preek!.... Arme Karel! Die seun verveel hom aan die slaap. Hy sal vir hulle twee net so allendig in die voorhuis laat sit.

Dit is die lot van Dirkie toe sy 'Goed,

oom Lambert, ons kan so'n bietjie gesels!’ antwoord op sy vraag: ‘Gee jy om, Dirkie, dat ons twee vanaand 'n slaggie saam gesels?’

Die tafel en die kerslig en 'n stilte wat tweekeer deur die sug van 'n ernstige wewenaar afgebreek word, is tussen hulle. Bredenhand koester die bewustheid dat sy persoon in hierdie sfeer onskendbaar is, want sy gemoed beweeg hom nog in die nawerking van sy huisvaderlike priesterskap, en hy wil met alle gewigtigheid die gesprek wat sy orrelspel afgebreek het, hervat. Hy het so heerlik op koers gekom na hartsake toe.

Maar sy voel ongemaklik, omdat sy nie die minste lus het om iets te sê nie en die onderwerpe waaroor sy met die diepsinnige Oom sou kon praat, baie beperk geword het deur sy doening. Maar hy wou mos gesels: nie sy nie!.... Dirkie vee 'n stoffie van die tafelblad af met haar sakdoek; snuit skaars hoorbaar haar neus; skiet met haar wysvinger die te lang entjie pit uit die kersvlam uit; versit die blaker onnodig. Sy sit en wag. Hoekom praat oom Lambert nie? As sy be-



gin, sal dit oor vaak en moegheid wees.

Bredenhand stop sy pyp en tussen die kragtige pû-pû van die rookdampe vervolg hy: ‘Jy het nie eintlik 'n.... goeie verstaning.... van geluk nie, Dirkie.’ Sy oë kyk halfskeel na die opkrullende tabak, wat hy afdruk met sy duim, en daarna kyk hy haar met half-toegeknypte oë aan en vra: ‘Was jy al ooit gelukkig, Dirkie?’

‘Sekerlik, oom Lambert, ek is dit so te sê maar gedurig!’ antwoord sy spontaan. Sy moet nou keer, want hy dwing om teer kwessies aan te roer. ‘Daar is niks wat my hinder nie; die wêreld dra my lekker, en as 'n mens in liefde en vrede en genoeglik saam woon, dan reken ek so, dat 'n mens niks verder hoef te begeer hier op die aarde nie.’

‘Sodra as jy die liefde na die wêreld se behae toe bring, dan kom jy in die knyp!’

‘Daarvoor sal ek oppas, Oom; ek sal sorg dat ek losbly!’

‘Jy praat nou teen jou beterwete in, Dirkie! Is dit dan jou begeerte om 'n bokwagter te word?’

‘Soos ek vanaand voel, verkies ek niks

beter as om te bly soos ek nou is nie. As die mense my dan vir 'n bokwagter uitmaak - dis hulle saak, maar ek dink dis ontydigheid van hulle.'

'n Droë laggie verwaai die rookwolk voor hom. 'Nee, ou suster, dit sal jy my nie vertel nie. Wanneer die wonderbaarlikheid van die natuur in jou begin te werk - dis te sê, wanneer jy dit begin te voel, dan wil jy ook help om die huis op te bou. Dis die wêreld se beloop! Iemand sal vir jou vra om saam met jou die huis te bou, Dirkie. - Jy maak my nou indagtig oor jou opvatting van geluk - jy weet mos toe jy gepraat het oor die bou van 'n huis. Maar ek vat dit glad anders op. Jou geluk lê op die end: myne vat van die staanspoor af. Ons twee bou dan die huis van ons lewe. Ons bring die messelgrond en klippe op die bouplek; ons ry die stene, die hout, deure en vensters en sinkplate aan. Ons graawe die fondament op harde oubank. Maar ons lê die hoekklippe - ek sê ons twee lê die hoekklippe, Dirkie! En ek sê vir jou, as ons same die huis opbou, dan sal jy ook weet wat geluk is!'

‘Maar Oom het mos al kant en klaar gebou! Daar is dan al vier kinders binnekant Oom se huis.’

‘Almiskie, Dirkie, maar die een hoekklip het padgegee, en ek vra vir jou om die plek weer op te vul.’

Sy het al moeg geword vir Bredenhand se omslagtigheid en beeldspraak. ‘My liewe Oom, ek is g’n dooie klip nie! Buitendien is ek al moeg om ander mense se kinders groot te maak. Was Oom vandag ’n jonkman of sê nou maar ’n wewenaar sonder kinders, dan kon ek altemit nog daarvoor gedink het. As ek getroud is, wil ek tog nie uit die staanspoor al sukkel nie, oom Lambert!’

## Hoofstuk II

Weerskante die sluisloop lê strepe stompgevrete wintergesaaide, wat die beskikbare water maklik sou kon grootmaak indien die sprinkane dit nie verhinder het nie. Soos rooi stofstorms het die swerms bo die vlakte uitgekom, daarop neergesak na hulle laaste skof, om volgens hulle wintertaktiek in verspreide aanval eers die veld en daarna die gesaaide by te trek, stadig, gewis, onkeerbaar. Die groen akkers het na uitgedorde lande in die droogte begin lyk voor die oë, wat magteloos die ramp moes aanskou, en die kwynende vee het dwalend op die veld na voedsel rondgesoek.

Aan die eenkant van die spruit, bokant 'n streep land, staan 'n koppie wat op die vlakte verdwerg tot 'n miershoop, en aan sy voet lyk die woning van Lambertus Bredenhand soos 'n baksteen. Van die bewoners op die plaas Sluis is hy die enigste wat nie direk deur die sprinkaanramp getref word nie. Hy dank die Vader dat hy nie behoef te swoeg vir 'n loon wat op die

oomblik van ontvangs nog weggeneem kan word nie. Toe hy uit sy besitting uitgeraak het, deur die regmaak van 'n hopelose boedel, het sy gesonde verstand hom oortuig dag sy toekoms as 'n bruikbare man, wat homself bekwaam ag vir al die ambagte, sekerder is. Die sake het ewewel nie geloop soos hy dit verwag het nie. Hy het 'n sukkelbestaan gevoer, dog koppig volgehou dat daar g'n rede om te kla in sy huisgesin is nie. Maar hulle wat sy huisomstandigheid ken, het dikwels hul hoofde meewarig geskud en hom agteraf verwyte toegeslinger of belangstellend met hom daaroor gepraat, waaroor hy dan ook steeds dankbaar was.

Oënskynlik bly Bredenhand onbekommerd. Selfs na die dood van sy vrou het hy min bedruktheid laat blyk en om die knoue wat die lewe hom gegee het nooit gemurmureer nie. Sy kinders kla nie, die gebrek was nooit oor sy drumpel nie, en al mis hy 'n moeder daar binnekant, dan voel hy tog gerus dat daar voldoende vir sy kroos gesorg word. Sy grootste grief is dat sy familie hulle te veel met sy huislike sake bemoei deur

die oordrewe bekommerdheid wat hy haat. Hy het ook 'n stille aanklag teen die maatskappy, wat hom en sy werk, begaafd as hy is, nie waardeer nie, sy persoonlikheid krenk en sy arbeid swak betaal. Hy is so goed as enige ambagsman, maar moet met 'n afskeep-loon tevrede wees. Die hele toelig van die maatskappy is om hom te verkleineer; hy kan nie vorder nie; selfs by Dirkie moes hy onverrigtersake omdraai, hoewel hy tog nie heeltemal ontmoedig was nie. Hy sal haar weer bykom.... met een ordentlike kontrak is hy voor....

Die besoek aan Dirkie lê al ruim veertien dae agter die rug. Hy kom nou van die winkel. Fisher het weer gelol oor 'n paar sielings skuld. Dis die ou se politiek om 'n werk amper verniet gedaan te kry. Hy laat eers voel wat jy aan hom verplig is, om jou daarna in te palm. Hy sal op die werkie verloor, maar om nog 'n paar sielings skuld te kry moes hy dit so goedkoop aanneem. Selfbewus stap hy in die rigting van die koppie. Rondom tot aan die horison strek die vlakte hom uit, yl besprinkel met opstalle, bywoners-huisies,

struise en kolle bloekomplantasies. Die landbougees is deur die plaat nie gebreek nie. Orals wys groot donker blokke omgeploegde aarde dat die boere van Sluis vanjaar eers meen om te saai sodra die gunstige oomblik daar is. Hy beskou die arbeid as 'n verlore krag, sweet vir die sprinkane, wat vanjaar die akkers gaan kaal skeer in 'n paar minute. Die verstand kan nooit sy voordeel uit die kluite haal nie. Adam het nou eenmaal die vloek op die aarde gebring. 'Dis die wêreld se beloop!'

Die bottende veld wag op die eerste reën. Armoedige beeste in hul verskrompelde pluivelle skeer die yl grassprietjies gulsig af, of staan moed-verlore hier en daar op die vlakke in 'n dood-kom-vat-my houding.

Hulle pote is onwillig om hul ligte lyf verder te dra; hulle moet na die werwe aangestoot word, anders sal hulle daar op die plek bly lê en vrek. Bredenhands hart sê dankie, dat hy die bekommernis vandag nie het nie.

Duskant die koppie is Sarel Bredenhands opstal. Daar woon sy ou weduwee-

moeder. Dis 'n aanleg, wat vorentoe streef, dog dis merkbaar dat die proses met rukke en stote gaan, want die bou van die huis wys dit met sy aangelaste stukke. Dit lyk meer na 'n koeliewinkel, en dit hinder Lambertus telkens as hy daarna oplet. Sarel het g'n oog, g'n smaak nie. Die boerdery het die ou se gees uitgehaal; hy is 'n gebore sukkelaar. Nou is hy weer besig om 'n koei langs die kraal op te help. Sus Leen is by hom en.... by my kool, sus Krissie met haar popperige lyfie help hom ook. Is sy nie bang dat sy haar rok sal besmeer nie? Hy sal ook maar soontoe stryk en hand bysit!

Die pakkie goed van Fisher sit hy op die kombuistafel, roep sy ou moeder 'n groet toe deur die agterhuis en kom by die gewerskaf met outoritêre gebare.

‘Wat sukkel julle drie grootmense dan so? Julle vat te ongelyk. Sarel, ek sal die kop vat en jy die stert. Julle twee kan eers vir Sarel weerskante help optel. Sy is mos maar 'n ligte ou dingetjie.’ Die eenaar van die bees mopper. ‘Sy help glad nie saam nie



- dooie gewig is die swaarste gewig om op te tel.'

'Die veld maak hulle so kragteloos, dat hulle moed verloor,' sê Krissie verskonend.

'Dit help nie om te praat nie! Beur net gelyk! Reg? Toe maar!'

Bredenhand voel sy meerderwaardigheid. 'As ek jy is, hang ek haar tussen vier pale op, om die bloed 'n kans te gee om te loop, anders kan jy haar maar keel afsny.'

'Ja, dis omtrent die beste plan, Ouboet.' Sarel weet egter dat Lambertus nooit die vier pale sou plant nie. 'Stap jy saam tuintoe, Ouboet?'

'As ek jy is gee ek eers die koei so'n handjievul voer. Jy het mos genoeg ge-oes voordat die sprinkane gekom het?'

'Ja, Ouboet, ek kan so'n plan maak. Ek het nie te veel nie, want ek voer my osse gereeld. Ek hoor mos dat die regering mense aanstel, amptenare om die sprinkaanswerms te spuit.'

'Wie 't vir jou vertel, Boet?.... Ek is baie daarop teë; dis 'n verkeerde ding, wat ons regering wil aanrig!'

‘Swaer Lewies het glo 'n berig daaroor ontvang. Ek ontmoet hom nou die dag by Fisher, ek glo gisteragtermiddag; hy sê toe vir my: Boet Sarel - Boet Sarel, sê hy, ons gaan 'n sprinkaanbeampte kry. Ek vra vir hom toe wat ons met die artikel moet maak? Swaer Lewies meen dat so'n amptenaar glo inspeksie moet gaan hou met spuite en sprinkaangif.’

‘En so wil hulle probeer om die straf van Hoërhand dood te spuit? Nee, Boet Sarel, hulle sal dit nooit regkry nie; ons wil hier direk teen die bestier van die Alwetende Voorsienigheid ingaan. Ek sê, dis sonde, Boet; die regering maak 'n fout!’

‘Solank as daar 'n end kom aan die plaag het ek vrede, Ouboet. Hulle sal hier seker ook 'n beampte aanstel, want die vlakte is vergewe.... Baie dankie vir jou hulp, Ouboet! Totsiens!’

‘Swaer Lewies sal wel daarvoor sorg dat hy die jop kry. Hy is danig in-die-Ko!’ roep Lambertus hom agterna, en terwyl hy in die huis wil gaan trek sus Krissie hom aan

die arm eenkant-toe. Sou sy die aanmerking oor haar man gehoor het?

Hy voel effens ongemaklik daaroor, dog dadelik geruster, toe sy in een van die hoekies van die onreëlmatig geboude huis, saggies sê en met blye oë hom reguit in die wese kyk: 'Ek wil vir jou 'n geheim vertel, Ouboet! Jy praat met g'n sterfling daaroor nie, gehoor?'

'Wat se geheimsinnigheid is dit dan so danig, Sus Kris? Het swaer Lewies vir hom 'n motorkar gekoop?.... Goed ek sal stilbly!'

'My liewe Ouboet, nee, maar sonder korswil, sal jy nie bly wees nie, Ouboet, wanneer jou kindertjies nie langer gebrek hoef te ly nie?'

Die huis se hoek word wyd vir hom en vir haar eng. Sy oë blits in hare en die man word groter voor haar oë.

'As dít jou geheim is, moet jy op die plek jou mond toestop!'

Haar liefvallige besorgdheid het die vonk van onverdraagsaamheid teenoor sy familie se bemoeiings met sy huissake tot vlamme

aangeblaas. Hy weet wat in die agtergrond van haar gedagtes steek, 'n stille beskuldiging van verwaarlosing en selfsug. Hy het al baie van die skimpe moes opvreet.... Maar sy is ook 'n Bredenhand soos hy.... Sarel het die ou weduwee-moeder se aard - - en geen huis se hoek bestaan meer nie, geen Sluis met al sy oë en ore nie.

‘Jy is danig gou op jou perdjie, nè? Of dink jy altemit dat dit volop in jou huis is?’

‘Daar het jy niks mee uit te waaie nie! Kyk na jou eie huis en gee jou eie kinders 'n beter opvoeding, sodat hulle 'n oumens kan respekteer!’

Maar tog verswak sy toorn. Sus Krissie groei hier voor hom in haar heftigheid; hy geware weer die huis se hoek en voel die behoefte om hulle in die skuiling in te trek. Haar oë flikker nou in syne, wyl haar snydende woordevloed in sy gemoed inkerf.

‘Los vir my en my kinders, Lambertus, jy is verblind. Jy is te selfsugtig om die ellend van jou kinders raak te sien. Hoe lyk jou Kosie? Verpot soos 'n verboepte varkie! Dit

word tyd dat jy jou oë oopmaak! Jou kinders het hulle moeder verloor en hulle vader verwaarloos hulle! Ousus moet bontstaan en sorg! Hoe versukkeld lyk die arme kind alreeds; die plig is vir haar te swaar, al doen die arme kind haar bes!’

‘Suutjies, Sus Kris! Jy sal moet bewys wat jy daar sê! Ek wil niks meer hoor nie!’

‘Goed, ek sal stilbly en ek gaan jou ook niks van die geheim vertel nie. Jy moet dit self maar eendag uitvind!’

Driftig verdwyn sy uit die hoek uit. Bredenhand se humeur is in sy pad om na binne te gaan. Hy vat die pakkie en loop sonder om selfs sy moeder te groet....

‘Pa, Ouboet het die boodskap van meester gebring en meester sê dat Pa 'n bietjie moet oorkom as Pa tyd het, asseblief.’ Sy dogter, vyftien jaar oud, met donkerbruin oë wat skigtig na haar Pa en na die pakkie kyk, 'n tingerige figuurtjie in haar skrapse klere, 'n oulike gesiggie ernstig vir haar jare, ontmoet hom in die kombuis.

'n Hoofknik is sy antwoord. Ousus kan sien dat haar Pa nie in die beste stemming

is nie en sy voeg haar weer by Kleinsus in die blomkampie voor die deur, waar die jongste met 'n tuinvurkie sit en kap, in gedagte versink. Sy lig haar ogies, dieselfde van vorm en kleur as Ousus s'n en veronderstel:

‘En sê nou die sprinkane kom weer, Ous? Hoekom verplant ons dan die blomme?’

‘Hulle sal nie weer kom nie, Klein!’

‘Hoekom sal hulle dan nie weer kom nie, Ous?’

‘Karel van oom Lewies het vanmôre vertel dat die regering almal gaan doodspuit.’

‘Almal, Ous?’ Dis vir die dogtertjie, wat volgende jaar skool-toe sal gaan, te baie. ‘Maar sê nou hulle kom darem party van hulle weer?’ Sy sien die lewendige tapyt van sprinkane wat hulle tuintjie 'n paar maande gelede toegemaak het, en die tapyt oor die werf so ver 'n mens kan sien, net een lewendige bedekking, en dis te baie om almal dood te maak.

‘Dan moet hulle maar weer kom en ons slaan maar weer op blikke dat dit so kletter en ons maak hulle skrik dat dit so gons

.... maar die regering sal hulle doodspuit, - ons kan nie sonder blomme bly nie!’

‘Waar bly die regering, Ous?’ Haar oë bly vol gedagte in die lug in staar. ‘Die sprinkane vlie mos oor die hele wêreld. - Hoe gaan hy hulle doodspuit?’

‘Dis sonde om teen die Here op te staan!’ kom die dreunende stem van hulle vader, wat van die voordeur sy twee dogters opgeneem het. Versukkelde kinders lyk mos anderster! Kinders wat gebrek ly sal uit hulselwe in geen blomtuin werk nie. Krissie maak verniet kwessies!....

‘Ja, Pa, dit is!’ stem albei saam en hulle oë vra vir mekaar, wat hulle geen van bei kan antwoord nie; pa is ook al uit die voordeur uit.

Die vader frommel in sy gereedskapkaste. Dis sy kosbaarste besitting. Alles blink van nuwigheid en is sorgvuldig op sy plek. Soms kan hy so lekker sit en wegdink, wanneer hy stuk vir stuk daar uitneem en gewigtig inspekteer asof hy relikwieë in sy hande het. Sy kwaaieste humeur bedaar. Hiermee kan sy verstand bestuur, sy liggaam werk, en hy

die bestaan van sy huisgesin verseker. - 'n Beitel gly vir 'n rukkie suiwer oor die oliesteentjie. Skerp trek sy oë saam met sy duim oor die vlymskerp sny van die glinsterende stuk gereedskap. Meester het heel waarskynlik vir hom 'n werkie. Die ou kan goed betaal, want hy verdien 'n vet salaris elke maand. Wat hy op Fisher se werk verloor, kan hy maklik uit meester uithaal. 'n Ander stuk gereedskap gly nou oor die oliesteen en 'n glans van voldoening bestraal sy wese. Hy hoef nie rond te gaan om werk te bedel nie. Sy werk is goed, al wil die mense dit nie waardeer nie. Sy dag sal egter kom!!

Met dié opbeurende gedagte verlaat hy sy woning, na die skoolmeester toe. Daar makeer iets aan die huisorrel; baie van die tone gaap, pleks van klink. In meester se teenwoordigheid gaan Bredenhand soos 'n geskoolde ambagsman voor die musiek sit en laat sy vingers oor die toetse gly. Die voorkop vol rimpels wys hoe hy peins, en die blik bokant die instrument teen die muur geplak help hom om te dink. Hy het die kwaal nagespeur, ontleed en vasgestel.



Dralende trek hy die skuifklap oor die toetse, skud sy behaarde kop en sê bedenklik:

‘Dis 'n groot werk hierdie, Meester; hy het lelik benoude-bors, en as dit so aangaan sonder doktershulp kry hy asma. Die stoppers werk aan elmboë; hulle kan nie meer die klappe behoorlik teen die fluitjies toedruk nie; party van die tongetjies is af en party is stram van die stof. Die ding is so vuil as 'n dorsmasien, Meester. Dit sal 'n skoonmaak kos van elke onderdeeljie; die hele musiek moet uitmekaar: voorklappe, agterklappe, die blaasbalk, al die toetse; en 'n paar nuwe tongetjies sal ek moet maak.’

‘En wat sal dit dan kos, meneer Bredenhand?’

‘Dis moeilik om dit nou al te sê, Meester. Ek werk maar gewoonlik vir tien sielings per dag en dit sal sekerlik twee dae se werk kos; ek reken een pond sal omtrent reg wees, maar dan sal ek hom garantie, Meester!’

‘Goed, meneer Bredenhand, kom dan maar môre vroeg.’

Die môrelik gly oor die vlakke en vang Sluis se ambagsman met 'n bladsak, waarin die nodige gereedskap is, oor sy skouer, op pad na die onderwyserswoning. Bredenhand gaan in 'n vrolike stemming voorwaarts. Hy hou van die werk wat hom wag; al sy ander joppies sal hy daarvoor opsysit, bewus as hy is van sy musikale talent.

'n Mens moet sy kop gebruik, want dis 'n partiekler werk om so'n huismusiek reg te maak. Fisher moet maar vir eers 'n rukkie wag. Kontant gaan voor skuld indien.

'n Mens kan sy aard nie verander nie! Sonder om die minste bedenking by meester op te wek, kan hy maklik tot sondertoe met die werk gedraai het, al was die net om vir meester te oortuig dat sy skatting van twee dae se werk reg was, en dat hy eerlik sy pond verdien het. Maar hy kry dit eenvoudig nie reg om sy ewe-mens te kul nie. Hy was skaars 'n dag en 'n half met die musiek aanmekaar en een pond het hy speelspeel verdien.... Vyftien sielings gaan op die skuld by Fisher af, dan sal hy, wanneer

sy werkie daar ook klaar is, kiets wees. Die res kan hy aan sy huis bestee.... Tevrede oor homself, vat Bredenhand sy gereedskap bymekaar in sy bladsak. Hy steek sy hoof, regterarm en blad deur die riem toe meester in die kamer kom en vriendelik rondkyk.

‘Ek het gisteraand nie gedink dat jy alles weer op sy plek sal kan terugsit nie; die musiek het die vloer vol gelê. - Dit lyk na besigheid!’

‘Soos u sien, daar staan hy! Hy kan weer brul. Maar hy was lelik verkoue, Meester, en het 'n dokter baie nodig gehad, glo vir my. Nou is sy bors weer oop en die lug kan daardeur blaas tot hy lekker kry! Luister net!’

Bredenhand trek al die stoppers oop en die swaarste geluid wat 'n psalmwys deur die instrument kan deurdruk, vul die huis. Dis graftone na Lambertus se sin en toe hy by die reël kom, sing hy met harde basstem saam: ‘Zijn mij uw huis en tempelzangen’.

Na 'n reeks van akkoorde staan hy swyend op en sy glansende oë vra vir die luisteraar: ‘Hoe lyk dit vir jou, Meester?’

‘Hy klink soos 'n kerkorrel! Jy het 'n dag en 'n half, nie ten volle nie, maar sê maar 'n dag en 'n half daaraan gewerk en dus skuld ek jou vyftien sielings.’

Bredenhand se gelaat word stroef. Hy voel vol argument, maar weerhou die eerste woord, omdat die huisvrou binnekom met die tee en die vriendelike opmerking: ‘Ek het ons orrel nie herken nie; die huis het eintlik gedawer! Drink eers 'n koppie tee voor jy loop, meneer Bredenhand.’

Lambertus voel onklaar vir opposisie. ‘Dankie, juffrou! Ek sal hom speel dat hierdie tafel op sy pote tril!’

‘Asseblief tog nie vir my nie!’ Haar oë glimlag in die van haar man.

En onder die staan en leegdrink word die feit, dat hy vyf sielings somer goedsmoeds gaan verloor, weer prominent vir Bredenhand, wat teësinnig voel dat sy weerstandsvermoë in hierdie sfeer skadeloos is, selfs toe hy die volgende slag ontvang. Met 'n glimlag en 'n gemoedelike stem maak die onderwyser vir hom duidelik dat 'n amptenaar gedurende die laaste helfte van die maand

meesal kort van geld is. ‘Sodra die tjek kom sal ek met jou regmaak, meneer Bredenhand.’

‘Ja, Meester, ek verstaan! - ek wil sê - ek het die geld op die oomblik baie nodig - 'n mens moet maak soos ky kan - ek sal darem klaarkom.’

Lambertus se stroewe gelaat ontplooi toe hy hand gee, dog verstrak dadelik met die wegstap. Onbewus kom sy gestalte regop en sy hoof buig effens agteroor, deur die loskom van die verdronge besef van eiewaarde, wat sy persoonlikheid tragies beheers. Die ewige kwessie tussen dagwerk en stukwerk! Hy het weer aan die kortste end getrek. Dit gebeur so seldsaam as 'n verjaardag, wanneer hy met voordeel stukwerk kan doen. Die mense beknibbel sy dagwerk omdat hy oor hulle verleë is en hulle nie oor hom nie, of uit armoede of vrekseinigheid. Met sy stukwerk kry hy meesal by Fisher 'n kans, maar die Jood beknibbel dit soos 'n stuk beskuit. Hy kom steeds onderkant hulle uit en die krenkende rede is dat hy moet aanneem, wat hom aangebied word. Sy pas versnel

en deur sy gedagte trek die tergende feit van sy afhanklikheid. Dis agteruitgang deur teespoed op teespoed in die boerdery, misoes, geen mark nie, sprinkane, grondbelasting, skuld en uiteindelik die boedel na sy vrou se dood. Hy moes sy grond verkoop, sy beeste, sy wa, sy perd. Hy kan sy gevoelens nie meer onderdruk nie, hul borrel uit.... Gebore en groot geword op Sluis!.... nou bly hy op 'n vergunninkie. Dit was ook so'n verneukslag daardie! Swaer Lewies het alles mooitjies sit en aanskou. Swaer Lewies het gewag tot hy sy slag kon slaan en toe hy slaan, was dit kastig uit jammerte vir die weeskindertjies. Met die kinkel- en konkeldraaie van sy gladde tong het hy hom oorweldig, oorbluf soos hy in daardie dae was, en besitter van sy eiendom geword, vir die helfte van die waarde. Bredenhand voel of hy na reg nou besitter van sy grond moet wees. Hulle is verplig om hom 'n woonplek op Sluis te gee. Hy is die oudste van die Bredenhands en het die grootste seggenskap in die sake wat hulle moeder betref. Hulle moet hom eer! Dis sy reg! - en vandag moet

hy maar ewe geduldig die affronte, grille en grappies van sy ewenaaste verwerk en verduur om in die goeie guns te bly. So is hy verneder! Eergister deur Krissie, flus deur meester.... Krissie sal haar woorde weer moet insluk. Hoekom foeter die familie met verkeerde jammerhartigheid oor gebrek, verwaarlosing en liefdeloosheid? Krissie is die kwaaieste totebel. Laat sy haar eie kinders 'n opvoeding gee en syne vir 'n voorbeeld vat! Syne sal hy oplei langs die ou paaie, waarop hy ook geloop het met die hulp van God.... Hy weet dat hy sy plig doen teenoor sy huis. Die wêreld se beloop bly maar opdraande.

Hy kom nou agter dat sy gedagtes taamlik rond en bont gespring het met homself. Dis darem verspot om so doelloos hot en haar met jouself te redeneer!.... Wat win 'n mens daarby? Die paar sielings sal hom nie arm maak nie.... Sy dag sal nog kom!

Hy hang sy bladsak bo die gereedskapskaste in die kombuis op en sê: 'Bring vir my waswater, Ous!'

### **Hoofstuk III**

Dis 'n veelbelowende môre in Oktober. Gister het die eerste stortbui neergeswiep om die nuwe seisoen onstuimig aan te kondig, dog toe die elemente bedaar, het 'n sagte reëntjie vriendelik neergesak. Die gedagtes swerf oor die groot blokke omgeploegde aarde en die harte is vol dankbaarheid. God seën en verderf; dog die ervaring wil nie in die harte meng nie. Niemand dink aan sprinkane of droogte nie, net aan die arbeid wat vrug sal dra. 'n Nuwe lewe verdryf alle swarmoedigheid en adem blye verwagtinge oor Sluis....

Die lug is toegetrek; 'n motreën val onhoorbaar op die dakke. Al die bewoners het in weerwil van die deinselige lig vroeg opgestaan. Hulle het die son nie nodig om vir hulle te wys hoelank dit dag is nie. - Net in Lambertus Bredenhand se huisie bly dit doods en somber; al die vensters is nog toe. Die enigste bewys van lewe is op die kaal werf; 'n verpotte varksog dowwel in die nat aarde en 'n paar langbeen-hoenders, wat



ry-ry loop, skrap daar vir 'n wurmpie of insek. Daar binnekant bestaan geen dryfveer om liggaam en gees uit die rus te ruk nie. Dis net Ouboet en Koos wat na die skool toe moet en as dit laat is, loop hulle sonder kos; by die skool is gereeld kinders wat 'n orige sny brood saambring; die sopkombuis is mos ook daar en dis seker nou nog baie vroeg. Ousus dommel met die sussende gedagtes deur. Sy begin elke nuwe dag in die woning en dan kom daar pas roering op die slaapplekke.

In die voorhuis se bedompigheid lê twee seuntjies op 'n bulsak, die vader op 'n tweepersoonsbed agter 'n gordynafskorting in die slaapkamer, terwyl in die orige deel Ousus en Klein op 'n kateltjie slaap.

Die grou môrelik gly deur die oop voë van die vensterluike en druk 'n bedrieglike skemer in die huis. Ousus gaan vanmôre deurdommel tot haar vader vir haar roep; dit gebeur so selde. Sy het na die dood van haar moeder byna 'n jaar gelede, alle verantwoordelikheid van die huishoue gedra. Onervare as sy was, het sy 'n pligsbesef ont-

wikkel wat haar vir die moeilike taak gesterk het en net soos haar moeder het sy so goed as alleen gestaan, omdat die vader onbewus te kort geskiet het.

Bredenhand lyk onverskillig omtrent die fisieke toestand van sy kinders. Dis of sy oë steeds met 'n hooghartige blik oor hulle hoofde heengly soos 'n soeklig, en nooit hulleself raaksien nie. Wanneer pyn of siekte of agteruitgang onder sy aandag kom lyk hy streng, soms hardvogtig, gewoonlik vol weersin. Dog in werklikheid is hy dit nie. Daar is 'n onbestrede mag in hom, wat liefdesbetoon of enige weeklikheid onderdruk, terwyl dié gevoelens tog diep in sy gemoed wakker bly; hy kan hulle net nie openbaar nie. En daarom kom sy siel in opstand teen die leuen van liefdeloosheid waarvan die maatskappy hom verdink. Hy sien sy kinders gesond na liggaam en siel, en merk veral dat hulle kop en skouers uitsteek bo hulle porture in Bybelkennis. Selfs Klein kan al partyplekke mooi onthou van wat hy saans vir hulle voorlees en Ouboet kon al aangeneem geword het, as hy nie so jonk was nie.

Bredenhand is vanmôre die eerste wat roer. Hy stoot hom effens hoër in sy kussings op en hoes sy bors oop om met prewelende stem sy eerste gebed te stamel. En die sielsbehoefte is opreg. Wanneer hy ontwaak is sy gemoed onbeswaard, sy gees deemoedig en sy eerste gedagte is vroom, verinnig deur verlange. Sy vrou en hy het die môrelied van dankbaarheid gereeld saamgesing; hy doen dit nog en voel die eensaamheid wat hom vromer en weemoedig maak.

Die hoes en prewel het vir Ousus heeltetal wakker gemaak. Lusteloos staan sy op en begin teësinnig aan haar klere te pluk soos iemand wat tot harde arbeid gedwing word. In die voorhuis skud sy haar broertjies uit die slaap uit. ‘Ouboet! Koos! julle moet nou opstaan!’ Sy stoot die bodeur van die kombuis futloos oop, betrag die bedrywige vark en hoenders vir 'n paar sekondes en voel die lewe in haar liggaam stroom; die vars lug trek soos 'n opwekker deur haar gees en dadelik voel sy so aktief as op haar beste. Nadat sy vuurgemaak en haarself opgeknep het word sy moedertjie. Haar mooi oë ver-

helder onder die werkies, maar verdonker as sy die leë mieliemeelsak langs die gereedskapkas sien lê. Ouboet het gisteraand pap gemaak.... hy kon tog vir haar herinner het dat die meel gedaan is.... pa sal vir haar kos vra.... Hoe bly dit dan so stil daar in die voorhuis? ‘Nee allemensig Ouboet! Koos! Hoekom slaap julle dan weer?’ Dié keer skud sy hulle deeglik; sy hoor Koos kreun en Ouboet nukkerig mompel: ‘Los my!’ .... ‘Ek boender julle netnou daaruit! Staan op!’

Die sorge van 'n moeder hou haar gesiggie ernstig. Brood is daar nie; dis 'n skaarse artikel. Eensklaps verlig die oplossing haar oë. Tant Krissie het gister gebak. Sy kan nie sê dat sy geen brood het nie. As Koosdie melk daargaan haal moet hysommer 'n halwe brood ook vra. Ouboet sleep homself verby na die es toe en Koos volg hom kruppel-kruppel; sy hempie hang nog oor die broek en sy groot gesig staan verdrietig.

‘Wat makeer jou, Koos? Het die miere jou ontstig?’

‘My voet is seer, Ous; ek het gister in 'n

lemoending getrap en nou steek dit tog te vreeslik, Ous!’

‘Maak reg jou hempie.... ek sal netnou 'n ghriespleister opsit.... Dan sal jy die melk moet gaan haal, Ouboet, en vir ons ook sommer 'n halwe brood vra.’

Die vader hef sy môrepsalm aan, 'n kragteloos slepende geluid vol lomerige draaie, 'n gedempte roep om Gods ontferming, heimwee na die hemel waar sy afgestorwene leef, 'n hunkering na liefdeslewe. Hier mis Lambertus meer as ooit sy dierbare aanspraak, wat saam met hom kon voel, wat hom kon verstaan. Dis of hy 'n klag van verlatenheid opstoot deur die roue klanke, en sy gedagtes vermenigvuldig deur sy hartsgevoel....

In die kombuis klink die lied soeter, dog die draaie kom Ousus net half-pad deur; sy moet onderwyl ook die vloere vee. Klein vat die besem verder toe Ousus koffie maak. Gelukkig is daar nog van gisteraand se melk vir pa. Sy bring die koppie koffie vir hom op die bed en sê bedees dat daar g'n krieseltjie meel meer in die huis is nie. - Hy gooi sy koffie in die piering, hou dit effens opsy

van sy mond en kyk vir Ousus met so'n strenge blik aan, dat sy haar oë neerslaan as 'n skuldige persoon.

‘Ek het nou die dag 'n vol sak gekoop! Dra julle dit dan uit die huis uit weg?’

‘Pa moenie vergeet nie dat ons vir tant Krissie hulle 'n emmervol moes teruggee, wat ons daar geleen het en Pa weet self dat ons in die laaste tyd amper net mieliepap geëet het’. Dit is die swak verwyf wat haar sagte stemmetjie uitbring en haar oë kyk verwagter na hom op.

‘Tant Krissie kon gewag het! Jy weet mos dat hulle altoos oordadig in hulle huis het’. Met die wegstep durf sy nog sê: ‘Maar ons moet ons pad oophou, Pa!’ Haar pa se onbillikheid verwek 'n beskroomde teëstand, en die besef dat sy die versorgster is, verskerp haar moedergevoel. Tant Krissie moet vanmôre alweer help en wat omtrent die melk?

‘Ek sal vandag 'n plan maak!’ hoor sy agterna. Sy salige gevoel na die môresang is ongenadig deur Ousus se herinnering versteur. Die aarde het hom al te gou gegryp.

Sy humeur vleg deur sy liggaam op en prikkel sy gemoed om orals fout te soek. So kan sy lewe nie aangaan nie. 'n Kind het g'n oorleg en deursig nie! 'n Moeder sou geweet het wat om te doen!....

Sy groot gestalte verskyn in die kombuis en die seuntjies sê skroomvallig: 'Môre, Pa!' maar hengel al om Ousus na sy kortaf: 'Môre'! omdat hy Klein opsy stoot, wat vir hom 'n soen wou gee. Dadelik het hy egter berou daarvoor gevoel, maar om dit vir 'n kind te wys.... Hy vat sy tweede koppie koffie en 'n sny brood van die skinkbord af, asof dit 'n alledaagse gebeurte is. En toe Ouboet verleë voor hom kom staan met 'n duidelike vraag in sy oë, sê hy gestreng: 'Praat, kêrel, praat!' Ouboet skraap al sy moed bymekaar. 'Pa, Oom Lewies het gesê dat pa asseblief 'n bietjie moet oorkom.' Ouboet wil inmekaar krimp onder sy vader se plotseling flikkerende blik en barse vraag: 'Het hy nie gesê wat ek daar moet kom haal nie?'

Hy antwoord amper of hy wil huil: 'Nee, Pa, Oom Lewies het net gesê dat pa moet

oorkom asseblief!’ Ouboet trek terug na die beskerming van Ousus toe. Bredenhand se hart klop heftiger. Hy het swaer Lewies se huis gemy na Krissie se uitval op hom. As Lewies hom dan so noodsaaklik moet sien kan hy dan nie die halwe myl oorstap nie? Hulle hou hul daar oorkant soos hoë mense, wat neersien op 'n ander, en Krissie matig haar die hoogmoed aan om vir hom te verkleineer! Sal hy vandag nog agter hulle aanloop? Onwillekeurig betrag hy die spannetjie daar voor hom en sy vaderskap groei.

Ous gee vir haar broertjies elkeen 'n sny brood. Hulle het vanmôre goed geëet. Klein lyk al soos 'n moedertjie vanself. Gawe kinders almal, soos hulle daar staan. Waar is die versukkeldheid? Hulle moeder was ook maar tingerig en tog het sy nog drie dae voor haar dood die huis se vloere self gesmeer. Hulle is g'n blokke nie, maar taai en eerbiedig. Dis net Koos wat vanmôre effens pieperig lyk.

‘Koos! hoe lyk jy dan so knieserig?’

Die outjie kry 'n sieklike glimlag oor sy pynlike groot gesig, wat rooi word van verleë bangheid. Hy wikkel selfs sy lyf agter



Ousus in en laat sy swaar hoof teen haar hang. Ousus spring vasberade vorentoe. 'Pa, Koos kan nie skool-toe gaan nie; sy voet is seer!'

'Laat ek sien!' - Hy trek die griespleister af wat Ous vanmôre opgesit het. 'Ek sal die doring vanmiddag uithaal, Koos; dis nie te erg nie, jy moet maar loop. Ek verdra g'n lammervanger oor my drumpel nie en as jy vandag uitbly is hy Maandag hier. Hulle aas mos op 'n kind wat uit die skool bly. Trek julle baadjies aan, die reën sal julle anders natmaak, al val hy soos 'n baster dou!....

Lewies het hom laat roep nè? Hoewel hy vol kwessies is teenoor Lewies-hulle daar oorkant die spruit, lê op die bodem van sy hart tog die behoefte aan hulle vrindskap, wat net deur koppigheid daar gehou word. 'Hê jy nie dalk gehoor wat jou oom wil hê nie, Ous?' Sy weet van niks en was met Klein in stilte die skottelgoed.

Hy stap na buite. Die frisheid stimuleer sy gees tot verset. Gewend om blindelings gehoorsaam te word in sy huisgesin, is dit vir hom moeilik om self te gehoorsaam. Hy voel

wel dat hy oorkant-toe moet gaan, dog hy wil om die dood nie wys dat hy verleë oor hulle is nie. Hy eerbiedig slegs spontaan en sonder argument die Hoogste gesag. Swaer Lewies - hulle moet hulle nie verbeel dat hy agter hulle aan sal loop nie. Omdat hy 'n privaat possak het, en die grootste deel van Sluis besit, dink hy dat hy god van kafferland is! Hy kan maar wag! - Eers gaan hy nou sy ou moeder môre sê....

Sinds haar weduweeskap woon mevrou Bredenhand by haar jongste seun Sarel in, ofskoon sy soms wekelank by Krissie kuier. Daardie huisgesin is egter effens te luidrugtig; die geaardheid is so geheel anders as wat haar opvoeding was. Sy voel haar meeste tuis by haar skoondogter Lena, al het dié soms ook 'n haastige humeur.

Elke môre kom Lambertus haar gereeld 'n besoekie bring en sy is verwonder dat hy nou so laat is. Die weer het hom sekerlik gehinder. Die arme pakesel kry darem swaar.... Haar ou moederhart is onuitputlik om vir haar oudste kind se gedraginge 'n uitleg of verskoning te vind. Sy kan geen tekort-

komings in Lambertus sien nie, en wanneer sy hulle opmerk dan sal sy moederlik met hom onder vier oë daaroor gesels, want sy is hoogmoedig op die begaafte van haar kinders; hy is so vernuftig as sy oorlede vader was. - Die grootste genot van sy teenwoordigheid smaak sy Sondae wanneer hy om haar ontwil kom boeke-vat. Dan herleef haar gees die ou tye van haar huweliksgeluk. Sy word getroos en Lambertus se gebed salf haar siel. Hy lees so duidelik; sy stem is soos die van 'n leraar en hy lees so na die komma nes sy oorlede vader. Kompleet dieselfde vernuf en handigheid met die gereedskap, - en die werk van haar oorlede man was volmaak! Dat die mense hom so swak betaal is onkristelik; hy werk tog hard en is gedurig op sy voete.... Sy wag effens ongeduldig op sy koms in die agterhuis op 'n gerieflike lae veldstoel wat hy ook vir haar gemaak het, en kort-kort verneem sy of hulle hom nog nie geware nie, tot ergernis van haar skoondogter Lena, wat die gereelde besoeke net pure tydverspilling beskou. Sy sal vir Sarel verwilder as hy so sou maak. Haar man

ken gelukkig tyd se waarde. Sy hoop om voor Krissie-hulle groente te hê vanjaar. Maar dié liewe Lammie kan g'n tyd vind om 'n tuintjie om te spit nie. Hulle sal maar weer hulle oor die halwe weeskindertjies ontferm en baie deur die skêr se oog laat val. - Hoekom pak hy nie liewerster sy gereedskap op sy rug nie en stap die wêreld in om werk te soek, al is dit waar! Deur hierdie kuiergewoonte van hom bly sy maag vol kos, terwyl die arme magies tuis opgeblaas word met mieliepap.... Hier kom die ou nogal so ewe haastig.... 'n mens sou sweer dat hy te laat vir die sinode is.

‘Môre, sus Leen! Julle is al op? Ek dag ek kom kry julle nog in die kooi, toegetrek onder die kombers soos die son agter die wolke!’

‘Ons het die son nie nodig om vir ons te wys hoe lank dit dag is nie, boet Lammie.’ Sy sê dit vrindelik want hy is tog hulle ouboet.

Hy voel die steek nie eintlik nie, maar stap met 'n bedrukte gesig na sy ou moeder toe en groet haar eerbiedig. ‘Hoe gaan dit nog met moeder?’

Sy trek die tjalie digter om haar skouers; die lug is effens te koel vir haar vanmôre. ‘Lena, jy kan gerus die agterdeur toemaak, my kind!’ Sy wink hom op die stoel langs hare.... ‘Nee, Lammie, ek voel deur die Goedheid nog gesond!’ en vra belangstellend na die kindertjies. Die skerp uitvalle van Krissie oor haar Lammie en ook Lena se seël daarop het haar droewig gestem.

‘My liewe moedertjie, dit gaan met hulle nog gelukkig goed deur die Goedheid van onse Vader; daar is niks te klae nie; hulle is gesond en eet hulle elke dag nog dik. Kosie was vanmôre effens knieserig oor 'n doring in sy voet.’

‘Jy moet tog maar al te mooi na Kosie kyk. Daar kan dalk kwaad inkom. Jy weet mos dat ek al te gek na Kosie is!’

‘Nee moedertjie, Ma is verniet bekommerd om hom. Ek sal die doring vanmiddag uithaal, dan sal die ghriespleister hom effens losgetrek en saf gemaak het.’

‘En verder gaan dit goed?’

‘O, ja my mammie, niks te klae nie, deur die Goedheid gaan dit eersteklas!’

‘Maar weet jy watter praatjies hier rondgaan, juis oor jou kindertjies, boet Lammie?’

Sy bedrukte onderdanige houding slaan skielik oor na heftigheid. Vinnig draai hy sy groot kop met skerp oë na Sus Leen en sê bitsig: ‘Die wat agter my praat is my volk!’

‘Ek wil darem sê, boet Lammie, praatjies maak gaatjies, en dis vir ons baie pynlik om hulle aan te hoor.’

‘Wie is ons, sus Leen? Jy meen die praatjies lê die hele wêreld vol. Ek steur my nie aan hulle nie.’

‘Los hulle maar, boet Lammie, maar ek wil jou aanraai om in die belang van jou en jou huisgesin uit te spring. Ons sal wel kyk dat hier niks verkeerd met jou kinders gebeur nie.’

Hoewel Lambertus bedaard skyn, begin die moeder onrustig te word. ‘Lena, bly tog stil, my kind, al daardie kaf bring net ergernis en sonde!’

‘Ek weet wie die ergernis begin het,’ sê Lambertus taamlik bedaard maar heftig vervolg hy: ‘Sus Krissie het my 'n ruk gelede gruweloos beledig, en dis sy die!’

‘Stil my kind! Krissie is 'n Bredenhand! Jy is maar net so! Julle moet mekaar verdra!’

‘Maar sy praat oor so baie waar sy geen rekenskap van kan gee nie. Ek het dan g'n liefde vir my kinders nie; ek behandel hulle soos honde, - ek is erger as 'n hond! Dis reg!.... Moeder moet my nou goed verstaan, ek vertroetel en bederwe myne nie soos sy met hare doen nie, - ek bring myne op in onderdanigheid, om eerbied vir die ouer mense te hê en bo alles om God lief te hê.... Ons lewe maar tydelik op hierdie aarde, Moeder!’

Hy stop sy pyp met stadige wysvingerskrape uit sy tabaksak uit en kyk sy bewoë moeder aan, wat met geboë hoof onder die indruk gekom het. Sy skerm vir haar twee oudstes en bid dat die liefde bewaar mag bly....

‘Lena, bring tog vir jou ouboet 'n koppie koffie en 'n sny brood, my kind!’

Terwyl haar dogter in die kombuis werskaf, gee die moeder vir haar oudste seun 'n sieling. - Sy ontvang gereeld 'n bedraggie

van die kerk. ‘Jy moet maar vir jou kindertjies 'n stukkie vleis koop, Lammie, my kind, en kyk tog mooi na Kosie.’

‘Ja dankie, Moeder, ek sal! Met 'n swaar sug steek hy die geldstuk in sy onderbaadjiesak en kyk afgetrokke deur die tabakrook.... Sy pyp kom op die tafel en die piering op die punte van sy linkerhand se vingers; hy doop die brood in die koffie en hap groot byte uit die dik sny. Onder die gekou kry Lambertus se gesig 'n pynlike trek en sy oë staar na die voetstofie van sy moeder.

‘Wat hinder jou, Lammie? Jy lyk vanmôre vir my so ontroer in jou gesig.’

Haastig kyk hy op. 'n Flou glimlag kruip weg in die kiewels van sy baard. ‘Nee, Moeder, dis sommer moeder se verbeeldentheid .... Ek dink nou net oor swaer Lewies. Hy het my mos vanmôre laat roep.’

‘Jy moet maar gaan my kind; altemit het hy 'n werkie vir jou om te doen.’

‘Ek sal hom vandag wel bykom, Moeder; ek is nie haastig nie.’

‘En wat gaan jy vandag werk, Lammie?’



‘O, Moeder, ek het te veel te doen om op te noem. - Sus Leen dink altemit dat ek stilsit. Ek sal maar net effens aanstip van wat vir my staan en wag. Die sersant het my laat roep om die perdestal 'n sementvloer te gee; my tender is in. Ek moet 'n stel stoele maak vir iemand op die dorp, met gedraaide pote. Dit beteken ek moet spesiaal vir my 'n draaibank maak en spesiale beitels daarvoor kry; want dit moet juis fyn riwwe oor die pote wees. Ek kan dit doen, Moeder. O ja! dis maklik! Maar moeder moet nou goed verstaan, dis neën-en-twintig pote vir ses stoele en 'n rusbank, want die rusbank moet vyf pote kry en elke poot moet akkuraat net soos die ander een wees en van swart stinkhout gemaak. Daar lê nou juis my moeilikheid, Moeder; ek het nie swart stinkhout nie en waar is die geld om dit te koop? Werk genoeg, Moeder!.... dis onkans wat my in die pad steek!’

‘Ja, Lammie, ek verstaan, maar jy moet tog maar 'n plan maak, my kind! Laat ek vir jou die goeie raad gee, my kind. Loop nou direk oor na Lewies-hulle toe. Moenie

vir die duiwel 'n plek tussen julle gee nie.'

'Wel, Moedertjie, ek sal dan maar oorstep soontoe, maar ek wil reguit sê dat ek nie haatdraend is nie; ek voel net bitter beledig; hulle sal waarskynlik al vergeet het wat hulle gedoen het. Ek sal maar loop, Moeder.... As elke mens na homself kyk, dan sal ons op Sluis nooit hoor van sonde nie!'

## Hoofstuk IV.

Oorkant die Sluisloop, soos 'n duisendpoot op die voetpad, net so eienaardig as die koppie duskant, rus 'n rantjie op die vlakke en daarteenaan val die opstal van Louis du Toit dadelik in die oog.

Jare gelede het hy 'n agentskantoor in die dorp gehad. Na die wêreldoorlog het hy sy standplaas na Sluis oorgebring. Deur sy huwelik met Krissie het hy die eiendom verwerf en die grootste grondbesitter van Sluis geword. Hy ontvang Lambertus in die stoepkamer, wat hy sy kantoor noem.

Die kleiner gestalte, effens grys bokant sy ore, met 'n kortgeknipte skimmel moestas, toon 'n natuurlike hartlikheid. Tog klink dit verwykend: 'Jy stap mos hier verby die laaste tyd, ouboet. Ek moes jou maar laat roep, want anders word jy soos 'n vreemdeling.'

'Ek moet van jou verskil, ou swaer! Die aantreklikheid moet van weerskante kom. Die distansie tussen ons is vir jou net so ver as dit vir my is.'

‘Reg, ouboet! maar die gewoonte het my bederwe. Jy het amper elke dag hier aangekom. En toe jy skielik ophou was dit vir my snaaks.’

‘Dis maar die wêreld se beloop, ou swaer!’

Vol wrewel het hy oor die halwe myl gestap, maar hier in die armstoel voor sy openhartige swaer klim 'n swak gevoel van skuld in sy gewete en hy vervolg met 'n verskoning waaroor hy skaam voel: ‘Ek kan my draaie nie kry nie!.... Die werk wil my toedam maar die oorloop is te laag.... Die weer is gunstig, nè? Gaan jy baie mielies plant vanjaar?’

‘Soveel as wat ek in die grond kan kry .... Generaal Kemp gaan die sprinkane met alle mag beveg. 'n Mens kan hulle vanjaar uitskakel.’

‘Dit is ook so: die bedenkinge van die mense is vyandskap teen God. Dink jy nie ook so nie, swaer Lewies?’

‘Hoe bedoel jy nou weer, ouboet?’

‘Ek meen dat dit 'n verkeerde ding is om die raadsbesluite van die Here teë te werk.’

Du Toit antwoord met 'n hartlike lag: 'Ek glo nie dat jy meen wat jy daar sê nie. Wil jy dan altemit lê en doodgaan as jy siek word? Jy dokter mos! Wanneer die vlooië jou pak, sal jy nie probeer om die laaste ou vlooitjie dood te knip nie?'

'Natuurlik ek sal; maar verstaan my goed! Daar is 'n groot verskil tussen siekte en 'n landsplaag. 'n Landsplaag kom soos 'n spesiale straf van die Hoërhand; ons moet daarin berus; ons moet die kastyding eintlik liefhê. Die gevolge van ons sonde moet ons dra; 'n dief kry tronkstraf en as hy probeer om te ontvlug dan kry hy dit dubbeld.'

'Nee, boet, jy praat nou deurmekaar en verwar die sake. Wanneer die boerderybedryf krank is, dan moet ons die oorsaak daarvan probeer wegneem. Diewe maak die maatskappy krank; hulle moet uit die pad uit. Selfbeskerming is 'n deug en of dit nou 'n persoon of 'n plaasgemeenskap of 'n staat is, wat homself moet beskerm, dit kom op dieselfde neer. Maar ek wil jou die vraag stel: Sal jy help doodspuit as die voetgangers uitbroei?'

‘As hulle my betaal, of as die regering my kommandeer, ja al te seker, swaer, ek is tog maar 'n dagloner; die werk en die gevolge van die werk kom op rekening van die persoon wat my huur.’

‘Dan is die wêreld reg,’ besluit du Toit met 'n veelseggende glimlag. ‘Maar ek het jou laat roep om oor 'n belangrike saak te gesels - wag net so'n oomblikkie, want ek wil in Krissie se teenwoordigheid met jou praat.’

‘Is dit dan so noodsaaklik dat sy daarby moet wees?’ Bredenhand het al sy griewe teen die du Toits vergeet. Hier by sy swaer met sy beminlike maniere voel hy soos ouboet Lambertus, wel op sy hoede, effens agterdogtig, maar sonder openlike kwessies. Vir Lewies se stil persoonlikheid koester hy 'n heimlike waardering, amper vrees om vertroulik te praat oor wat hom daagliks in sy allenigheid soms kwel; maar nou Krissie by moet kom.... sy suster, wat hom as haar ouboet moet respekteer, en nou die ander dag weer so gruweloos beledig het, nou leef die griewe in sy binnenste op. Sy hou haar soos

'n voog oor hom en hy is mos g'n kind om deur haar bestraf en gekritiseer te word nie....

Du Toit het weer gaan sit; 'n vraag spreek uit sy oë, sterk op Lambertus gevestig, wat swakkerig vervolg: 'Om jou die waarheid te sê het ek 'n aksie teen haar! Krissie is soos 'n stofwolk voor 'n donderstorm; sy maak die aarde donker voordat dit eintlik begin te reën.'

Louis se wese word vriendeliker. Sy vrou het hom van die woordskermutseling vertel. Die Bredenhands het opvliegende humeure, vernaamlik wanneer hulle gekrenk voel; maar Krissie het alweer geglimlag toe sy hom van die patalje vertel. Sou dit die rede wees waarom Lambertus sy huis gemy het? 'Dis gevaarlik, ouboet. In enige aksie wen 'n vroumens dit altoos van 'n man. Wat het Krissie dan so danig gesondig?'

'Jy neem dit te lughartig op. Ek nie, ek meen dit ernstig wat ek sê' beweer Lambertus met 'n skyn van 'n glimlag in sy eenkwart skimmelbaard. 'Sy het my bitter seer gemaak en my aangespreek asof ek 'n geweten-

lose vabond is. Ek verseker jou dat ek net lelik sleg gevoel het daaroor. Ek is g'n klip nie, maar haar ouboet, swaer Lewies!’

‘Julle Bredenhands is soos 'n winterveld waarin 'n vonkie val; 'n nat streepsak slaan die vuur met een hou dood! Jy voel nou nie meer sleg oor daardie nonsens nie, ouboet! Ek gaan vir Krissie roep! Julle kan dan sommer afmaak!’

Dit klink bevelend. Lambertus was te diep gekrenk om deur daardie paaimaniere van Lewies sy gemoed te sus. ‘Sit eers en luister! Belowe my dat jy met Krissie sal praat!’

Du Toit word ernstig. ‘Ek wil nie vir jou seermaak nie, Lambertus, maar ek glo dat jy te fyngvoelig en te agterdogtig is.’

‘Nee, swaer, hoegenaamd nie, maar Krissie praat losweg van dinge en sake waar sy totaal buitekant staan. Jy moet haar onder die aandag bring dat sy haar woorde moet weeg.’

‘Hoe bedoel jy?’ In sy verwonderde oogopslag skemer 'n skyn van verontwaardiging. Sy vraag is so beslis dat Lambertus soetsappig word.



‘Ek meen maar net dat sy my baie seergemaak het met haar uitlatings.’ Hy kan geen konkrete feite op die oomblik bymekaar kry nie. ‘Dit sal my laaste gedagte wees om my met julle huislike lewe te bemoei en ek verdra ook nie dat sy haar met myne inlaat nie!’

‘Nou verstaan ek dit glad nie!.... Jy meen dat Krissie haarself heeltemal moet verander, haar gevoel en liefde moet sy onderdruk en onverskillig word vir jou en jou kinders? Pleks dat jy dit waardeer, Lambertus, wanneer sy openhartig, wat in haar gemoed is vir jou sê. Jy behoort dankbaar te wees dat 'n vrou soos Krissie, jou eie bloedsuster, 'n oog oor jou kinders hou. 'n Vrou sien baie dinge raak waar ons mans geen oog voor het nie.’

‘Ek meen dit glad nie dat sy haar moet onttrek nie! A nee! Ek is maar te dankbaar bly dat sy haar so dikwels oor my kindertjies ontferm; wat sou anders van hulle geword het so sonder 'n moeder? Ek doen so wat ek kan vir hulle, wat ek kan bybring, bring ek; ek voed hulle op na my vermoë en

my beste oortuiging en dan voel ek regtig seergemaak wanneer die mense met hulle aanmerkings en kritiek aankom en ek van die praatjies hoor wat van my liefdeloosheid rondgaan. Toe my vrou gelewe het was daar nooit so iets nie en ek sorg tog maar net soos vroeër. Dis die gemis, ou swaer, wat dit veroorsaak. Ek voel dit al te dikwels in my allengheid; 'n huis sonder 'n moeder gaan te gronde. Ek sê vir jou' - 'n diep sug hik sy boesem uit - 'ek mis my oorlede vrou baie! baie! My lewe is nie aangenaam vir my nie. Dis 'n kruis, ou swaer! Dis 'n kruis! - Roep maar vir Krissie!'

Du Toit voel geroer. 'Jy het ons volle simpatie, ouboet! En Krissie stel soveel belang in jou kinders, dat ek juis op haar versoek jou vanmôre laat roep het. Ons wil met jou praat oor hulle en daarom moet sy daar bywees.'

Lambertus kan teen wil en dank 'n swak gevoel van verset, deur du Toit weer opgewek, nie onderdruk nie, toe hy alleen daar sit. Dis 'n bemoeisug met sy sake waarteen sy gevoel van eiewaarde bots. Lewies het hom

gewen met sy vriendelike maniere om kwessies op te los. Hy voel egter te hooghartig om die swakheid te erken; hy kan sy man staan ook teenoor Lewies en baie maklik teenoor sus Krissie.

‘Môre, ouboet! Ek is regtig bly dat jy oorgekom het!’ Sy groet hom met 'n soen. ‘Ons moet die struweling van die anderdag maar vergeet. Daar is genoeg moeite in die wêreld om nog ons lewe ongelukkig te maak oor klein geskilletjies!’

‘Ja, maar ou suster, jy is partykeer darem al te skerp met jou tong en 'n man...’

‘Ek sal die tong-van-my se punt dan maar moet afsny, ouboet!’ val sy hom laggend in die rede. ‘Ek wil g'n oorsaak wees dat daar kwaai-vriendskap tussen ons bestaan nie. Maar luister! Ons wil vir jou help!.... ons meen dit wel met jou, ouboet! Jy wil dit altemit nie glo nie, maar julle swaar gaan ons seer ter harte! Daarom het Loewie en ek besluit om jou Kosie by ons in die huis te neem. Wat dink jy van die plan?’

Hoewel die gevoel van teenstand nog in hom roer, het die goedheid van Krissie en

Lewies hom weekhartig gemaak. Sy suster haar woorde kom te rats vir sy positiewe om 'n gedagte, wat sy gevoel kan vertolk, uit te dink. Hy is bewus dat hy 'n lamleedige antwoord gee. 'Ek sal met Koos praat, sus! Jy weet dat hy maar 'n eenkant geaardheid het.' Sy taal kom losser en strook meer met sy gevoel.

'Kosie sal moeilik met julle span saamstryk; nie dat die fout by julle s'n lê nie; maar my span word so anderster as julle s'n grootgebring. Ek meen daar niks verkeerds by nie; maar ek is aan dié kant nog van die ou soort; ek wil my kinders nog in die ou paaie probeer hou!'

'Maar, ouboet, jy kan tog niks van my kinders se opvoeding sê nie?' val Krissie effens vinnig in, sodat Lewies voel dat dit nou sy beurt is. 'Gee hom 'n kans, Lambertus! Ek weet wat jy bedoel en jy is heeltemal reg! 'n Kind kan hom egter baie gou aanpas by 'n ander omgewing en vir Koos sal dit die beste wees.... Hy is nie sterk nie; vir 'n boer, of ambagsman soos jy sal hy nooit deug nie; maar ons sal hom laat leer, sodat hy

later 'n gawe posisie in die maatskappy kan beklee, as die Here se wil daarby is. En dit is alles werd vir jou en vir die kind, nie waar nie? Sy toekoms!’

‘En ons sal hom vat as een van ons eie kinders, in niks sal hy gebrek ly nie!’ vul Krissie aan. Die tabakrook wat bokant Bredenhand se massiewe kop uittrek, word witter en kleiner en haastiger. Hoekom lol Krissie alweer oor gebrek? Sy posisie is ongemaklik. Die mense is te vriendelik; dis alles pragtig mooi, maar hy, as vader, sal sy seggenskap oor sy seun verloor.... 'n vreemdeling vir sy eie kind word so te sê!.... Hy kan die mensliewende swaer en suster ook geen aanstoot gee nie.... Krissie moes die woord van gebrek nie gebruik het nie; sy kruip weer onverstandig in sy sake in.

‘Ons verstaan dat dit vir jou baie moeilik gaan om hier gereeld geld te verdien en wanneer jy dalk eendag moet uitspring om 'n vaste verdienste te soek, dan sal jy altemit lank van die huis af moet bly. In dié geval loop alles teen Ousus aan, en Koos het die meeste versorging van julle alger nodig.

'n Mens kan van Ousus nie verwag dat sy al die sorg van 'n moeder kan dra nie, is dit nie so nie, Ouboet?'

Hier kry Lambertus gelukkig 'n aanknopingspunt vir sy argument sonder om vir hulle seer te maak. Sy rug en blaaië word vierkantig, en selfbewus kyk hy vir Krissie met 'n skalkse glimlag in die oë. 'En wie sê vir jou, sus Kris, dat my huis altoos sonder 'n moeder sal bly? Ek hoop tog nie om gedurig so allenig my lewe, sonder aanspraak deur te bring nie!'.... Sy gelaat herneem 'n stroewe trek. 'Maar ek bly julle dankbaar; ook vir die besorgdheid wat julle oor my kindertjies gevoel; julle bedoelings is sekerlik opreg; maar moenie die sake oordryf nie! Ek gee julle die versekering dat my kinders nie verwaarloos word nie. Ons leef wel armoedig, maar hulle eet hulle mage trommelvol en klere het hulle genoeg....'

Du Toit het sy Kaffer met die possak sien aankom. Hy voel ontstem omdat Lambertus so verkeerd is.... eiesinnig!.... hy maak sy kop hard.... los hom maar. Lewies verlaat die vertrek om die possak te ontvang.

Krissie is ook teleurgestel; baie van haar geesdrif is weg. Ouboet moet sy kop maar stamp. 'n Tweede vrou!.... Waar sal die sorg en liefde vir die arme goedjies dan belande? 'Maar sê nou, ouboet, dat jy een van die dae weer vir jou 'n maat gaan vat.... 'n stiefmoeder is tog nooit 'n eie moeder nie, en Kosie het baie liefde nodig, dit kan ek jou verseker. Maar jy is hulle vader, jy moet self weet wat die beste is!'

'Hier is 'n brief vir jou Lambertus en dis nog al 'n in-diens-brief. Wat se besigheid het jy dan met die Goewerment?' Hy knipoog vir sy vrou en hulle glimlag skelmpies vir mekaar. Lambertus bekyk die groot envelop met verbasing. 'Wat die drommel wil die regering van my hê? Ek voel maar wild vir sulke briewe!' Hy word ineens so opgewonde dat sy hande bewe. 'Jong, hoe die drommel verstaan ek dit dan nou?' Sy hart bons in sy keel en na 'n afsluk vervolg hy.... 'Lewies dit lyk vir my net danig na 'n aanstelling as sprinkaanbeampte hierdie!'

'My mapstieks! veels geluk, ouboet!....

Verskoon my net 'n rukkie.... ek moet die pos afgee.'

En Krissie soen hom op sy voorkop, terwyl hy sprakeloos daar sit.

'Die ander dag het jy mos kwaad geword! Maar nou gaan ek die geheim vertel, boet Lammie! Loewie sou sekerlik die aanstelling gekry het; hy was so goed as benoem, maar toe wou hy dit nie aanneem nie, omdat hy jou die kans wou gee en hy het toe vir jou net sterk aanbeveel, en hier is jy nou vandag ons sprinkaanbeampte, Ouboet.... Nou sal jy binnekort jou hande vol hê. Na hierdie reën sal die voetgangers vol oor die vlakte uitbroei; en dan sal jy dae agtereen van jou huis af weg wees.... Ek dink dat jy Kosie maar by ons moet bring, of hoe sê jy?'

Hy is oorweldig! Sonder argument kan hy slegs met gebroke woorde sy toestemming gee. 'Krissie, my sus!.... ek bly julle dankbaar! Ek sal laat ons sy goedjies, ek meen sy klere agtermekaar sit....'



## Hoofstuk V

Du Toit druk hom hartlik die hand. ‘Jy moet die safte plekkie vir die sprinkane in jou gewete maar hard maak, Ouboet!’

‘Soos ek vir jou gesê het ag ek dit verkeerd om die plaag te bestry; maar as hulle my daarvoor huur, dan moet die regering hom verantwoord. Ek word net 'n loontrekkende amptenaar en moet my owerheid dien; dis volgens die Bybel. Ek sal my werk deeglik doen.... Tot siens!’

Die eerste vyftig tree stap Bredenhand met 'n vaart asof sy nuwe werk hom jaag, so onder die oë van die twee daar op die stoep; dog gaandeweg bedaar hy en begin sy posisie te besef. Hy was sy selfbeheer so'n rukkie kwyt. Die woorde het sy mond ontsnap; hy kon nie behoorlik dink nie. Hierdie aanstelling het ook te onverwags op hom afgekom. Nou kan hy weer wik en weeg en deurdink. Hy word oor sy swakheid ontevrede. Flus was hy paphartig soos boet Sarel voor sy troue. Krissie was

soos 'n ouer suster wat haar boetie deur sy skoolwerk help.... Na reg het hy nou verpligtings teenoor swaer Lewies-hulle; hy voel dat hy sy vaderskap vir 'n baantjie verkwansel het, en dat dit boonop van hom verwag word om dankbaar te wees.... Sy persoonlikheid is gedaal; die hulp verneder hom en hy het die hulp tog nie nodig nie.... vernaamlik nou nie! En teen die vernedering stoot die onderstroming van sy gemoedslewe 'n kompleks van eiewaarde, onafhanklikheidsgevoel en trots. - Krissie-hulle mag om die dood nie merk dat hy hulle as sy weldoeners beskou nie.... En toe hy tot die konklusie kom voel hy meer tevrede en gee sy gedagtes oor aan die aanstelling, wat sy verdrukke eiewaardigheid laat ervaar. Die benoeming gee hom die mag om elke boer in sy afdeling op te roep, wanneer daar nood is, soos 'n veldkornet sy burgers in tye van gevaar.... Selfs swaer Lewies staan onder hom.... Die praatjies oor gebrek en al dié kaf sal nou ook 'n end kry. Met 'n sekere inkomste elke maand sal die versorging van sy huisgesin makliker gaan

.... Ousus het mos gepraat oor mieliemeel.... Dan maar eers na Fisher toe om alles te bestel wat hy vir die huis nodig het. Die Jood sal sy oë uit sy kop uitkyk; want hierdie slag is hy nie verleë nie; hy kan nou order! Alles kan hy nou op skuld kry; die waarborg om te betaal dra hy in sy sak.

In sy gewone stugge houding, wanneer hy met Lambertus te doen het, ontvang Fisher die man wat al die ambagte ken en tog sy swakste klant is. Bredenhand kry net krediet wanneer hy 'n werk vir hom verrig en die winkelier se gewone vraag: 'Wat kan ek vir jou doen?' klink amper kwetsend. So voel Lambertus dit vanmôre; vroeër het dit hom nooit so danig opgeval nie; hy is nou fyn gesnaar en die houding van die Jood hinder hom.... Hy is nie oor hom verleë nie! Fisher is mos nie die enigste winkelier op die wêreld nie!.... Op die dorp is alles baie goedkoper as hier op die platteland.... Wat sal hom belet om 'n kar en perd vir hom aan te skaf? In 'n halwe dag ry hy dorp-toe en terug! Fisher moenie te gerus vir hom wees nie! Hy sal nog na sy

klandisie vry!.... Bevelend vra die beampte: ‘Hoe staan jy dan vanmôre so uit die haak uit Fisher, asof jou brandkas oopgebreek is? Jy moet mos ook bly wees dat dit reën, man! Die boere kan mos nou ploë en geldmaak en vir jou betaal! As ek jy is sal ek vandag net in my skik wees!’ Die Jood se amper oorbluf-verwonderde oë het hom 'n stil genot gegee en hy kry lekker - wyl hy luister: ‘Jy lyk vanmôre uit die haak uit! Die reën het seker vir jou geluk gebring, want jy is al te opgewek!’ sê Fisher met 'n gemaakte lag, want hy voel kiewelrig. ‘Die boere kan ploë, ja, maar vir die sprinkane saai! Wanneer sal hulle vir my betaal?’

‘Die sprinkane is uit die kwessie uit; hulle sal die gesaaide nie kry nie, Fisher; die oes is jounes! Maar, kyk hier, ek wil hê dat jy nou op die daad 'n sak meliemeel en 'n sak boermeel na my huis toe opstuur; hulle het dit baie nodig daar! en twee sielings se vleis.’ Die geldstuk van sy moeder kan hy vir sakgeld hou, dis min genoeg!

Fisher is dronkgeslaan. Hy voel die nei-

ging om vir Bredenhand 'n afjak te gee, met sy bluffende houding. So'n bankrotte 'Jack of all trades'! Hy sal hom maar inbind, sy kant skoonhou. Met 'n kille spotlag kom hy by Lambertus voor die toonbank staan. 'Jy kan alles van my koop, alles, my besigheid ook; solank as jy net die geld daarvoor bring.'

'Het ek jou al ooit verneuk?' vra die beampte hooghartig.

'Ek sê nie so nie; maar opskryf doen ek nie; jy weet mos dat jou werk jou rekeninge betaal en nou is hier geen werk vir jou nie. As ek skuld gee dan moet ek sekuriteit daarvoor hê!'

'Nee, Fisher, nou maak jy 'n groot fout. Die mense wat al soveel jare met jou handel, moet jy tegemoetkom, dan koop hulle altoos meer. Jy maak nou 'n groot fout!'

Die winkelier slaan hartlik laggend Bredenhand op die skouer. 'Jy kan my niks leer hoe om besigheid te drywe nie. Ek het groot geword in besigheid. Goed, jy kan koop, tot twintig pond toe, Bredenhand, as jy net 'n brief van meneer du Toit saam-

bring. Kom bring vir my 'n waarborg en ek sal jou skuld gee, soveel as jy wil hê, dit maak g'n saak nie!’

Toe kry die beampte die bevestiging om sy aanstelling te toon. Hy druk dit met 'n astrante gebaar onder Fisher se neus. ‘Dè, lees!.... en praat dan nog!’

‘Hoekom moet ek lees?’ Die vraag klink geringskattend. 'n Waarborg kom nie in 'n groot koevert nie en van Bredenhand se briewe hoef hy niks te weet nie. Maar die beampte staan manhaftig as 'n majoor voor sy regiment, beklop die aangebode dokument met sy linkerhand en sê indrukwekkend: ‘As jy dit dan nie wil lees nie Fisher, dan sal ek vir jou sê wat hierin staan; hierdie is my aanstelling as die sprinkaanbeampte van Sluis!’

‘Laat ek sien!’ sê die winkelier ongelowig en gryp haastig die brief uit die growwe hande uit, terwyl Bredenhand hom met 'n blik van meerderwaardigheid opneem.

‘Jy moes dit dadelik vir my gesê het, Bredenhand. Ek vra 'n waarborg; - goed daar is hy mos! Die skoolmeester se waar-

borg is sy salaris. Du Toit s'n is sy besitting en joune is jou amp! Ek weet dat julle sal betaal, julle is almal eerlike mense, en as jy vir my jou bestelling gee, dan sal ek dit opskryf.' - Die koopman se wese het tot 'n gryns vertrek, 'n vrindelike gryns, terwyl hy na sy plek agter die toonbank teruggaan, vol planne. Hy skrywe al en roep sy jong: 'Simon, span die trollie in en bring die goed netnou na die baas se huis toe!.... En wat wil jy nog meer hê, Bredenhand? 'n Sprinkaanbeampte kan mos nie te voet gaan nie. Ek het 'n paar goeie perde. 'n Skuldbewys sal goed wees.'

'n Perd....! Ja, die Jood is reg.... om al die plase deur te kom sal hy 'n perd moet hê.... 'n perd, saal en toom....! Sy gevoel van eiewaarde styg dominerend op in sy gemoed en sy geestesoog skitter by die aanblik van die sprinkaanbeampte te perd oor die paaie van Sluis en omgewing....

'n Skuldbewys van twintig pond sterling word daardie dag in Fisher se kantoor geteken, betaalbaar in die bank op die dorp, oor twee maande vanaf datum....

Nog nooit het Bredenhand se rooi skimmelbaard so haaks met sy bolyf uitgestoot en sy blaai so vierkantig uit sy romp uit soos nou nie. Dit lyk of hy alles op die aarde uitdaag, soos 'n kalkoenmannetjie die trop, terwyl hy daar op die vosperd oor die pad trippel. Die mense wat hom sien is verslae.... Toe, praat nou nog! Die tonge roer hulle en gedagtes is vol gissinge.

Die beampte word gaandeweg weer die Bredenhand van vroeër en 'n herbore besef van eiewaarde, solank versmoor deur sy afhanklikheid, laat hom nou baasspelerig voel teenoor sy ewemense. Hy sal so'n heen en weertjie by Sarel se huis aanry om sy moeder gelukkig te laat voel.

Die rimpelgesig trek nog meer opmekaar van hoogmoed en vreugde. Ook sy het altoos geweet wat in Lambertus steek. Sy oorlede vader was 'n vername persoon in die kerkdiens en ook op politieke gebied, en Lammie gaan ook so'n gesiene man word. Die mensdom wil dit net nie weet nie, wat werklik in Lambertus steek. Miskenning was tot nog toe sy grootste struikelblok in die lewe.



Die praatjies sal nou 'n end gee en die vrede in die familie sal bewaar bly. Haar ou moederoë lig met 'n kinderlike blydschap op haar oudste kind.

In die huis, alleen met Klein agtergebly, het Ousus haar al bekommer. Die vader se plannemaak ken sy; gewoonlik het hulle 'n lang asem. Hulle loop vereers uit op 'n lening hier of daar, en wanneer haar pa dan eendag weer 'n werkie kry, moet sy omtrent alles wat inkom netso weer uitgee. In stille onderwerping aan haar lewenslot doen sy meesal haar pligte, dog dit gebeur dikwels, soos vandag die geval is, dat sy behoefte gevoel om te murmureer. Die wêreld behandel haar onbillik; dis die grondtoon van haar mymering. - Haar lot verskil so hemelsbreed van dié van haar porture. Van maats kan sy nie praat nie, omdat sy nooit met hulle soos maats kan omgaan nie. Sy is gedoem om 'n moeder te wees lank voor haar jare. Dit maak haar afgemete, koel, en smoor die begeertes van haar jeug. So onnatuurlik, ouderwets draai sy in die kringloop van haar pligte, oud voor haar

tyd. Sy moet soos 'n grootmens saam met tant Leen en Ouma, ou klere sit en lap en verstel, dikwels na hulle stemmige redenasies luister en die vermanings aanhoor, dat sy die wesies en Pa tog al te goed moet oppas en versorg....

En wanneer sal die mieliemeel dan eindelijk kom vandag? Dikwels vergeet haar pa wat hy beloof het. Hy moet so baie rondgaan om werk te soek vir sy ambag en hy is so vol bekommernis dat die tekort in sy huis hom ontgaan. En dan dink die familie sleg daarvan.... dis 'n ewige skande! Hulle leef armoedig, reg genoeg; dis maar leen en terugbetaal, maar hulle bly darem aan die gang.

Dis nou amper twaalfuur.... Sy sal maar self weer 'n plan moet maak om twee borde mieliemeel te leen.... 'n emmer sal te swaar wees om te dra.... 'n Kind soos Klein is vrypostiger as syself en die mense sal nie sommer iets vir haar weier nie.

'Klein, vat nou hierdie slopie en kry by tant Krissie twee borde mieliemeel vir ons en, sê vir tant Krissie dat Pa vandag 'n plan

sal maak, en dat ons dit dadelik sal terugbring; onthou nou mooi, gehoor?’

‘O ja, Ous, ek het! Ek sal hardloop!’ Ousus volg haar vinnige sustertjie met oë groot van weemoed. As sy eendag 'n stiefmoeder moet kry.... Haar pa kuier dikwels Saterdaggaande en soms ook weekaande.... sy weet nie waarheen nie; maar hy het gereeld sy Sondagsklere aan en as 'n wewenaar in die week sy Sondagsklere aantrek, dan gaan hy vir hom weer 'n vrou soek. Sy kry haar pa jammer, want hy is baie alleen; maar sy kan haar in die hele omtrek, van al die mense wat sy ken, geen enkele vroupersoon in haar oorlede moeder se plek indink nie.... wat sal van Klein word as Pa 'n stiefma in die huis bring? En van Kosie? En Ouboet? Sy sal haar man kan staan, want sy is al gewend om 'n huis te regeer; maar sowaar, as die stiefma 'n hand teen hulle optel, sal sy sommer reguit dit vir haar pa vertel. Die swaar van die lewe moet tog nie vir hulle ook vang nie, soos dit vir haar gevang het....!

Haar dromerige groot oë dwaal oor die

ruimte. Verlede jaar was sy nog op skool; daar was sy doelgooier van die eerste korfbalspan.... Hulle het so lekker gespeel en uitgery na die ander skole toe en die hele pad deur gesing.... Haar ma se dood het onverwags gekom en skielik haar lewe in bande vasgehou.... Arme Pa kry swaar en sukkel vreeslik om werk te kry! Sy moet maar baie goed vir hom sorg, dan sal hy nie sommer 'n stiefma in die huis bring nie. Sy sal dit wel agterkom as haar pa so'n plan het, want 'n pa sal tog sekerlik dit vir sy dogter bekend maak.... Hier kom Klein met die sloop oor haar skouer.... Die water kook al amper....

‘Wat sê tant Krissie, Klein?’

‘Ous, tant Krissie lag net en sê dat Pa so aanstellerig as 'n sprinkaan is.’

Ousus word verontwaardig. ‘Hulle het altoos iets oor Pa uit te waaie! Omdat ons vanmôre 'n halwe brood en nou die handjievul meliemeel laat vra het; nou dink hulle dat ons soos sprinkane vreet. Oom Lewies het seker dit vanmôre vir Pa verwyt, dat ons so dikwels daar iets kom leen!’

‘Ous, en tant Krissie het nogal gesê dat sy baie bly daaroor is!’

‘Dit wys jou hoe onderduims dat hulle is.’

‘Ja, Ous, en oom Lewies is ook baie bly!’

‘Los maar vir hulle Klein en loop haal vir ons water terwyl ek solank die pap aanroer.’

Fisher se trollie hou voor die deur stil en die jong vra waar hy die meel moet aflaai. Haar blik skuif vraend van die Kleurling na die twee sakke op die voertuig en dan weer na Klein. Dis 'n fout. Simon het seker baas Fisher verkeerd verstaan; maar Simon hou vol dat hy hier moet aflaai. ‘Die oubaas het die goed gekoop by die winkel en hy loop saam met baas Fisher saam met die perde. Nou hy kom saam met die vosperd hy die pad! Nee, hy is reg so, Nonnie, die goed hy moet hierso by die huis gelaai word.’

‘Nou ja, dan moet dit glo maar in die kombuis kom,’ besluit Ousus nog half onseker. So'n wonder het nog nooit gebeur vandat haar pa sy grond verkoop het nie.

‘En Outa, jy sê die oubaas kom op 'n vosperd?’ Hy het hom dit seker verbeel.

‘So roerie-waar, my Nonnie; hy ry soos die poliesman, maar die vosperd, hy trippel. Dis Rusland, Nonnie, maar hy trek nie by die dubbel nie, hy trek net by die single; maar eintlik hy is die ryperd, my Non!’ Sy oorlams oë het al geswaai na die koffieketel op die es, en die oortuigende stem verswak tot 'n geheimsinnige gefluister: ‘My Nonnie, het my Non dan nie vandag vir baas Fisher se jong 'n bekertjie koffie nie?’

Ousus sou vir hom 'n ketel vol kan gee, dankbaar en verwonder as sy is. Dis 'n uitkoms hierdie so heerlik as die droom van Jakob. Die Heer het vir haar pa gehelp! Sy sal sommer direk die twee borde meel vir tant Krissie terugstuur en vir hulle wys dat hulle nie soos sprinkane alles wat voorkom vreet nie....’ Loop gou, Klein; maar jy vertel hulle niks nie, gehoor!’

In haar ontroerde blydschap jubel duisend dankgesange, wat uiting vind in haar spontane lied: ‘Moenie huil nie, moenie treur

nie, die jongetjies van Sluis kom trug!’ Sy is skaars bevoeg om in so'n oorfloed te oorlê. - Sal sy 'n stukkie vleis braai? - Nee, wag tot Pa kom! - Bêre dit maar in 'n skottel weg. Sy dek die tafel dralend in die kombuis.

Met militêre houding kom Bredenhand op die vosperd aangetrippel. Sy aangesig is streng en sy oë speur oor die omgewing asof hy noual op 'n inspeksie rondry. ‘Hier kom Pa, Ous!’ roep Klein. Die kinders kom agter die kombuis se onderdeur en staan hul vader met oop mondjies en aangaap. Vier wonder-groot verbaasde kinderoë volg elke beweging van hul indrukwekkende, swygsame vader. - Pa klim af, gooi die toom oor die perd se kop, lig die saalklap op, maak buikgord los; die stiebeuels blink en kom klinkend gekruis bo-oor die saal. Hy kom met die saal oor sy arm, met perd en al na hulle toe. Hulle skrik effens vir sy eerste woorde: ‘Sit die saal op die gereedskapkas in die hoek, Ousus!’ - Hy knelster nou die perd.... ‘Klein, kyk na hom dat hy nie oor die koppie gaan nie! Jy ook,

Ous! Hy sal soontoe dwing! Bêre dan die saal soos ek jou gesê het!’

Sy staan sowaar nog met die ding in haar hande asof niks besonders gebeur het nie. Hy gaan op sy stoel sit in die voorhuis en lees op sy gemak die instruksies van sy amp deur.

Ousus brand van nuuskierigheid, maar is te sku om iets te vra. Daardie papiere sal sy wel in die hande kry.... Haar pa is met groot sake deurmekaar! Benydenswaardig rustig blaas Lambertus sy rookwolkies in die voorvertrek op en dwaal in die paradys van sy gedagte-wêreld.

Haar pa sal nie altoos so geheimsinnig bly nie.... Dit sal wel iewers uitlek.... Daar kom die kinders, nou kan ons maar gaan eet....

Ouboet en Koos kom baie stadig oor die pad. Die jongste hang aan sy ouboet se skouer, wat hom met sy arm om die lyf vorentoe help. Klein hardloop hulle tegemoet; haar oë straal bly, en opgewonde roep sy: ‘Pa het 'n perd!.... Ons word nou ryk.... Daar loop hy en ek moet na hom kyk!’



‘Ag wat! dis sommer een van Fisher se perde! Loop roep vir Ous! Koos kan glad nie loop nie!’

Hulle bring hom in die kombuis; sy groot gesig verwring van pyn; die taaie uithou om nie te huil nie breek: ‘Hy is te seer, Ous!.... My been is ook baie seer, Ous!’

Nog verbyster deur die raaiselagtige gebeurtenisse, kan Ousus nou haar gemoed lug; geluk, besorgdheid en liefde en hartseer maak haar senuweeagtig. ‘Stil maar, my boetie; hy sal netnou bedaar as jy rus! .... Wat gaan nou aan, Ouboet? Kyk daar in die kombuis.... reken bietjie, meel en vleis en 'n saal en 'n toom!.... Wag maar, Kosie, ek sal vanmiddag 'n broodpappie opsit! Stil maar, my boetie!.... Pa kom so ewe stilweg op 'n vosperd aangery.... Laat jou voet op die bankie rus, Boetie! So!.... Ek is vandag dom, Ouboet....!’

‘Ek ken die perd!’ sê Ouboet op 'n toon asof hy verongelyk voel.... ‘Sy naam is Rusland.... Hy trek ook in die kar; sonder 'n maat.... Nou kan ek tog ook perdry .... Simon sê hy trippel op 'n akkoord!’

Ous werskaf net so deurmekaar as haar gedagtes. ‘Ons weet nie of dit Pa se perd is nie, altemit het Pa dit net geleen.... Loop haal vir my 'n lappie, Ouboet. Ek skep die pap op!’ Bedees stap sy voorhuistoe: ‘Sal Pa kom eet asseblief?’ sê sy baie eerbiedig en neem toe Koos se voet onder behandeling. Die vader het stil binnegekom en kyk gestreng na Ousus se gedokter. ‘Wat maak julle nou? Wag met daardie gepappery; laat ek die voet sien! As hy moet uitsweer duur dit te lank, en Koos kan nie so lank uit die skool uit bly nie. Môre is dit Saterdag en Sondag daarby.... Maandag sal hy goed kan loop.... G'n lammervanger oor my drumpel nie!’

Hy frommel in sy gereedskapskas en daarna stryk hy sy knipmes enkele male oor die boleer van sy skoen, voel die sny en sê: ‘Kom Koos, ek sal mooi werk en jou nie onnodig seermaak nie! Jy moenie ruk nie, Koos!’

‘Ja Pa, ek sal nie ruk nie!’ Die outjie verkeer in doodsangs, maar g'n kreun ontsnap hom nie; sy oë is net twee plooië en

sy mond trek pynlik opmekaar, sodat Ouboet vir die komieklige gesig sy mond moet toedruk om nie te lag nie; inwendig krul hy van plesier. Klein het die perd vergeet. - Ousus is g'n kind om sommerso weekhartig te word nie, maar vandag voel sy so omgekrap, dat haar gemoed haar volskiet oor die angs van haar boetie. Klein huil suutjies omdat sy trane in Ousus se oë sien.

Met vaste hand, bedaard en kundig, asof die snykuns ook sy ambag is, slag Bredehand die dik, skurwe, vuil soolvel van die geswelde voet al om die doring af; en toe die ooplê, vat hy hom met 'n plukaan, waarmee hy ook al tande uitgepluk het, en trek 'n doring van 'n doring uit. 'Jy moet kyk waar jy loop in die vervolg, Koos!.... Nou kan julle maar 'n ghriespleister opsit vir die vuil!.... Maandag is die voet gesond!.... Ouboet, kyk jy solank na die perd!.... Ons kan nou maar eet, kinders!'

Die gedoente met Koos bring die planne met die outjie skielik op die voorgrond. Die groot gebeurtenis het sy belofte aan Kris-

sie heeltemal verdring en terwyl die viertal om die kombuistafel sit, kom 'n rebelse gees daarteen op. Het hy dan so tekortgeskiet in sy vaderskap, dat hy die kroon hom moet laat ontnem? Nee, daar bestaan g'n rede voor nie.... hy mag ook nie.... behalwe sy doopbelofte 'om in de voorzeide leer te onderwys, of te laten onderwys', bind hom ook die belofte aan sy oorlede vrou op haar sterfbed: 'Lambertus moet tog nie jou kindertjies uitmekaar maak nie,' waarop hy plegtig 'Ja, Mammie ek belowe jou dit,' geantwoord het.... En al hierdie bindende, kragtige beloftes het glad nie in sy harsings opgekom nie toe hy vanmôre so paphartig vir Krissie hulle weerstaan en eindelijk as 'n oorblufte skepsel ingegee het. So kan 'n mens oop-oë sonde doen, onskuldig in die grootste moeilikhede verval. Nee wat!.... daar moet 'n kinkel in die draad kom! Hy is mos nie gekontrak nie....!

'Ouboet, bring jy vir ons die byl, die hamer en die saag, en dan help jy vir my om 'n skuilinkie vir die perd te maak.'

'Het Pa vir Rusland gekoop?' vra

Ouboet vrypostig met 'n skamerige vreugde in sy oë.

‘Rusland, of wat-se-land, hy mag daardie kaffernaam nie hou nie: sy naam is van nou af, Poon!’....

Die geur van gebraaide vleis deurtrek die huis. Ousus wil graag 'n lekker ete berei; sy het altoos dit begeer en is so gewillig as die beste moeder, as daar net is; maar dis vandag 'n dag van wonderwerke.... Hoekom bly haar pa dan so geheimsinnig? Hy kon vir haar tog maar vertel het van wat aangaan; dit maak haar effens hartseer, want sy is tog sy oudste kind en die moeder van die huis so te sê, maar Pa bly dig en streng soos 'n klapper met lang baarde en sy snak so na 'n glimpsie van vertrouelikheid....

Teen die ligblou mure van die kombuis wikkkel in die kers se skynsel, die skaduwees van al die huisgenote behalwe sy wat suutjies heen en weer loop. Die kinders staar in blye vooruitsig na Ousus se gewerskaf en die geur maak hulle honger; selfs Koos vergeet sy pyn. Bredenhand is hoogs tevrede

oor die stemmige gedrag van die kinders. Hulle word goed opgevoed, praat nooit onnodig nie, net wanneer hy iets vir hulle vra; - en hulle gedagtes is vol vrae soos hulle hier sit, dit weet hy. Dit lyk na verwaarlosing!.... Bogpraatjies!.... Hulle is goed gebrei vir die lewe.... Koos sal hom uit sy plek uit voel by swaer Lewies. Hy is aan die stemmigheid, die toon van eerbiedigheid gewend en sal in die luidrugtige lewe daar nie aard nie.... Ja, dis sy roeping as vader om baie streng te wees in die opbou van 'n kristelike huisgesin. Dit keer losbandigheid en gee die kinders ernstigheid en krag om die verleidings van die wêreld te trotseer.

Bredenhand het die gewoonte ingevoer dat elke kind, wanneer hy klaar geëet het, sy bord effens vorentoe moet skuif, daarna opstaan en duidelik verklaar: 'Dankie, Pa, ek is versadig!' en dan moet hy stil sit tot Pa klaar is met die boeke-vat. Dit gee hom die versekering dat almal voldaan is en tevrede, hoe gering die ete ook al mag wees. - Daar steek baie in so'n gewoonte! Dit leer ordentlikheid en eerbied, ook dankbaarheid en

openhartigheid teenoor die vader, wat hulle dan beskou as die versorger en dit gee homself die tevrede gevoel dat sy kinders versadig is....

Na die boeke-vat, wat hy vanaand met 'n besonder ernstige dankgebed afgesluit het, vra hy vir hulle wat hulle van die gelesene onthou het. Vir hom was dit weer so treffend, die genade van die arme en die verwerping van die ryke. Die rykdom van die armoede is nie van die wêreld nie!....

‘En wat het jy onthou, Sus?’ Sy staan op en sê nogal rats: ‘Pa, ek het ge-onthou dat Pa gelees het van die kameel wat deur die oog van 'n naald gaan.’

‘Die Woord sê eintlik kemel, Ousus, maar dis dieselfde; hulle het in die dae van die omwandeling van onse Here op die aarde, die woord maar net anderster gespel. Die Here wil ons laat verstaan hoe moeilik dit vir 'n ryke is om in die hemel te kom. Dis baie makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan. Julle weet mos hoe yslik groot 'n kameel is; hy staan met sy kop goed so hoog as die nok van hierdie huis.’

Klein bring skielik haar handjie voor die mond om 'n kreet van verbasing te keer. Koos se oë fonkel in sy groot vaal kop, en Ouboet wil al maar vorentoe dwing, so luister hy. Ousus staan nog steeds eerbiedig, want haar pa praat eintlik direk met haar. 'Sy nek is so lank as 'n breipaal, sy pote soos die verandapale van Ouma se huis; maar sy lyf is nie so danig groot nie; hy is in een woord 'n baie ongemaklik geboude dier. En julle weet hoe klein die oog van 'n naald is, en nou kan julle self begryp dat 'n ryke nie in die hemel kan kom nie. Dis te sê, hy moet sy rykdom laat staan en eers arm word.... Sit maar, Ous!.... En Ouboet wat hê-jy onthou?'

Die seun staan met sy kop amper op sy regterskouer, verleë en bang. Pa het, wat hy onthou het, glad uit sy kop uit gepraat en nou lê 'n bestraffing voor. Maar gelukkig kry hy gou-gou 'n gedagte. 'Pa, ek het dieselfde ge-onthou wat Ous onthou het!'

Bredenhand kyk hom vir enkele sekondes streng aan, en hy sien ook ses ander oë, wat wondervreemd gloei, soos oë van jong kal-



wers wat geskrik het. ‘Sit maar, Ouboet .... Ek wil maar sê dat die gelykenis my ook besonder getref het. Ons moet nie na rykdom streef nie, kinders!’

'n Paar sekondes doodse stilte volg, daarna 'n diep sug van Bredenhend. ‘Kinders, vandag was die liewe Here ons besonder genadig gewees. Ek kan vanaand ook met die psalmdigter uitroep: “Ik zal den Here loven met mijn gansche hart!” Kyk, ons huis is vol kos vanaand. Die tyd van skaarste is vir ons verby. Kinders, ek is vandag aangestel as die sprinkaanbeampte van Sluis!.... Julle kan nou maar opstaan, kinders!’

Vir Ousus gaan daar 'n lig op en sy voel hartseer oor haar bose gedagtes omtrent tant Krissie-hulle; maar tog jubel dit weer in haar gemoed. Terwyl sy die skottelgoed omwas, sing sy baie suutjies: ‘Die jongetjies van Sluis kom trug’.

## Hoofstuk VI

In die helderheid van Saterdagmôre se vroeë lig is Bredenhand op die koppie voordat die son bokant die vlakke uit is. Daar lê sy wêreld voor hom, ses plase aan-mekaar wat hy vandag moet deurgaen; hy voel dit as sy plig!

Sy oë kan die ganse oppervlakte nie sien nie, want dit lyk soos 'n baster distrik, maar tog kan hy in sy gedagte nagaan wat sy koninkryk is. Dis vandag wel die laaste dag van die week, maar 'n flukse amptenaar behoort in een dag die westelike helfte maklik deur te gaan.

Die son se eerste lig vang net die opstal van Gert Bouer toe hy sy observasieplek verlaat. 'n Paar minute lank dink hy aan sy uitrusting. Hy het tydens die rebellie 'n rybroek en kamaste gedra, dog sedert daar-die dae het hy die artikels selde nodig gehad. Vandag kan hulle weer diens doen en sy Sondagbaadjie ook. 'n Mens moet uitwendig sowel as inwendig streep trek met jou wêreldse posisie saam.

‘Ousus, julle moet by Ouma-hulle gaan slaap as ek nie vanaand terugkom nie! Die afdeling is baie uitgestrek!’

Lambertus is in sy element. Hy hou van kuier-kuier rondgaan onder die mense. Nooit kon hulle vir hom 'n beter amp uitgedink het as die van Sprinkaanbeampte nie. Hier in sy naaste omgewing is hy al moeg gekuier; sy bene is ook nie meer so jonk nie; hy kon dit voel met sy onlangse besoek by Dirkie. Nou kan hy soos in outydse dae die wêreld opneem. Op Sluis moes hy wag tot die kraaie hom 'n uintjie bring, want hy kan nie vir werk soebat nie. Goddank dat die sukkellewe verby is en die toekoms helder soos die môre. Hy het wel sy kop in Fisher se strop gesteek, maar hy sal daar niks van dink om nog 'n lus om sy nek te verdra nie. 'n Hubare vroumens sal tweemaal dink voordat sy 'n sprinkaanbeampte afwys. Ja, Dirkie, ek wonder hoe gaan jou polse klop vanaand!

Hoe kom die rooihaar-dogter van oom Karel dan so skielik in sy gedagtes in? Hy kan vanaand sy halterplek by die Coetsees

maak en Dirkie sal nou sekerlik 'n ander wysie sing as laas.... Hy voel vrymoedig en astant....

As die Here se seën daarby is, sal hy jarelank sprinkane uitroei; altemit tot hy eendag op pensioen moet aftree, en dit beteken 'n betrekking vir sy lewe....

Van koning Farao se tyd af bestaan die sprinkane al. Sal generaal Kemp hulle ooit baasraak? Hy mag 'n baasbakleier teen die Engelse gewees het, maar sprinkaan se kind! - Ag nee, daarmee gaan hy verniet spook! Dog daarmee het hy vrede, solank as hy hierdie amp behou.... In beginsel is hy wel teen die uitroei van die sprinkane; maar net so goed as daar vir elke kwaal 'n raad is, vir slanggif 'n teëgif, vir die weerlig afluers, net so goed kan daar ook 'n plan teen die sprinkane gemaak word. Maar uitroei? nooit in der ewigheid nie, ou maat!....

So met die rondgaan kan hy altemit sy tweede deel ontmoet. As 'n mens 'n vrou gewend was is die lewe, sonder haar, nes 'n ploeg sonder osse daarvoor.... stilstand wat die innerlike lewe betref. Hy voel nou

die eensaamte in sy eie huislike kring. Met niemand kan hy oor sy intieme gevoelens gesels nie: die verstanting van siel teenoor siel is nou uit sy lewe uit en sy hart hunker na iemand wat hom kan begryp. Op Sluis is dit net sy moeder wat so'n enkele keer 'n hartsontboeseming van hom hoor; dog sy is in haar posisie soos 'n gewikste middelman om vir alkante op te kom terwille van die vrede en goeie saambly onder die verwante..... 'n Vrou wat hom in alle onderdanigheid en liefde eer as haar man, dis waar sy hart na snak. 'n Bejaarde meisie of 'n weduwee sonder kinders is vir hom die beste; 'n weduwee met kinders gee net verdrietige verwickelinge, 'n moeilike verhouding tussen die ouers. Dirkie sal omtrent die beste wees....

Die vlakke skuif onder hom deur. Dit is hom so goed bekend as die binneste van sy huis. Net die mense wat in die laaste jare ingetrek het ken hy nie. En as Dirkie haar kop hard hou.... wel die wêreld is groot!

Die naaste bure het sy besoeke met 'n vreemde eerbied ontvang; alles het gemoede-

lik afgeloop. By de Bruin is hy opgehou deur die vriend se traagheid van taal. Alida kon haar oë uit haar kop uitkyk en het die hele ruk stil gesit en luister na hulle redenasies oor die voortrefflikheid van die ou metode om sprinkane uit te roei.

‘Die gif doen meer kwaad as goed,’ het de Bruin op sy slepende manier verklaar.

‘n Mens kan een swerm doodsloop, neef, maar bewaar jou as daar twintig tegelyk vernietig moet word.’

‘Almiskie, neef Lambertus ek....’

‘Ons vlakke is te kaal, daar is g'n bome nie. Nee, en waarmee sleep jy hulle dood?’

‘En kyk na die veld en na....’

‘Nou ja my liewe man, die eerste reën sal die kwaad wegspoel en die veld groei homself gesond.’

‘En kyk na die beeste Neef, hulle....’

‘Jou beeste sal niks oorkom nie, dit sal ek garantie! Maar kyk, ek moet verder....

Alida hoe lyk dit vir vanaand?’

‘Oom kan maar kom om te gesels, dis tog tydkorting,’ sê sy skamerig.

Hy groet die hom nastarende de Bruins

met 'n breë swaai van sy hoed, terwyl die gevoel van vernaamheid geweldig sy hart oormeester; en tog is hy bewus daarvan dat hy hom niks aanstel nie. Hy verkies om nederig te bly, al kan sy posisie die skyn van hoogmoed verdra.... Hy voel gelukkig soos hy is....

Nou swaai die pasgang oor 'n kort sypad na Gert Bouer toe. Sy dogter Bettie was 'n kortstondige vlam van hom. - Daar staan sy reeds en uitkyk op die stoep. Wat sal nou deur haar vlermuisgedagtes trek? Dis sekerlik vir haar 'n raaisel watter jongkêrel aankom....

Toe hy die leisel van die vos oor die paalhek gooi, sien hy net rokke wat haastig in die huis verdwyn. 'n Glimlag krimp terug in sy baard se knewels. Ek het gedink dat ek jou sal verwilder! Ek sal haar mak kry, gee my net 'n kans.

‘Môre, neef Gert!.... Nee dankie, afsaal kan ek nie; my reis is baie ver vandag!.... Ja, ek sal 'n paar minute in jou huis versuim. My besigheid is baie dringend, Neef!’

Dis 'n dronkslag vir Gert Bouer; sy verbaasde oë slaan met skaapagtige geduld in die van Bredenhand en duidelik wag die onbewoë gelaat op 'n verklaring van die ongewone besoek. Sou Bredenhand met hom oor Bettie kom praat? In dié geval moet hy 'n veilige afstand bewaar....

‘Neef Gert, jy moet jou reghou! Ek kom jou aansê vandag!’ begin die beampte vol stille selfbehae hier sy veldtog. Die pa van Bettie lyk wild en onklaar, hy voel seker ongemaklik.

‘Laat ek dan hoor Neef wat jou so ongewoon hiernatoe dryf.’ Bouer voel geruster; sy vaderskap sal nie beproef word nie. Tog is hy op sy hoede. ‘Jy moet jou klaarmaak, neef Gert! Die sake lyk krimineel, dit lyk na oorlog!!’

Bredenhand voed sy lekkerkry om Gert te verontrus, en is so ingenome met die aanvoer van sy geselskap dat hy lus voel om met katte-aard sy prooi deeglik te karnuffel vir die grap. Hy ken vir Bouer en weet hoever dat hy moet gaan.

'n Gedagte aan sy strydvaardigheid, nou



die sorgesende toestand van sy boerdery alles van hom verg, laat Bouer onthuts antwoord: ‘Wat bedoel jy? Is daar weer 'n rebellie of so iets in die lug?’

‘Ek sê net dat jy jou moet klaarmaak, sodat as ek vir jou oproep, jy gereed kan wees om te kom!’

‘En van wanneer af hê-jy dan veldkornet geword?’ 'n Toon van kleinering klink deur die vraag en beslistervolg Bouer: ‘Sê vir my wat is dit jong waarvoor ek my klaar moet hou?.... of korswil jy?.... Jy moenie speel nie, jong! Oorlog is g'n spulletjie nie!’

‘Nee ou maat, ek korswil nie. Ek meen dit ernstig as ek vir jou sê: ek sal jou oproep, wanneer die vyand daar is!’

Bouer word ongeduldig en verloor die paslikheid van sy rede. ‘Jy lyk 'n mooi patat om vir my sommer op te roep, en dit nogal in vredestryd. Ek is g'n pampoenskap nie, ou Neef! En watter held op die veilige veld gee vir jou die opdrag as ek mag vra?’

Onverstoorbaar en uiterlik gestreng, maar innerlik vol genot hou Lambertus nog 'n

rukkie vol: ‘Ek het 'n wettige opdrag, Neef, en ek gee net my waarskuwing, hou jou reg!.... die vyand is nader as jy dink!’

‘Man, loop! jy's gek.... jy sê ek moet my klaarmaak? Wat die drommel is dit kêrel? Praat! Praat!’

‘Ek sê vir jou as die voetgangers kom gaan ek vir jou kommandeer!’

Daar kom orde in Bouer se stemming. ‘Al waarvoor jy my sal kry, Neef, is vir die sprinkaan-voetgangers.’

Die beampte skater dit uit en maak paljas-vertonings op sy sitplek en slaan homself op die knie van plesier. ‘Ditsem! Ditsem, neef Gert! En jy kom dit nou eers agter?.... Ek wil hê jy was lelik in die nood!’ en toe sy pret uitgelag is vervolg hy bedaarder: ‘Ja, Neef, dis vir die voetgangers; ek kom jou net sê dat ek aangestel is as julle sprinkaanbeampte.’

Gert Bouer het effens verleë saangelag. Sy antwoord is egter ernstig: ‘En jy is aangestel.... ek sien!.... As ons tog maar weer kan boer, neef Lambertus.... Die laaste twee jaar het ons net sprinkane ge-

voer.... Om hulle uit te roei kan jy my maar enige tyd roep, al is dit middernag!’

Bettie bring twee koppies koffie binne. Skamerig presenteer sy vir Bredenhand. Hy het mos die vrypostigheid gehad om haar te vra. Hy 't seker ook maar met haar gespeel, soos hy flus met Pa gespeel het. Sy kon hulle mooi staan en afluister in die kombuis, want altwee gesels maar hard. Nou lyk die oom darem aansienliker as toe.

‘Waarheen gaan kuier Oom dan so vroeg?’

‘Ek soek vlamme Bettie; net waar 'n rokie uittrek gaan ek heen. Julle vlamme hier verbrand 'n mens.’ Hy loer ondeund vir haar oor sy koppie en in sy oë blink begeerte.

Bettie sê net: ‘Ag.... dis wat Oom dink!’ en sy is woerts daaruit....

Bredenhand wieg weer in die saal. Hy nader nou 'n ongewoon geboude boerehuis. By Louw Grebe sal hy ook moet aanry en dis 'n plig wat altemit met broekskeur kan volbring word. Grebe dink daar niks van om 'n mens goedsmoeds aanstoot te gee nie;

neef Louw is 'n korrelkop en altoos aan die opposisiekant.

Hy tref hom aan op die ruime sementvloer-stoep van sy woning. Uit die hoogte, met 'n meerderwaardigheidsglimlag op sy weldeurvoede gesig, waaraan 'n snor en 'n puntbaardjie 'n dominerende uitdrukking gee, keer hy die beampte voor. Vir hom is Bredenhand die sukkelaar-ambagsman, wat ook al vir hom 'n paar dingetjies reggeknutsel het.... Hy is nogal te perd.... sy swaer s'n.... seker verleë oor 'n werkie!

‘Ek het nie geweet dat du Toit 'n vosperd het nie.’

‘Jy is reg, neef Louw, swaer Lewies het g'n vos nie, maar ander mense kan darem ook 'n vosperd besit!’

Bredenhand voel gekrenk, maar hy sal hom vandag nie deur Grebe laat verkleineer nie, soos vroeër, toe hy smaad moes dra, terwille van sy brood. Hy kom nou as amptenaar.

‘Jou perd? Dan het hy seker in julle kamp verdwaal geraak. Kom ons gaan na binne!’

Maar Bredenhand gaan vandag nie oor

daardie drumpel nie. Sy manlikheid beheers die antwoord, wat in Grebe se gemoed insink en die prikkeling tot opposisie versterk.

‘Dankie, neef Louw, ek is haastig. Hoe ek aan hierdie vosperd kom, daarmee hê jy niks te make nie. Ek kom jou net inlig dat ek aangestel is as die sprinkaanbeampte hier. Jy is wetgeleerd genoeg om te weet wat van jou verlang word. Die spuite en gif is verkrygbaar by die polisie en by my.’

‘En nou jy die baantjie gekry het, wil jy my hier kom les lees?’ Sal Bredenhand hom hier kom aanstel, waar hy sy ja-broeragtig-heid gewend is?

‘Neef Louw, ek sien dat jy heeltemal onnodig kwessies wil soek! Ek kom net vir jou in kennis stel dat jy moet rapporteer sodra jy voetgangers geware en jou hulp moet gee wanneer dit vereis word!’

Wat verbeel die kaalkop-luishond hom dat hy my hier die wet kom stel? ‘Dink jy dat ek my poot sal verroer vir julle? Ek is mans genoeg om my eie lande te beskerm en dit sal ek doen sonder julle hulp. - Nee

Lambertus jong, julle roep my verniet!

‘Dis soveel te beter, neef Louw, solank as jy dit dan ook maar doen, dan het ons vrede!’ Grebe sal nie lekker kry nie; hy 't met die sprinkaanbeampte te doen, nie meer met Lambertus Bredenhand van eergister nie. Hy voel hoe weldadig sy manlikheid groei en dit skyn hom of eergister vèr in die verlede lê.

Met 'n behoefte om seer te maak val Grebe driftig uit: ‘Laat ek vir jou vertel, meneer sprinkaanbeampte, die hele sprin-kaan-affêre van julle, met sprinkaanjaers, sprinkaanbeamptes en hoofbeamptes en opperhoofbeamptes is net een geldmorsery van die begin tot die end.’

Grebe is gewend dat al wat boer is ontsag vir hom het, en hierdie hongerlyer wil hom domineer; ‘Dis 'n geswendel op 'n groot skaal! Daar kom nou honderde baantjies en hoë betrekkings oop om vir nefies en boeties 'n groot salaris te gee; om vir vriende wat losloop, uit die werk uit geraak het, bankrot gespeel het, 'n luilekker-lewe te gee! Julle regering verkwis....!’

‘Wag, neef Louw!’ Bredenhand hef sy hand met stilmakende gebaar omhoog en sy waardige houding maak indruk. ‘Wag, ons moenie twis nie! Ek moet nog verder gaan,’ en terwyl hy Grebe gemoedelik op die skouer klop: ‘Jy sal tog kom, neef Louw!’

‘En wie sal my verplig?’ is die heftige uitroep.

‘Die wet, neef Louw!’

‘Ek dink van julle wet net soveel as van jou kamaste!’ Hy vat die hand wat die beampte reg gehou het om te groet. ‘Die beste, neef Louw!.... Okso!’

Die vlakke skuif weer onder die trippelgang van die vosperd deur, terwyl die ergernis in Lambertus se gemoed die oorhand kry. 'n Vyandige houding het hy verwag, hoewel nie so straf nie. Vir hulle soort is ons boere soos witkaffers; die hovaardigheid vreet hulle op. Grebe dink dat sy kop van koper is totdat hy eendag daardie selfde kop gaan stukkend stamp.... Oor die algemeen was die mense vrindskaplik, en hy sal genoeg getuies kan oproep indien Grebe met die wet in botsing kom.

Nadat hy by nog 'n paar huise aangery, sy middagete by 'n vrind genuttig en koffie gedrink het soos 'n Beierse burgerbier, saal hy in die namiddag af by Karel Coetsee, 'n kristen soos hy ook 'n gawe wêreldbürger is. Hierdie keer is die oumense egter in sy pad en om Dirkie alleen te sien sal hy 'n plan moet maak. Hoe sal dit wees as hy die oubaas onder hande neem? Hy is geen skamerige jongkêrel, wat rond kan sluip en kanse soek nie, maar 'n verstandige man wat reg-uit deur die wêreld loop. En hy het die vrymoedigheid om reg-uit met oom Karel oor so'n kwessie te praat. Sy kanse is nou beter as laas. Hy kom as iemand van waarde met alles in sy voordeel.... Met dié moedgêwende planne en gedagtes groet hy oom Karel op die stoep waar die moeder ook is, besig om hemde te lap....

Die ontvangs is vir die beampte effens te stroef, want hoewel hy gevra is om af te saal en sy perd goed versorg is, word daar hoegenaamd geen besondere aandag aan hom betoon nie; slegs enigsins onverskillig na sy welstand en die van sy moeder verneem.



Onderwyl hy die rede van sy besoek paslik uiteensit, toon die twee oudjies meer en meer belangstelling en die moeder sê daarna: 'Jy is gelukkig, neef Lambert, om so'n betrekking by die regering te kry; dit gaan teenswoordig moeilik om 'n verdienste raak te loop. Karel se applikasie vir poliesman is gelukkig deur en hy het die dokter al gepasseer; hy wag net op sy kaartjie en dan gaan hy na die dépôt in Pretoria.'

'Ek reken die veiligste betrekking is dié van die regering. 'n Amptenaar se geld is veilig; ek wil sê hulle verdien nie so danig veel nie, maar hulle kan gerus wees.'

'Ongetwyfeld Oom! ongetwyfeld! - En dan kry 'n mens nog mense wat die regering wil braai. As 'n mens so rondgaan soos ek vandag, dan vind jy eers uit hoe dwars en verkeerd 'n mens kan wees. Vanmiddag was ek by Louw Grebe aan; dit was net swartsmeer en uitskel van begin tot end.'

'Hy is maar kwasserig, neef Lambert, 'n moeilike entjie mens om mee klaar te kom; kwasserig....'

'Ja! Ja! neef Lambert.... Maar laat ek

jou dit vertel: hulle kan vir my 'n hele distrik se plase present gee en dan wil ek nog nie die regering wees nie. Al gee ek dan vir die laaste burger vyftig pond present, dan sal daar party wees wat ontevrede is omdat hulle nie honderd gekry het nie en party sal meen dat hulle verdienste honderdvyftig pond werd is.'

Die moeder vou haar lapwerk inmekaar en laat die pakkie op haar skoot rus, terwyl sy beweer: 'Ons ou nasie is baie nousienend en afgunstig op mekaar; daar is teveel hovaardigheid en opstand onder ons mense teen die wettige gesag en daarom kasty die Here ons met plaë. Wat 'n mens saai, dit sal hy maai!'

Sy staan met 'n swaar sug op en gaan na binne.

'Ja, oom Karel, tant Hieta is reg!.... sy is reg! Dis tog so indirek teen Gods Woord om teen 'n regering, wat deur God ingestel is as 'n waaragtige instelling, sommer uit dwarskoppigheid op te staan.'

Bredenhand voel meer tuis, en op 'n terrein waarmee hy bekend is. Sy gedagtes

kom losweg en hy word bewus dat hy in die regte rigting vorentoe stryk....

‘As ons die saak deeglik en uit die grondigheid van ons hart wil naspur, sal ons sien dat al die volkere van die wêreld van Moses se tyd af, so te sê, onregeerbaar was. Die eerste volkere het maar in sy dae openlik in die wêreld begin te wys dat daar soiets as hulle is. Ons hoor van die Amelekiete, maar voor sy tyd hoor ons niks van hulle nie. 'n Mens kan maar sê dat die Israeliete die eerste behoorlike en ordentlike nasie op die wêreld was. En hoe het Moses nie met die Israeliete gesukkel nie? Al die plaes van honger, dors, oorloë en slange wou nie help om hulle reg te ruk nie. Koning Dawid moes 'n opstand onder sy volk, deur sy eie seun Absalom gelei, deurmaak.... En dit het hom, so te sê, totaal gebreek. - Salomo se seun moes sien dat tien stamme van sy ryk hom verlaat onder Jerobeam. En dit het alles gebeur met die uitverkore volk van God.... En as 'n mens daardie omstandigheid in betragting neem en jy kom na onse ou volkie toe, dan loop die sake hier maar net

dieselfde. Ons is - jy kan maar sê - ook 'n uitverkore volk. Die voorouers het ook as voortrekkers in die wildernisse onder hulle Moses en Aäron rondgeswerwe en voortdurend onder mekaar getwis. Hulle is ook gestraf deur oorloë, droogtes en sprinkane. Daar was ook broeder-oorloë onder ons gewees. Maar, oom Karel, wat vir my so wonderbaarlik en opmerklik is, dit is dat God alles so toegelaat het. Hy kon dit tog verhinder het, nie waar nie, Oom?’

‘Dis wonderbaarlik ja, maar dis ook ondeurgrondelik, en tog is dit verstaanbaar, neef Lambert. God gaan nie teen Homself nie; Sy Woord is Hyself! En Sy Woord moes vervul word! Daardie opstand en ongehoorsaamheid het die saad van Abraham verstrooi oor die aarde.... Die broeder sal opstaan teen die broeder; die vader teen die seun....’

‘O, ja, ek verstaan dit, oom Karel; dis alles onder die toelatenheid en daarom is dit vir my so wonderbaarlik.... Ja, dit is so!’ Lambertus haal sy tabaksak uit en presenteer.... ‘Die lewe is soos een won-

derbaarlikheid van begin tot end.... hier is vuur, Oom.... 'n mens raak dom!' Hy skraap nou al sy vrypostigheid te saam, terwyl hulle ligte rookwolke deurmekaar laat dwarrel. 'Terwyl ons nou hier bymekaar sit, wil ek sommer van die geleentheid gebruik maak. - Ek is 'n man wat reg-uit met 'n mens praat. Ek loop geen draaitjies nie! Ek het besluit om 'n verandering in my lewe te bring; my huis is maar 'n halwe huis vir my; daar kom die beste kort, wat 'n binneboerdery behoort te hê. Oom Karel, 'n vrou, Oom; 'n aanspraak!'

Hy sug 'n traë sug en slaan sy oë in die stadig deinende tabakwolk op. 'Dis wat ek kort kom, Oom, en ek wil Oom met alle respekke vra of Oom daar iets op teë het as ek met Oom se dogter Dirkie 'n vertrouelike geselskap aanknoop? En as sy naderhand gewillig is, sal Oom dan daarmee instem?'

Coetsee se grys baard bewe skaars sigbaar van 'n skalkse laggie en sy oë volg die rokie wat hy in 'n lang tuit hoorbaar uitblaas. Hy ken vir Dirkie, sy openhartige en bedagsame dogter, wat hom van Bredenhand

se laaste kuier alles vertel het. Hy hoef die beampte nie te kwes nie.

‘Neef Lambertus, ek ken vir jou en jou familie baie jare en as jy en Dirkie kan akkordeer, sal daar van my kant geen hindernis kom nie. Gesels met haar, ek sal dit nie belet nie.’

‘Ek bly Oom dankbaar!’ Dis al wat hy op die oomblik kon uitbring, maar sy moed groei met 'n ongewone haastigheid. Oom Karel gee hom alle redelike kans asof hy met sy vrou die afspraak gemaak het en die selfstandige dogter my die beampte nie moedswillig nie. Sy het haar stemmig aangetrek en haar uiterlik is op die beste, en sy lyk vir Lambertus soos 'n ryp geswelde vrug, wat hy sommer kan pluk. Hy het haar netnou geware toe sy twee emmers water aandra na die blomtuin toe. En toe die oomblik gunstig is skuif hy sy passies soontoe. Die aantrekkingskrag van die nôi, wat met die goue hardos blomme staan en natgooi kriel in sy bene, en hy nader soos 'n seun wat bewerig sy eerste liefde tegemoet kom. So het hy haar nooit vantevore gesien nie;

nooit kon hy dink dat Dirkie so'n uitsoekmeisiemens is nie, as nou, geskilder deur die aandson, soos 'n blom vanself. Sy opgeflikkerde moed het net so skielik weer verdoof; die taal van sy bedrewe tong is steeks en kan alleen 'n lawwe kwinkslag uiter: 'Jy is tussen die blomme terwyl ek is aan 't komme!' waaroor hy onnatuurlik hard lag, dog tewens haar skelme glimlag sien en klare antwoord hoor. 'Oom Lambert kom met die perd en dit is baie werd;' waaroor hy nog uitbundiger skaterlag en toe sy hand gee om te groet. Toe is dit of daar plotseling 'n blomgeur uit die blomme opstyg en ingetoënheid oor die tuintjie sprei. Hy word in die popspeelpaadjes toegepen deur die onmag wat sy tong en ledemate bevange hou. Dis of daar 'n stonde heers vir enkele sekondes van swaarkry wedersyds. Dirkie hou haar half leë gieter met 'n maklike swaai van haar regterarm, hoog oor haar kleurerykdom en in die aandson blink die druppelstrale soos vallende kristalle en glans die hare van die dogter soos golwende goud. - Toe hy van die bekoring loskom, sê hy bewerig: 'Jy

werskaf nog maar gedurig met jou blomme, nè Dirkie?.... Word jy nie moeg om daardie swaar gieter so dag vir dag leeg te gooi oor hulle nie?’

‘Ag nee wat, Oom Lambert, 'n mens moet tog 'n tydkorting hê, anders word die lewe te eentonig.’

‘En jy praat so, wat altoos besig is in die huis met al die werkies wat 'n huismoeder se plig is? Nee, Dirkie, jy het g'n tydkorting nodig nie, wat jy kort kom is 'n eie huislike lewe waarin jy nooit na tydkorting sal soek nie.’

‘Maar ek wil dit hê en wat is beter vir 'n meisiemens soos ek, as om blomme te kweek? My pronk-ertjies groei pragtig, ek kan my so verkyk na hulle, maar ek probeer verniet om een katjiepiering aan die groei te kry.... Die swaarste is die water dra.’

‘Gee vir my die gieter, laat ek vir jou help!’

‘As Oom so goed wil wees, kan Oom die emmers vat en dan kan ek bly aanhou natgooi met die gieter.’

Die beampte help haar as 'n flukse seun



en Dirkie se oë straal van innerlike pret. Hy is mos gewend om fondamentklippe aan te rol, mure op te messel en balke deur te saag.... Sy sal hom maar inspan solank as hy gewillig bly; hy moet tog iets doen vir haar geduld om weer sy omslagtige geselsery te sit en aanhoor.

Hy maak die gieter met een emmer vol. 'Ek sal dit leeggooi Dirkie, dan kan jy tog solank rus.... as jy die volgende uitgiet, sal ek die emmers weer gaan volskep.'

'Hoe lyk Ousus se tuintjie, Oom Lambertus?'

'Sy sukkel maar baie, die arme ding. Klein help haar af en toe, want Ousus het haar hande vol. Daar kom 'n moeder in my huis kort, Dirkie!'

'Oom Lambert moet maar rondkyk vir 'n maat. Oom het mos nou 'n perd.'

'Dis wat ek doen, en terwyl jy daardie kwessie aanroer, kan ek jou met alle vrymoedigheid sê dat jy die moeder moet word wat my kinders kortkom.' Sy lag en sê: 'Oom Lambert, hoe praat jy dan so verkeerd, Oom? Ek deug glad nie vir 'n moeder

nie en het Oom mos die ander dag al gesê dat ek moeg is om kinders van 'n ander groot te maak.... Maar dis nou genoeg, Oom Lambert,.... die blomme is almal nat.... Kyk die son is onder en dis tyd om vir die aandete te sorg. - Pa is nog op die stoep en Oom moet maar solank soontoe gaan en gesels.'

Haar arm haak die twee emmers in en haar hand vat die gieter, waarmee sy van 'n half-verslae man wegstap....

'Ons sal dit weer vervat vanaand!' roep hy agterna met die bymekaarskraap van sy versinkende moed. Hoe anderster is sy nou as toe hy haar laas oorval het? Nou is sy honderd persent meer vrou as toe en begeerliker in dieselfde graad, dog tewens beklim 'n bedrukte gevoel hom. En dit vererger in die ure van die aand. Aan tafel voel hy soos 'n vreemde gas, wat moeite met sy woorde het. Maar hy word gebind en vervoer deur Dirkie se vaardige huislikheid en bediening. Hy voel dat sy die siel is van hierdie huis en die wyse waarop sy alles beheer en rondwerskaf is vir hom iets onbe-

kends. Selfs sy oorlede vrou het haar nooit so los en gesellig in haar huis beweeg, soos Dirkie hier nie. Sy woorde is vasgeskroef terwyl hy aan tafel sit; maar hy dink met weemoed aan die tingerige figuurtjie van Ousus en voel dat hy onreg doen om haar optree in sy huis na haar swakke vermoë te vergelyk met die ervare optree hier.

Bredenhand het sedert sy wewenaarskap slegs 'n onbepaalde behoefte in sy hart gevoel na 'n aanvulling van die leegheid in sy lewe. Sy rond en bont val op Sluis onder die dogters van sy bure was maar net 'n oppervlakkige uiting van sy gevoel soos die eerste kuier vir Dirkie ook maar was. Maar nou voel hy die hartstog van 'n dieper sielsverlange, die ou gevoel van sy jongelingsjare kom terug en maak die dogter van oom Karel Coetsee vir hom die mooiste vroumens wat hy nog ooit ontmoet het, en temeer omdat hy haar g'n oomblik in die hande kan kry nie. Sy fladder soos 'n vlermuis onophoudelik by hom verby in die kombuis, saam met die kinders na hul kamer toe, die gang deur en terug om die blaker

net twee duim op die tafel te versit. En al die tyd gesels en vry die rookwolkies van hom en oom Karel met mekaar asof dit hulle kuiertyd is; maar die woorde van die oom en syne klink vir hom soos die verre dreunings van 'n weer.... Maar as die oumense hulle terugtrek vang hy haar tog.

‘My liewe suster, jy is vanaand net so vlugtig as 'n bokkie; 'n mens sien jou hier en daar, maar nooit stilsit nie. Nou sal ek vir jou vashou, want jy sal vir my nie wysmaak dat jy sodanig rond en bont moet staan nie.’

‘Dis maar my aard, Oom Lambert; stilsit is my dood; ek moet woel!’ Sy sê dit so vinnig asof sy op die oomblik onder sy oë uit wil spring.

‘Ek het dit lankal opgemerk dat jy g'n leuningstoelwurmvreter is nie; maar nou skiet my iets te binne. Ek kry nou ewe skielik 'n kat-se-gedagte.... ja, jy lag, maar dis so.... 'n grys kat met geel oë.... Regtig, Dirkie, toe jy flus so onder die oë en uit die oë uit was, het ek jou beskou vir 'n dog-

tertjie van tien jaar. Sê vir my hoe oud is jy?’

‘En is dit nou Oom se kat-se-gedagte? Hoekom dan juis 'n kat s'n, Oom?’ vra sy laggend.

‘Ek sal jou sê!.... waarskynlik sal jy dit nooit so opgemerk het nie, maar as jy 'n kat se lewe bestudeer, dan vind jy uit dat alles daar blitsig soos 'n weerlig gaan en altoos onverwags. Die spring na 'n muis, die wegvlug vir 'n hond is so skielik dat 'n mens verwonder staan, oor die vinnige gedagte, wat haar woerts deur die venster, oor die hek en in 'n boom inja so presies en suiwer, al is die pad ook al vol van die moeilikste hindernisse. En net so vinnig het die vraag deur my kop geblits. Hoe oud is jy? As ek jou in die huis sien werskaf en sorg, dan kan jy ook vyf-en-veertig wees.’

‘Oom se skatting is reg, tussen tien en vyf-en-veertig,’ antwoord sy hom met 'n skalkse lag.

‘Nou laat maar bly!.... Die kat-se-gedagte het weer deur my kop geblits.... Ons sal dit nou vervat! Daar in die blom-

tuin het ek vir jou gesê dat jy die moeder vir my kinders moet word. Dirkie, jy is daarvoor bestem! Die Alwetendheid het jou voorbeskik as 'n moeder en in Sy wyse raad is niks verkeerd nie! Ou Suster, jy kom nie daar verby nie, want jou natuurlikheid kan jy nie verander nie. Die Alwyse Voorsienigheid het vir jou die natuur van 'n moeder gegee. Ek sien dit mos aan jou geaardheid hier in die huis en ek sê vir jou, Dirkie, dat jy die moeder van my kinders moet word.'

Soos 'n dominee wat vra: 'En wat is daarop u antwoord?' hou hy sy kop, sy baard effens linksweg opgehef, en sy oë onverbiddelik streng....

Dit bring haar in die oupad. Sy het dadelik ingetoë geword, hoewel sy sedert Bredenhand se koms altoos op haar hoede was.

'Oom Lambert moenie nou weer oor daardie kwessie praat nie. Ek het mos duidelik vir jou gesê dat ek al moeg is van die werk om kinders groot te maak. Ek kry g'n kat-se-gedagtes soos Oom nie, maar my lewelank het ek die gedagte: as ek eendag

los is, gaan ek my nie weer so verbind nie. Nee, Oom Lambert, ek wil nie uit die staanspoor uit 'n kruis dra nie, as ek altemit eendag gaan trou.'

'Wag, Dirkie, jy kan dit nie sê nie. 'n Kruis is nie die keuse van 'n mens nie, 'n kruis word opgelê deur die Hoërhand, en elke mens dra maar sy kruis, al is dit in sy grootste voorspoed. Jou lewelank sal jy dit dra, ou Suster. Maar ek kom tot my punt terug, want ek weet, my liewe Dirkie, dat jou hart, jou natuur, jou hele geaardheid presies so voorbeskik is vir 'n heerlike moederskap, en in my huis kom een soos jy is totaal kort. Laat jou gedagte gaan, ou Suster.'

'Ek hêt, Oom Lambert! Al lankal al! Ek wil nie nog 'n slag ander mense se kinders groot maak nie!'

'My liewe Dirkie, daardie beswaar van jou verval, want my kinders is soos populierbome; hulle groei vanself; dis uit die kwessie uit om hulle groot te maak.' Hy vat sy vuurhoutdosie uit sy baadjiesak en neem 'n vuurhoutjie daaruit. 'Kyk, Dirkie, nou

hou ek dit met die kop na jou toe, en nou weer met die kop na my toe. Net soos die vuurhoutjie gedraai het, kan jou gedagte ook draai.’

‘Nooit nie, Oom Lambert; my liewe Oom, ek is tog g'n hoekklip nie; ek sê weer wat ek laas vir Oom gesê het, en ek kan amper daarby voeg: dis jammer dat Oom nie 'n jongkêrel of 'n wewenaar sonder kinders is nie.’



## Hoofstuk VII

‘Kom, Klein, laat ek jou hare uitkam en jou vlegseltjies bymekaar bind; jou kop lyk alte woes en deurmekaar in die laaste tyd.’

Die dogtertjie kom voor haar op 'n veldstoeltjie sit en Ousus kam en vleg en strik, onderwyl sy almaardeur suutjies sing: ‘Moenie huil nie, moenie treur nie, die jongetjies van Sluis kom weer!’

Klein begin onwillekeurig ook saam te sing. Die wysie pak haar en die woorde is so wonderlik vreemd.

‘Van nouaf moet ons g'n môre oorslaan nie, hoor! En as ek dit altemit vergeet, moet jy my tog herinner. 'n Mens se hare is 'n sieraad en dit moet altoos netjies wees.’

Ousus wil haar versuim in die verlede goedmaak, want nou is hulle mos kinders van 'n sprinkaanbeampte! Sy is in 'n verhewe stemming en vol ambisie vir die lewe. Die verveling van haar harde roetine-werk het haar onverskillig en haar wese oud gemaak; nou krioel die blye gedagtes in haar hoof;

planne en verwagtings maak die toekoms heerlik en haar bruin oë glinster van geesdrif. Alles in die huisie word ekstra skoon gewas of glad gevryf, terwyl die sustertjie haar as 'n skadu volg, altoos begerig om haar te help.... Sy sing nou al gaaf en duidelik die liedjie saam. Ousus voel vreemde prikkeling deur haar liggaam; stemme van verlanse klop in haar hart en sy koester die voorgevoel dat daar iets heerliks vir haar gaan gebeur. Hulle sal nou binnekort ook almal nuwe klere dra, en sy sal weer in tel wees onder die jongmense van Sluis, en van die jongetjies sal dan ook by hulle kom kuier en van haar persoonlik notisie neem.

‘Ous, waar was hulle dan?’ vra Klein spontaan. Die vryflap rus stil in haar hand op haar pa se stoeleuning; haar oë kyk vraend op in die van haar ousus.

‘Wie meen jy, Klein?’ en ook haar vryflap rus op die stoel se leuning.

‘Ek meen die jongetjies van Sluis, Ous, ons sing al maar gedurig dat hulle weer sal kom.’

Ousus lag hardop oor die ernstigheid

waarmee Klein die uitleg gee. ‘Jou verspote ding, waarvandaan kry jy die snaakse gedagtes hê? Dis sommer 'n lied. Hulle was mos nie regtig weg nie! Maar hulle sal darem ook hiernatoe kom!’

‘En dan koop Pa vir ons 'n musiek en ons sing die hele aand nè, Ous?’

‘Klein, jy word te oulik!’ sê Ous vrindelik vir die nadenkende dogtertjie, wat nog steeds stil met die vryflap staan en vra: ‘Hoekom kan 'n lied dan jok, Ous?’ - Waar kom die kind aan dié wonderlike gedagtes vanmôre? ‘Dis nie eintlik jok nie, Klein, want 'n lied word gesing. Vat nou byvoorbeeld “Pollie ons gaan Pêrel toe”, dan gaan ons mos nie regtig Pêrel toe nie, ons sing dit sommer so; dis ook 'n lied.’

‘n Mens kan sommerso jok, nè Ous? En as jy sing dan is dit g'n sonde nie?’ Haar blanke voorkoppie is vol gedagte en oorskadu haar ernstige kinderoë. Ousus kan haar geen antwoord gee nie. ‘Verspote ding! Jy is vanmôre glad te slim; vryf nou Pa se stoel mooi glad en blink en dan sal ek vir Pa vertel dat jy dit gedoen het.’ Ousus glimlag onder haar

werk.... na reg jok hulle as hulle so sing.... dis nie sonde nie!.... waar kry Klein die wonderlike gedagtes?....

Vanmôre het sy vir Ouboet en Koos uitgestuur om oondhout te bring.... gister suurdeeg by tant Leen gekry.... daarna ingesuur.... Vir die eerste keer in maande se tyd gaan sy nou 'n baksel brood in die oond bak. Die ou as is so vasgekoek en bedek met 'n laag hoendermis dat sy die valsvloer met 'n graaf moet opbreek. 'Ja oondjie, van vandag af sal jy weer weet wat jou naam is.'

In die Sluisloop, wat onder vaarlandswilkers in die skaduwee van doringbome en tussen ente populierbosse deur sy bedding hou, soek die twee seuntjies oondhout. Koos bring sy draggie teen die wal uit en gaan onder 'n oliewenhoutboom lê; sy voet verdra nie dat hy daarop trap nie. Sy ouderwetse, amper volwasse gesig, gestut deur sy regterhand, dwaal dromerig met die spruit af, en sy ouboet hoor hy nie, wat hoog in 'n nabye wilker 'n droë tak ongemaklik staan en afkap. Koos sien net vir sy pa en die vos. Gister al, toe hulle die stal vir die perd aan-

mekaar getimmer het, was daar baie weemoed in sy gedagtes, altemit deur die pyn teweeggebring. Sy ma sou die doring mooi en baie saggies uitgehaal het. En tog bewonder hy sy pa met 'n lewende liefde. Vanmôre was hy vir hom soos die inspekteur, wat hulle kom inspekteer en vir die juffrou net laat lag asof sy bang word. Die inspekteur kom ook so aangestap net soos sy pa na die vosperd aangekom het. Die inspekteur dra g'n kamaste soos sy pa nie, maar hy dra darem iets wat soos 'n groot kamas lyk in sy hand. Vanmôre het sy pa te pragtig gelyk en hy kon ampers gehuil het van liefde en bekommerdheid, toe hy op die bakoond hom gesit en nakyk het. Sy pa het van gister af skielik 'n ander mens geword. Hy is hom gewend as iemand wat moeg aankom met die bladsak op sy rug en nou gaan sy pa dalk vreemd word vir sy kinders, want hy word nou ryk.... As sy oorlede ma nog gelewe het, sou sy seker al te bly gewees het vanmôre en sy sou maak dat hy nooit vreemd vir hulle word nie. - Hy mis sy moeder baie en toe sy pa daar wegry, het hy begin

verlang na die hemel; sy ma is daar; sy was vir hom baie teer en het hom dikwels 'my hansseun' genoem....

Koos is 'n ingetoë kind met onbegryplike oë, wat rondskuif in geselskap, maar rustig word en donker, wanneer g'n mens notisie van hom neem nie. Sy pa sê dat hy hom oorgee aan die duiwel, wanneer hy soms helder oordag wonderlike goeters geware, soos wolke wat vlerke het en koppe uitstoot met oë vol vlammetjies; dan lyk dit of hulle hom wil bekrui; - sy pa het hom al dikwels daarvoor geslaan as hy dan bang word. - As babetjie was hy baie gepla met stuipe en van dat hy hom bewus is, sien hy die wonderlike goeters al. Partykeer krioel hulle in die hoek van 'n kamer; soms is daar engeltjies tussenin, wat op en neer gaan. Dan voel hy glad nie beangs nie; eerder gelukkig. Maar wanneer iets bo van die balke af vir hom lê en loer, dan word hy benoud en bang, want dit moet die duiwel wees. Vroeër het hy altoos by sy moeder skuiling gesoek en sy het hom gestreel en teen haar vasgedruk, terwyl sy pa dan sê dat die kameel hom ry en dat hy moet

loop speel! Nou sê almal dit en hy probeer maar om sy kop toe te trek wanneer hy die kameel sien. - Soos sy pa gisteraand vir hulle duidelik gemaak het, kan dit maklik 'n kameel wees, wat met sy lang nek en hoë pote bo-oor die balke loer. So'n vreeslike dier kan nooit deur die oog van 'n naald gaan nie. Hy hoop dat hulle arm sal bly, want hy verlang na die hemel waar hy weer sy moeder sal ontmoet....

So in gedagte dwaal sy oë langs die Sluisloop af, tot sy ouboet ook sy drag oondhout uitbring en langs hom kom sit. Hy vee die sweet van sy voorhoof af met sy hems mou en sê: 'Nou sal jy tog ook kan uitsit en groot en sterk word, Koos; vandag eet ons brood en vleis!' Die jongste luister skaars na Ouboet se voorspelling; dieper gedagtes hou hom besig.

'Ouboet, Pa lyk vanmôre soos die inspekteur van die skool, nè?'

Die oudste lag, maar voel tog dat Koos in sekere sin die waarheid sê. 'Ja, Koos, maar Pa is eintlik die inspekteur van die sprinkane. Die hele vlakte is aanmekaar van hulle en

oor 'n ruk sal jy die kleintjies sien uitkruip en dan moet Pa hulle inspekteer en doodspuit.'

'Die inspekteur ry in 'n motorkar; hy is seker baie ryk. Gaan ons nou ryk word, Ouboet?'

'Ek dink so, Koos, want Pa het nou alreeds 'n perd.'

'Ek sal baie spyt wees as ons eendag ryk gaan word, Ouboet!'

'Ek sal juis baie bly wees, want dan ry ek ook rond soos Pa en later dryf ek sy motorkar. Hoekom sal jy dan spyt wees, Koos? 'n Arm mens kry mos baie swaar.'

'Ryk mense kom nie in die hemel nie!' antwoord Koos, met 'n droewige klank in sy stem, en sy oë glans vogtig.

'Moenie glo nie! Oom Lewies lees elke aand ook in die Bybel en hy bid en sing en gaan kerk-toe, en hoekom mag hy dan nie in die hemel kom nie? Die predikant is ook ryk en hy kom eintlik in die hemel, want hy praat gedurig daarvoor en oor die liewe Here.'

Die jongste se oë begin rond te skuif. Hy



moet sy ouboet glo, want 'n predikant is nog ryker as oom Lewies. En tog het sy pa dit uitdruklik in die Bybel gelees en dit mooi duidelik gemaak gisteraand, dat 'n ryke net so min die koninkryk der hemel kan ingaan as wat 'n kameel deur die oog van 'n naald kan gaan. Dis onmoontlik! Die Bybel sê mos die waarheid!....' Hy voel dat hy glad nie oor die saak kan praat nie, want dit is vir hom te wonderlik deurmekaar. As sy pa terugkom, sal hy vir hom vra of Ouboet ook reg is.... 'Kom ons loop, Koos!'

Elkeen vat sy drag. Ouboet het syne al voor die oond neergesmyt toe Koos kruppelkruppel nog halfpad van die spruit af aankom. Hy gaan terug om ook sy draggie te vat. 'Is jou voet nog baie seer, Koos?' 'Ja, Ouboet, en met rukke gee hy sulke steke tot bo my knie.'

Ousus het 'n ruk gelede agt gesonde boerebrode uit die oond gehaal. Die huis geur van die varse gebak en 'n broodhonger deurtrek die liggame van die kinders, behalwe Koos, wat nie die minste aandag aan die vreemde werksaamhede gee nie. Rondom is die opge-

wektheid asof 'n nuwejaarsfees in die woning gevier sal word; die oë word groot van ongeduld, die mage hap die geur in; almal snak na 'n korsie; maar Koos strompel deur die kombuisdeur na buite. 'n Stille drang dryf hom, soos in die verlede dikwels al gebeur het, na die allenigheid toe. Met alles wat daar in die huis gebeur het hy vrede. Vandag is sy geardheid eenkant-toe en hier op die bakoond voel hy die tevredenste. Hy kan daar ure deurbring, en die tyd gaan verby asof dit slegs minute is, so droom sy gees dit deur, want daar is soveel beroering in sy siel, dat sy hoof as 't ware opgelig word deur die vinnigwoelende gedagtes. Sy harde vader; die groot feit dat hy op 'n vosperd weggery het om sprinkane te verniel en om ryk te word; verlange na sy moeder in die hemel - alles geprikkel deur die pyn wat hy moet verduur, is te veel vir sy gemoedjie.

Die vlakke lê soos 'n boek vol vreemde letters voor hem oop. - Sommerso vanself kom die sprinkane daar uit en dan moet sy pa hulle inspekteer. Hy sal baie fyn moet oplet, want die vlakke is groot en so dood as 'n

klip.... wonderlik dat so'n dooie ding tog lewendig is.... Die vosperd sal baie sprinkane doodtrap - sy pa sal hulle woel; hy kry alles reg! Daar is nou al twee sakke meel in die huis. Sy pa het 'n perd gekoop en as dit so aanhou is hulle netnou ryk. Dis darem goed dat sy moeder betyds doodgegaan het, want anders sou sy nie in die hemel gekom het nie. Sy sou hom darem nie so baie seer gemaak het met die doring nie; haar hande was sag; haar stem het hom altoos nader getrek, vir haar was hy nooit bang nie.... As hy nou ook doodgaan, dan kom hy ook by sy moeder in die hemel, maar hy is bang om dood te gaan, vernaamlik wanneer dit donker is. Hoekom kan 'n mens nie lewendig in die hemel kom nie? Die sprinkane kom dan lewendig uit die grond uit en 'n mens moet dood in die aarde ingaan, voordat hy in die hemel kan kom.... Hy draal met sy gedagte oor die wonderlike raaisel. Dit moet sekerlik die engeltjies wees, wat hy soms in die hoek van die kamer sien, wat 'n mens dan optel na die hemel toe. Hulle gly so pragtig op en af en gaan sommer

deur 'n muur en hulle kan seker sommer ook in die grond ingaan om 'n mens daar te vat.... Hy moet tog nie in die donker nag doodgaan nie, want dan kan 'n mens niks geware nie, hy moet doodgaan as hy iets kan sien. Die liewe Here moet hom tog maar help om in die dag te sterwe, soos sy moeder. - Hy sal bid, want hy wil graag by sy moeder in die hemel wees....

Hierdie kringloop van gedagtes het die seun daar gehou, roerloos soos 'n beeld, starend oor die vlakte met sy onbewoë blik, sonder glans.

Ousus het vir die kinders gewaarsku om vir Koos nie te hinder nie. Sy wil tog kyk hoelank die outjie dit daar op die bakoond kan uithou. Vroeër het sy hom ook so dopgehou; een uur en twintig minute; maar hierdie keer gaan hy dit ver uitstof. Tog moet sy hom teen skemertyd gaan roep. Hy skrik toe sy hom aan sy arm vat. 'Op die kop drie uur en vyf minute Koos, hê-jy hier vanmiddag op die oond gesit! Wat is jou plan? Die kameel gaan jou weer ry as jy so eenkant-toe padgee!'

Nukkerig brom hy: ‘Dis nie waar nie! Ek het flus op die oond geklim om te kyk hoe Pa sal maak as die sprinkane uit die vlakte uitkom.’

‘Jou lawwe ding, dan sal jy jou deursit. Pa sê maar net die mense aan. 'n Sprinkaanbeampte is iets nuuts! Pa moet die mense eers touwys maak! Kom ons gaan eet!’

Teen die gebod van haar pa bly hulle in die huis. Ousus voel vandag te selfstandig, en sy 't mos al dikwels met die kinders alleen in die huis oorgebly; baie nagte al en haar pa was nooit so besorg as vanmôre nie. Hulle het nou ook niks meer van 'n ander nodig nie en waarom dan tant Leen-hulle lastig geval met die hele pakaas om daar te slaap? Sy is niks bang nie, Ouboet nog minder en die ander tweetjies weet van niks! Wat sal hulle hier kan oorkom? As Koos maar net nie vannag iets onsigbaars geware nie, want dan kan 'n mens darem al te maklik bang word....

Haar selfstandigheid verhoog ook die gevoel van verantwoordelikheid en terwyl die viertal om die kombuistafel sit, word sy ern-

stiger en die ander eerbiedig stil, asof hulle vader ook daar is. Sy voel dat sy moet lei. Een vir een staan hulle na gewoonte op om te sê dat hulle versadig is en sy vervolg: ‘Bring maar die Bybel, Ouboet!.... Dankie!’

Vol ontsag kyk hulle almal na hul ernstige suster; Koos voel veilig en tevrede, want hulle dien die Here ook al is Pa nie by hulle nie. Klein skuif tot teen haar vas en kyk ook in die boek; maar Ouboet voel amper vreesagtig in die eerbiedige stilte waarin net die omblaai van die groot blaaie gehoor word.

Ons sal maar die volgende hoofstuk lees. Pa het gisteraand Markus tien gelees, nè Ouboet?.... Pa kan maar weer die elfde ook lees as Pa wil en dan kan Pa sommer vir ons 'n uitleg gee van wat ons nie verstaan nie.’ Sy dreun sonder stembuiging die hoofstuk taamlik vloeiend deur en vra daarna vir Ouboet wat hy onthou het.... Ewe ernstig asof sy pa daar voor hom sit, staan hy op; sy hoof buig effens oor na sy regterskouer. ‘Ek het onthou, Ous, dat hulle klere op die

pad gegooi het vir die Here om oor te ry op die vul.’

‘Ja, Ouboet, dis toe die Here sy intog in Jerusalem gedoen het.... Sit maar, Ouboet!....

Koos, en jy? wat het jy onthou?’

‘Ek het onthou van die vyeboom, Ous..’

Maar verder sien sy geen kans om haar pa te volg nie en Ouboet is te onnosel vir soiets. Koos sou sy kon gevra het as hy Ouboet se jare had; hy en 'n gebed pas beter saam.... Skugter slaan sy haar arm om Klein se nek en gee haar 'n soen op haar voorkoppie. Die drietjies ontvou hulle hande en kyk hulle Ousus eerbiedig agterna toe sy die Bybel bêre....

Ouboet en Koos kruip in op die groot katel agter die gordyn. Almal is nou bymekaar in een kamer en dis vir Ous 'n heerlike gerustheid toe sy die kers doodblaas. Na die dood van haar moeder was dit vir haar vandag die gelukkigste dag; die lewe het vir haar 'n groter betekenis gekry, haar persoonlikheid het selfbewus en sterker geword, sodat sy maklik die huisgesin byme-

kaar kan hou. Al bly haar pa ook weke-lank weg, daar sal niks verkeerds gebeur hier nie; sy kan vir alles sorg, ook vir hulle geestelike behoeftes. Sy verlang daarna en voel gelukkig deur die gedagte, om regtig soos 'n moeder selfstandig alles hier te bestuur. Wanneer Klein volgende jaar ook skool-toe gaan, sal sy vingeralleen, wel baie eensaam voel, maar dan sal sy sorg dat hulle koffieketel die heeldag warm bly. Die jongetjies van Sluis sal dit wel gou agterkom; sy kan maar baie dikwels die werf gaan vee, so ewe ongeërg, en Adriaan de Bruin of Sarel Venter sal sonder moeite na haar toe kom; dan kan sy vir hulle koffie inskink, en hulle kan gesels oor vergange skooldae en oor die lidmaatskap wat nog voorlê. Altemit kan hulle dan saam 'n klas vorm, die aande wanneer haar pa tuis is. Hy sal bly wees om so'n werk te doen, want hy is so begaaf om 'n mens uit die Bybel en vraeboek te leer.... Sy dommel weg in die heerlijkheid van haar droomgedagtes en dis nog net Koos wat in die groot donker van die potdigte slaapvertrek lê en omdraai....



Die stekende pyne wat in sy been optrek hou die slaap van hom af en die innerlike onrus wakker. Na die boekevat van Ous het hy so tevrede gevoel, selfs gelukkig, omdat hy oortuig was dat hulle die liewe Here behaag het. Maar nou hier in die donker word dit haas onmoontlik om aan die liewe Here te dink, al probeer hy ook hoe.... Dis of die donker moedswillig planne uitvoer om sy begeerte na die liewe Here om te krap. In die voelbare duisternis is dit of hy kort-kort 'n vlugtige skynsel geware, en al knyp hy sy oë bot toe, dan sien hy hulle nog. - Op hierdie selfde katel het sy moeder gesterwe. Vinnig draai hy hom weer om op die ander sy. Die engeltjies moet hulle tog nie klaarmaak om hom te kom haal nie; dis te donker; doodgaan in die nag is te vreeslik! Hy moet probeer om wakker te bly tot môre vroeg. Bedags kan hy langs die Sluisloop lê en slaap! Die dood moet hom vang as hy wakker is, dan weet hy tog wat gaan gebeur. Hy word benoud van angs en kruip vas teen Ouboet aan, maar die gedagte dat die engeltjies hom kom haal los hom nie. As sy moeder nog ge-

leef het sou sy hom nou vasgehou het in haar arms soos vroeër en dan het hy altoos veilig gevoel.... As Ousus wil, kan sy hom ook vashou, maar hy durf sy geluid nie in die donker in te stuur nie om haar te roep. Sy asem gaan vir hom juis reeds soos sugte wat uit die donker uitkom. Die sweet breek orals uit; dis of hy bo sy kaal arms 'n wolkerige wasigheid sien optrek. Hy kan dit nie meer hou nie, en roep met 'n skerp snydende stem as 'n wanhoopsroep vir Ousus.

‘Koos!.... wat is dit Koos?’ klink die verskrikte stem van die bedjie af. Ouboet het hom omgedraai en daar kreun 'n rukkerige klank deur sy neus.

‘Ousus, steek tog op die kers dat ek kan sien!’

‘Wat makeer dan, my Boetie? Ry die kameel jou weer?’

Die vlammetjie staan roerloos om die pit. 'n Pieperige stemmetjie soebat van agter die gordyn.

‘Ousus, ek voel so bang! Laat ek tog by jou slaap asseblief!’

‘Hoe orig!’ lag Ousus. ‘Kom maar jong!’

Ek sal vir Klein oordra!.... En vir wat is jy dan so bang?’

‘Ousus, ek wil tog nie in die donker so allendig bly nie; ek voel of ek sal doodgaan!’

‘Jy sal nog eendag mal word as jy jou so oorgee aan die duiwel, Koos!’

‘Is dit dan die duiwel, Ous?’

‘Ja, my Boetie, die duiwel maak 'n mens bang en sodra as jy bid dat die Here jou van die bese moet verlos, dan gee die duiwel pad.’

‘Ousus, maar wat moet ek dan sê laat hy kan pad gee?’

Sy stoot haar arm onder Koos se hoof in en trek hom teen haar vas. ‘My liewe Boetie, kom ons twee bid saam die Onse Vader en net soos ons kom by: “en verlos ons van die bese” dan sal jy sommer voel dat jou bangeit weggaan.’

Met veilig voelende vroomheid prewel Koos die woorde saam met sy Ousus.

## Hoofstuk VIII

Nadat Bredenhand die ouers van Dirkie gegroet het, vra hy taamlik beslis vir haar om saam te stap tot by die hek.

Meneer en mevrou Coetsee bly verwonder op die stoep agter, toe hul dogter so ewe gedwee langs Lambertus loop, asof sy weet-nie-wat van hom is nie. Sou sy nou waarlik tog haarself aan die wewenaar oorgee in weerwil van haar lighartige taal oor hom? Hulle kyk mekaar aan met die stille vraag en dieselfde gedagte, waarop hy spontaan sê: ‘Nogal astringent van haar en dit so onder ons oë; dit lyk amper of hy seker van sy saak is.’

Met 'n sug antwoord sy: ‘Die kind is baie fyngvoelig; sy wil nie graag 'n mens onnodig seermaak nie en daarom stap sy sommer vir die vrindskap.’

‘Ek glo darem ook nie dat sy haar kop gaan verloor nie, Moeder. Sy is 'n te verstandige kind daarvoor; maar sy het haar jare en Bredenhand is geen onaansienlike persoon nie.’

‘Hy is ook 'n ernstige man; sy slotgebed vanmôre het my geroer; 'n mens kon voel dat sy gemoed beswaard was.’ Sy sug alweer en albei kyk na die twee wat blykbaar in 'n gesprek by die hek staan. Hulle is nogal tydsaam om afskeid te neem. - Hoe lank hou hy haar hand vas....

‘Ek wil nog maar net 'n paar woordjies met jou gesels; want my wetenskap sê aan die eenkant: praat met Dirkie, en aan die anderkant: sy meen self nie wat sy gesê het nie. Ons papiere lê nog deurmekaar; kyk ons moet ons kwessie klaarder uitpraat; jy laat my in die onversekerdheid, Dirkie, en ek kan nie so vertrek nie.’

Dirkie voel verleë om so onder haar ouers se oë langs die wewenaar te stap; hy het te onverwag gevra; sy kon skielik g'n gedagte om te weier vind nie, en sy 't gevoel dat sy moes gehoorsaam teen haar sin.... En nou praat hy asof hy al regtig gevorder het oor die kwessie tussen hulle; dis aanmatigend en astringent. Sy word effens ongeduldig en antwoord beslis: ‘A, nee a, hoe kan Oom dan so sê? Ek het mos openhartig gepraat; Oom

kan verseker daarvan wees wat ek gesê het, het ek gemeen!’

‘Ek het vannag baie oor die saak gelê en dink, want dis vir my 'n hartsaak, 'n gewetensaak, 'n sielsaak. Jy is 'n kristin, Dirkie en jy gee soveel te kenne: as my kinders daar nie was nie dat ek welkom sou gewees het. Ek sê, jy het dit nie gemeen nie.’

Hulle staan by die hek waar die gesaalde vosperd wag. Sy het g'n lus om te argumenteer nie, maar nietemin luister sy tog na die mooi geluid van die dringende stem, wat baie sag en tog so duidelik praat. ‘Ek is g'n oppervlakkige meisiemens nie, Oom Lambertus!’ verklaar sy ernstig en haar houding en blik beklemtoon dit.

Sy beheerste hartstog raak los en tintel deur sy liggaam en sy oë kry 'n vreemde gloed, terwyl hul oor die meisie flits en die begeerte om die vroulike gestalte te besit, word oppermagtig. Vinnig, amper dreigend vra hy: ‘En dis die enigste beswaar? Jy het niks teen my persoon nie, Dirkie? Dis net my kinders wat jou hinder?’

Sy huiwer en word effens beangs. Hy lyk

opeens so geweldig, asof hy haar kan gryp, en tog stoot dit haar nie af nie; die krag wat haar skynbaar wil oormeester trek haar eerder aan. 'n Nuwe gevoel van haar vroulike wese klop in haar gemoed en opgewonde antwoord sy: 'Nee, Oom Lambertus, ek sê nie dat jou kinders die enigste beswaar is nie, maar hulle is 'n onoorkomelike beswaar. As hulle daar nie was nie, sou die saak vir my glad anderster gewees het. Ek het sekerlik respekte vir jou, Oom, maar liefde is 'n ander ding.... ek wil natuurlik ook eendag graag my eie huis hê, maar dan sonder bekommernis....'

'Verwag jy van my dat ek my kinders moet afstoot?'.... val hy haastig in.

'Dit sê ek nie.... maar kyk, Pa en Ma sien vir ons en hulle kan dalk verkeerde gedagtes kry; ons staan hier so lank en gesels, asof daar regtig iets tussen ons bestaan,' besluit sy met 'n glimlag en sy steek haar hand uit om te groet.

Hy vat dit gretig vas. 'Maar vrindskap bestaan tog seker tussen ons.... Jy het my regtig teleurgestel, Dirkie!.... Ek kom

weer! Laat jou gedagte gaan, ou Suster, ek is seker dat jy dan anderster sal dink.' Hy druk haar hand en kyk ernstig in haar laggende oë, waar 'n flikkering van spot uit straal, wat hom tref en kwes, en hy hoor: 'Ek sal mos nie verander nie, Oom!'

Met 'n diep sug raap hy hom op die vosperd. 'En ek sal nie moed opgee nie!' werp hy haar toe, en met die wegry lyk hy soos 'n kommandant, wat aan die spits van sy burgers gaan.

Dirkie kyk hom agterna. Die spot verdwyn uit haar oë vir 'n droomglans. Hy is darem 'n knap wewenaar.... jammer! jammer! Langsaam loop sy in 'n bedrukte stemming terug.

Die wilkerbome by die dam onttrek hom aan die oë op die stoep. Sy fiere houding sak gaandeweg inmekaar. Diep in gedagte wieg hy in die saal; die teuels hang slap, en dooierig hang sy liggaam op die vos, wat sy pasgang egaal hou. Hy voel tevredener oor die afskeid as oor gisteraand se gesels. Flus was daar 'n intiemer verhouding tussen hulle twee en sy het openlik erken dat sy respekte



vir hom het. Dis na verwant aan liefde. Maar tog, die spot wat uit haar oë gestraal het en die onverskillige besluit dat sy nie sal verander nie, het soos 'n sweepslag deur sy siel geklap. Dis moeilik om so'n vroumens goed te verstaan. Dis gee en vat, lok en afstoot onder die beheer van 'n koppige eiesinnigheid, wat soos 'n neet klou aan haar lewensopvatting. Hy sien haar in die blomtuin met die gieter, en hy sien haar by die hek, waar sy haar mooi postuur orent gestoot het vol argument en insiklikheid en bekoring, dat hy haar kon wegsleep van die plek af. Die natuur van 'n vrou moet anderster wees as die van 'n man. Dis soos 'n krap wat agteruit en dwars loop na sy bestemming toe. Sy wil en wil ook nie, kafbesware belemmer die pad van haar natuurlike beloop en kafredenasies steek haar in die pad. Dirkie se onbesorgde en gelukkige lewe was om die kinders van haar ousus groot te maak. Die roeping van 'n vrou het sy volbring in die voorhof van haar lewe en nou is dit haar beswaar om die lewe verder daarmee in te gaan. - Nee wat, dis sommer grille

wat ook by 'n vrou se natuur behoort. Dirkie was hartlik, innemend by haar besware, en sy moet die moeder van sy kinders word! Haar besware het g'n reg van bestaan nie, al stoot sy hulle nou met haar bekoorlike koppigheid vorentoe; hulle moet uit die helder hoof van haar geban word, want hulle is uit die bouse. Sal sy hom respekteer as hy sy verantwoordelikheid vir sy kroos prysgee om haar ontwil? Sal sy die swakheid ooit kan goedkeur? Nee wat, sy is nie so harteloos nie en hy sal en kan dit nie gedoog nie; selfs Koos gaan by hom bly! Sy vaderskap is nou die heiligste plig wat hy het, g'n vroumens kan hom daarvan beroof nie....

Hy dryf op die gedagtes weg in die beminlikheid van Dirkie. - Hulle twee sal saam weer 'n nuwe lewe begin.... Hy voel so seker van sy saak asof sy hom reeds die jawoord gegee het....

Ouboet loop hom met 'n van vreugde stralende gesig tegemoet en vat vir Poon om die perd koud te lei. Die ander kinders staan hom en inwag by die kombuisdeur. Sy vaderhart word groot en dis of hy die klop-

pende drang daar voel om sy liefde vir hulle te openbaar. Met 'n diep stem groet hy hulle kortaf: 'Middag kinders!' en gee vir Ousus en Klein 'n soen. Ousus skink dadelik vir hom koffie in. Nooit van te vore, selfs nie in die kommervolle dae na sy vrou se dood het hy so intiem vir sy kinders gevoel as nou nie.... Stil oorweeg hy hulle toekoms met sy jong liefdesplan. - Dit sal min moeite kos om hulle uitmekaar uit te maak. Koos is so te sê al geboek en swaer Lewies sal Ouboet sonder frons of oëknip ook byneem as hy net praat. Klein kan by haar Ouma bly; moeder het al dikwels soveel as te kenne gegee dat sy baie graag vir Klein wil grootmaak. Ousus kan 'n betrekking by die leraar kry om sy kindertjies op te pas; sy is uitgeknip daarvoor.... dis maklik om van al die sorge ontslae te raak en dan is sy pad oop na Dirkie toe.... Driftig drink hy sy koppie leeg.... Dis duiwelse gedagtes daardie wat slu en verleidelik konkel met sy besef van plig en roeping. Basta! Bedaard vra hy vir Ous:

'Hè-julle vannag by Ouma-hulle geslaap?'

‘Nee Pa, ons het sommer hier gebly, want Pa sal van nou af seker baie nagte moet uitbly op die amp en ons kan tog nie altoos uitslaap nie. Ons is nie bang nie, Pa!’

Hy knik. ‘Ja, my kind, dit sal heel waarskynlik so wees en as julle hier kan reghou, is dit beter.... Ek wil nou net vir Ouma gaan groet.’

Toe sy in die kombuis die klankvolle stem van haar oudste hoor, kom haar geboë houding orent in haar leuningstoel en toe Lambertus in sy amptelike vertoning in die agterhuis verskyn, verhelder haar gelaat deur 'n bekoorlike glimlag. Sy wenk hom en trek met dieselfde hand sy stoel nader na haar toe. ‘Kom sit hier my seun! Kom vertel vir my! Ek wil mos weet hoe jy gevaar het op die amptelike tog!’

Bredenhand sak gewigtig neer op ‘oom Lammie se stoel’ met 'n glimlag en 'n sug: ‘Hoe lyk dit dan vir my of Moedertjie danig nuuskierig is?’

Sy hou haar hand op sy knie en kyk hom met 'n tere hoogmoed aan. ‘Ek is nuuskierig, my kind; 'n moederhart wil alles weet van

haar kinders en in jou geval is dit iets groot besonders, Lammie.’

‘Nee moeder, hoe sal ek sê -, dit het baie, baie voorspoedig gegaan,’ antwoord hy, terwyl hy die as van sy pyp afdruk en langs sy neus verby beskou.... ‘Ek wil darem ook sê en my veronderstelling gaan met my saam, dat my werk al my verstand sal insleep om skoon en helder daardeur te kom.... Die verantwoordelikheid wat op my rus is baie groot.’

Hy 't klaar met die as en kyk selfbewus gewigtig na die kamer se hoek, terwyl die moeder haar hoof effens laat sak en jammerhartig skeef hou, wyl 'n suggie oor haar lippe glip. Sy voel diep onder die indruk van Lambertus se vernaamheid en moeilikhede, en haar hele houding sê: ‘Toemaar Lammie, praat verder my kind, ek luister!’

Sy hoof swaai resoluut van die hoek af weg omhoog en sy sware stem klink beslis: ‘Maar ek sal deurkom, Moeder! Ek sal deurkom! Dit gaan daarmee soos met ieder nuwe onderneming. Elke begin bring die vreemdigheid saam en daarna word die werkstallig-

heid eers 'n gewoonte.... Ek wil daarmee nie sê dat ek moet leer nie, glad nie! Dis ons mense wat touwys gemaak moet word; hulle verstaan die nuwe reëling nog nie bra nie.... Ek wil sê dat die mense my deur die bank goed onthaal het en mooi na my geluister het. Hier en daar het hul 'n baster stryery aan die gang gesit, party van hulle was onverskillig, maar dis nie eintlik iets om oor te praat nie. Ek het hulle gou-gou stil gemaak en hulle belangstelling opgewek vir die saak. Ek kan nie kla nie, Moeder, want ek het maar met een korrelkop onder al die mense wat ek gister deurgeloop het, teëgekom. Louw Grebe is 'n kwasserige man, soos oom Karel Coetsee sê.' Sugtend beskou hy weer sy pyp se kop en druk met sy dik, ongevoelige duim die opkrullende vuur af.

Belangstellend vra die moeder na die welstand van die Coetsees. Dis of 'n skokkie haar skielik regop bring in haar leunstoel. Sy kyk haar oudste aan met 'n stil vraag in haar oë, wat met 'n skyn van skaamte opsy swenk, en dis vir haar voldoende.

‘Nee, nog gesond deur die goedheid. Hulle het vanmiddag groete laat weet. Ek het laasnag by hulle oorgebly. Dis regtig hartlike mense daardie, wat nog na ons ou opvatting van vriendskap lewe.’

Haar aangesig verlewendig, as sy vergeefs probeer om sy vlugtige blik aan hare vas te trek; maar rustig, effens gedemp sê sy: ‘Ja, my kind, dis ou bekendes, wat ons geaardheid getrou bly.... Hulle het mos nog vir Dirkie in die huis, nie waar nie?’

Vir een sekonde kon sy in die kinderoë sien en toe bespeur sy ook 'n glimlag wat van sy neusvleuels wegtrek in sy baard. Sy weet genoeg, al antwoord hy skynbaar onverskillig: ‘Ja, Moeder Dirkie is nog daar. - Sy is die regterhand van die oumense; 'n deeglike dogter; die huisgesin draai feitlik net om haar.’ Die pyp se as vra weer sy duim en daarna trek die kamer se hoek weer sy oë vas. - Die weduwee herneem haar geboë houding, gedurende die enkele sekonde van stilte wat volg. Sy swaai haar oë onderlangs op na hom toe en vra effens ondeund: ‘Hoe lyk dit Lammie?.... Jy kan dit tog nie vir

jou moeder wegsteek nie. Hê-julle same gesels?’

Die glimlag trek oor sy hele aangesig en hy kyk die onderlangse blik uitdaend aan: ‘Wat dink Moeder dan van my? Ek sal mos nooit so'n kans verby laat glip nie!’

‘Neef Karel-hulle is 'n voorklas en 'n skoon familie. Nig Mieta en ek het saam lidmaat geword.... Ek kon dit dink, Lammie! Maar as die Here dit so mag bestier, dan sal ek gerus wees as jy en Dirkie eendag saam kan akkordeer. - Sy is 'n sorgsame kind en sal goed vir jou kindertjies sorg.... Ag, my kind, jy moet tog maar mooi jou oë oophou en bedagsaam wees. Jy trek nou die wêreld deur en kom met baie mense in aanraking.... 'n Kwaai stiefmoeder is 'n ellend in 'n huis en ek kry Kosie so jammer.... Die outjie het mos laasnag weer bang geword. Hy is so aantreklik en absent. Die kind lê teer in my hart, Lammie!’

‘Hy is maar so van sy geboorte af, Moeder. Dit sal regkom! Dit sal vergroei; 'n mens moet hom net nie verpiep nie.... wat ek wil sê,.... ek het darem my lyne goed



gestel en heel waarskynlik gaan ek dié slag 'n paling vang.’

Haar blik van begrype glimlag hom toe en verstar direk toe sy sê: ‘Daar kom die kinders van Lewies-hulle af terug.’

Die stemme van Sarel en Lena nader die kombuis van buite af.

Sarel se oë blink van snaakse verwondering uit die masker van sy goedige gesig. - ‘Ouboet is op krygsdiens, nè?’ .... Hy skuif 'n stoel nader, terwyl Lena teruggaan om vir 'n verversing te sorg.

Bredenhand herhaal gewigtig en omslagtig van sy wedervare, dog kom nie naby Dirkie nie en daarna swaai Sarel weg op 'n ander koers. ‘Ek hoor dat jou Kosie by Lewies-hulle gaan bly. - Ek reken so, Ouboet, dat jy nie beter kan doen nie; vernaam van jy so los en vas van die huis af is.’

Die herinnering stol sy gedagteloope en skep skielik 'n gevoel van weerstand. Bredenhand staar skerp in die hoek van die kamer, terwyl hy sy pyp se kop met albei hande omvat. Verwonder en bly blik die moeder oor haar seuns en sê opgewek: ‘Ek voel regtig

dankbaar. Koos het die meeste sorg van al jou kinders nodig, Lammie!’

Dit lyk vir Bredenhend of alles saamspan om sy vaderskap te breek en juis vandag is die gevaar so sterk as ooit tevore; dog hy antwoord gedwonge-bedaard: ‘So was die plan Sarel, maar die loop van 'n mens se lewe draai dikwels wonderlike koerse uit. Gister en vandag verskil dikwillig so hemelsbreed, dat 'n mens se planne en voorneemstes van gister, vandag onuitvoerbaar word.... Daar het in my lewe 'n gesonde draai gekom en ek voel oortuig dat ek verkeerd doen om my huisgesin uitmekaar uit te maak.’

Sarel uiter net 'n langgerekte en onsekere ‘Ja, Ouboet.’ Almal swyg en 'n spanning volg. Sugtend breek die moeder dit en sê: ‘Krissie sal vir Kosie darem soos haar eie kind versorg, Lammie; - jy moet die kans maar vat, dit is tog in sy belang, en hy bly so te sê onder jou oog.’

Nou kom die ergernis so geweldig in hom op dat hy met 'n besliste gebaar die stemming wat hom wil verlei wegslaan: ‘Wag, Moeder, wag! Nee kyk, laat ons daardie

kwessie los; julle argumente is inblasings van die bose.... Ek sal wel môre met Lewieshulle praat.... Dankie, sus Leen!....' Hy neem die koffie van die skinkbord, maar luister tewens met klimmende verontwaardiging na die seëldruk-opinie van sy skoonsuster. 'Die bose en mensliewende dinge akkordeer nie saam nie, Ouboet. Ek dink dat jy baie ondankbaar is; sus Kris het vir my vertel dat die saak kant en klaar gereël is. Sy 't reeds vir my gewys waar Koos gaan slaap. Ons voel almal bly oor so'n oplossing, want jy kan nie stry nie dat Kosie stadig kwyn en in 'n baie bedenklieke toestand is. Jy kan gerus dié slag aan jou kind se welvaart dink.'

Sy harde stem oorval haar laaste woorde. 'Jy maak my seer, sus Leen! Jy maak my seer! Watter onheil broei hier onder julle op die sabbatdag? Netnou is die plaas vol van daardie nonsens. Dis vir julle lekker om daaroor te kekkel, nè? Julle weet niks.... niks....! Ek is vader; maar julle wil hê dat ek soos 'n niksnuts moet weghol vir sy optelkind.... Julle weet niks! Ek is moeg vir die

gelollery. Ek is moeg! moeg! moeg!’ Hy sluk sy toorn af, staan op en sê beheers kalm: ‘Naand, Moeder!’

‘En jy wil nou al loop?’ vra sy melankoliekig. ‘Jy moet tog nie kwaad word nie, Lammie; jou susters meen dit goed.’

Die glimlag lê koud op sy harde oë. ‘Kwaad word lyk anders, Moeder! - Kyk die son wil ondergaan.’ Spottend vervolg hy: ‘Ek moet nou na die kinders kyk, want hulle was van gister af tot flus heeltemal alleen!’

Hy stamp die kombuisdeur met 'n harde klap agter hom toe. Dit laat hom effens skrik, want hy wil geen kwaai gevoelens agterlaat nie, dog gaandeweg kry sy humeur die oorhand. Sy eie mense word op hierdie Sondag die handlangers van die duiwel, wat sy inwendigheid wil proklameer om hom onverskillig te maak vir die dierbaarste eiendom wat hy besit.... Met vaste stappe stap hy om die koppie en sy gevoel klim met die passe saam. - Wat die deksel het hulle met hom uit te waaie? Hy is mos nie 'n seun van vyftien jaar wat elke aand sy postuur vir sy

ouers moet wys, voordat hy gaan slaap nie! Dié remketting-heerskappy van ouer, broer en suster gaan hy afskud. - Sy eie spannetjie het met hom en die oorlede vrou saam 'n eenheid gevorm, dat die Almag alleen kan verbreek, en nou is hy en die kinders die eenheid, wat God alleen kan ontbind. - So is sy posisie op die huidige oomblik en hy weet dat hy vandag regstaan. - Maar nou knie die Satan al die mooi menslike eienskappe, soos liefde en besorgdheid met opofferingsbesef en dankbaarheidsgevoel, deurmekaar in die harte van moeder, broer en suster, net om sy kop deurmekaar te maak, teneinde die pad na Dirkie toe oop te stoot! Haar gevaarlik verleidelike woorde was ook die werk van die duiwel, wat nou met albei sy kloue in die kooksel van sy konkoksie knie.... Dié kinders van hom is syne; sy vleis en bloed! En dit is so verordineer vanaf die grondlegging! Hoe kan hy afstand doen van sy heiligste besitting? Weggee, onteien, vergeet?.... God bewaar hom daarvoor!

Hy voel dat sy gemoed saf word toe hy

die viertal geware in hul gewone niks-en-iets-doen-houdinge, om en in die huis. - Daardie kinders het God hom gegee en hy het saam met sy oorlede vrou die doopbelofte afgelê oor een vir een van hulle.... Gehoorsaam aan 'n spontane drang, buk hy by die binnekom by Klein en gee vir die kind 'n haastige soen, en voelend dat hy hom moet verklaar, sê hy vir die verbaasde dogtertjie, wat hom met vraag-oë bly aanstaar: 'Jou Pappie was mos weg en hy 't flus vergeet om vir jou te groet.' 'n Beroering trek deur die gemoedjies van die viertal, asof hulle in verwagting staar op iets besonder wat nou gaan gebeur....

'Koos, kom nader jong, gee laat ek jou voet sien. Jy word mos bang in die nag as ek weg is, nè?.... Hy is effens geswel - hoe is die pyn?'

'Nee, Pa, ek het nie eintlik so dood baie pyn nie; net partykeer is die steekpyn so op in my been baie kwaai,' antwoord Koos, met 'n pieperige stem effens gejaagd. Hy skraap al sy vrypostigheid bymekaar en bly langs sy pa se knie staan, want hy het nog

iets op sy hart wat hy wil vra; die ander drie skuif onmerkbaar nader.

‘Pa, ek wou nog iets vir Pa gevra het, Pa!’

‘Laat ek hoor, Koos!’

‘Ek wou gehoor het wat sê Pa; kom 'n predikant dan nie in die hemel nie, Pa?’

Die groot kop van sy kind slaan hom dronk. Waar kom hy aan daardie diepsinnigheid? Sou hy predikant wil word, terwyl hy bangerig voel deur die vrees van 'n onsekere saligheid?

‘Ek wil nie sê, almal nie, Koos. 'n Predikant is ook maar 'n mens, maar wanneer hy soos 'n kristen lewe, kan God hom in die hemel opneem.’

‘Maar 'n predikant is dan so ryk, Pa en 'n ryk mens kom mos nie in die hemel nie, nie waar nie, Pa?’

'n Glimlag trek oor Bredenhand se gesig; hy verstaan die kind se onsekerheid, maar onder die indruk van Koos se diep gedagte, verklaar hy ernstig: ‘My kind, ek sien volkome wat jou hart so danig beroer. Jy dink oor wat jou vader eergisteraand gelees het, en dis baie goed, Koos, dat jy soiets ter harte

neem.... Kinders, luister almal! Mag die Here gee dat julle net soos Koos die Goddelike Woord inasem, want dan eers word die Bybel se wetenskap 'n bron van kennis. Koos doen my nou hier 'n diepsinnige vraag, wat twyfel in sy jonge hart gewerk het, en ek voel vanaand regtig verheug daaroor. - In die dae toe die Here op die aarde gewandel het, was daar ook ryk mense, net soos nou. Hulle rykdom het hulle God geword en hulle van die Here afgetrek; hulle ganse doen en late was net geld, geld, geld, en dis hierdie soort mense wat bekwaald in die koninkryk der hemele kan ingaan, net so bekwaald as wat 'n kameel deur die oog van 'n naald kan gaan....

Is dit vir jou duidelik, Koos?’

‘Ja, Pa!.... maar ons sal nooit nie so ryk word nie, nè Pa?’

‘My kind, waarvan praat jy nou? Ons sal maar arme Adamskinders bly, al verdien jou Pa 'n weinig as sprinkaanbeampte; rykdom lyk anderster, Koos!’

'n Blye glans verlig Koos se gesig; hy voel gerus.



Bredenhand se vaderhart word groot. Watter span kan teen syne optrek in godsbrug en 'n goeie stil geaardheid? En nou moet hulle uitmekaar uit? 'n Buitestaander kan 'n vaderhart nie peil nie.... Koos moet eendag, so die Here wil, predikant gaan word.

## Hoofstuk IX

Jeugdig groeiende gras bedek die vaal verwinterde vlakke, waarop glad-verhaarde beeste al rustig begin te wei. Die veld lê glansend-groen in die môreson, wat al die kragte van die weefsels in die grond koester om lewe voort te bring, en op die blokke omgeploegde aarde heers bedrywigheid. Dit is die ure van skep, opbou en groei, want in die natuur is die stukrag, wat die kieme vinnig laat ontwikkel. Die bo-kors van die vlakke word beroer, die tyd van uitbroei is daar.

Plek-plek kruip die pasgebore sprinkaanlewe uit die grond en spring met swak pogings die kraggewende lig tegemoet; elke grasblaar in die pad moet sterf om daardie lewe op te bou. Onsigbaar eers, dog al gou merkbaar spring hierdie nietige insekte na mekaar toe, asof hul instinkmatig voel dat in saamtrek hulle krag sit. Dis of elke sprietjie, wat tot in die grond toe afgevreet word, hulle laat groei en vermenigvuldig, totdat een wemelende massa opmekaar wriemel,

die sagte weiding toemaak en verteer, en soos 'n golwende rooiwatervlak na die opkom van die son toe hobbel en knabbel onder skurwe skuurgeluide. Agter bly die aarde doods en kaal, asof 'n kudde skape daar op die veld vasgekeer was.

Na die middagete keer Gert Bouer met sy volk van die woning af terug na sy groot blok droë land, waar hy dieselfde môre mielies geplant het. Meteens kom hy op die eerste swerm voetgangers af, wat 'n akker se breedte oor die voetpad van die veld gebuit het.

Hulle staan vir enkele sekondes vasgepen, asof die krioelende gewriemel met sy suiselende suggeluid hulle hipnotiseer....

‘Jô! Auk!’ roep die volk, en Bouer sê verbaas: ‘Flus het ons g'n spoor van hulle geware nie. Hulle kom net so vinnig as die skade wat hulle aanrig!.... G'n stuk versuim nie!.... Die plantery moet maar wag!.... Hy stuur 'n Kaffer na die polisiestasie om spuite en sprinkaangif te haal en een na die beampte.

Bredenhand popel van werkywer toe hy

die boodskap ontvang. Hy is vol selftevredenheid noudat hy sien dat sy mense wakker is, want hy het hulle mos ook al te deeglik deurgeloopt. Dit was maar voorsorgmaatreëls; nou begin sy werk eers regtig. - Haastig steek hy hom in sy amptenaarskleding, en laai met omslagtig veel vermanende woorde die sorg van sy huishou op sy oudste dogter, wat verwonderd voel oor die kaste besorgdheid van haar pa.... Hy voel effens bekommerd oor Koos, en terwyl hy die saal op die perd se rug gooi, sê hy: 'Die werkstalligheid dwing my nou om tydig en ontydig uit te spring! Jy moet maar styf staan, Ous en hier agterlangs die sake reghou. Heel waarskynlik sal ek daelank van die huis af wegbly want my wyk is groot en die voetgangers, wat uitkruip, kyk nie na my geriewe nie. Maar belowe my dat jy gereeld oor Koos sal dokter! Sy voet lyk nie vir my al te mooi nie; - jy moet niks versuim met die ghries nie, Ous, en as hy nou slegter word, hou hom dan maar uit die skool uit; hy loop reeds baie melankoliekig.'

Hy trippel op die vosperd weg, selfbewus van sy waardigheid en plig. Na 'n tiental minute trek hy op 'n vinnige galop, toe hy daar ver op die vlakte 'n klompie mense geware. Dis die hele Bouer-seksie daardie. Almal is seker nuuskierig om die besondere werkstalligheid te sien.... Sowaar, neef Gert is al besig met die spuit! Dis fluks! 'n Witman daardie!

Inderhaas passeer hy, lugtig groetend, die moeder en Bettie met die kwinkslag: 'Julle moenie bang word om die rooibaadjies dood te trap nie! Trap hulle! trap rond!' Hy spring van die vos af by neef Gert, om die kwasi-ernstige verwyt te hoor: 'Pleks dat jy my oproep, moet ek jou kommandeer, Neef Lambertus!'

'Nee, maar dis reg, Neef Gert! Ek wil maar net sê dat 'n kommandant maar 'n dienaar van die hoë gesag bly, en dis in elke instansie die uitvoering van sy plig.... Ek het die werk aangevoer, jou tyding het my wakende gevind.... maar kyk, ons moet roer!.... Outas bring die water aan net so vinnig as julle kan!.... Neef Gert, ek sal

die spul hiervandaan omsingel, probeer jy net om hulle van die hotkant toe te dam.... Gooi in, my outas!.... Gooi in! Loop haal nog water, roer julle....! Sien jy Bettie hoe salig die voorste klomp al pote-uit is en hierdie spul wat ek nou net klaar gespuit het, verloor hul aptyt; hulle litte word lam, ou Suster, hulle voel naarr!

Bredenhand word opgewonde deur die wriemelende lewe hier voor sy voete. Die bontspringende rooi-insektegolfies, wat vasberade, dom-astrant na sy posisie toe vreet met hul geheimsinnig sugtende geraas, voor sy oë tril en dribbel, sodat hy g'n oogknip een bepaalde plek kan dophou nie, werk op sy haastigheid. Bettie se welmenende: 'Ja, ek sien dit, Oom Lambertus!' hoor hy skaars. Hy het die teenwoordigheid van die nôi, wat een van sy vlamme was, vergeet; hy volg net die inspirasie om daardie onverbiddelik vooruitkrioelende massa te stuit. - Meganies wissel sy hande om die handvatsel van die spuitpomp en telkens loer hy oor sy skouer of die outas met die water aankom, wanneer die groot-lampolieblik se gifmeng-

sel na die boom toe sak. Hy weet nou dat die plaat rooibaadjies agter hom sal opdroë waar hulle lê, en voordat die son wegtrek, toe hulle op die kaalplek uitkom, begin hy te glo dat sprinkane uitgeroei kan word. Toe sy hand die spuitpomp los, roep hy segevierend uit: 'Ons het die slagveld behou, Neef Gert, die vyand is verdelg!'

'Jy meen ons het die brandwag klaar gemaak,' sê Bouer. 'Die groot kommando's lê nog voor en wag. Dit lyk vir my of daar reeds 'n rapportryer vir jou aankom, Neef Lambertus; - dit is de Bruin se jong.'

Bredenhand ontvang die brief met gefronste wysbroue. 'My jong, loop bring vir my die vosperd hiernatoe!.... Ja, Neef Gert, dit lyk vir my ook of ons maar met 'n voorpossie van die vyand te doen gehad het. Maar ons het hom darem lelik die skrik op die lyf geja; ons was vir hom 'n bietjie te kras hier in jou posisie, want nou verken hy die veld na de Bruin se lande toe.'

In die vaartgevoel van sy haastigheid laat hy die vosperd weggalop, asof 'n dodelike krankte hom na de Bruin se huis geroep het.

Die prikkel om die plaag te beveg is in sy bloed; die miljoene en miljoene mag hom nie wen nie!....

Dis skemerdonker toe hy by de Bruin se huis afsaal. -

‘Kom binne, oom Lambertus!’ nooi Alida hom met 'n vrindelik glimlaggende gesig in die huis. Die gedagte spring uit sy hart uit: ‘Jy is laat, ou Suster!’ Die tafel is alreeds gedek toe hy die kamer voor Alida binnetree en luimig vir de Bruin groet:

‘Dit lyk vir my of julle mense my noual wil opdons tot by oom Daantjie in die kalwerhok!’

Taai soos tameletjie kom de Bruin se woorde uit sy keel, terwyl Bredenhand se wil en werklus glipperig soos seep is, wyl hy luister na die lysige bewering: ‘Die voetgangers is nou skadeloos....’ wat hy perdomps afbreek met wat op die moment in sy gedagte kom.

‘Gert Bouer en ek het vandag gespook, de Bruin. Ek sê vir jou dit was 'n tamaai swerm, daardie; my arm het dit geware. - Ek sal vanaand vir julle inspan om te spuit.’



‘Hulle kruip mos in die aand opmekaar en....’

‘Ja, hulle is oulik, hulle soek mekaar se warmte op om lekker te kan slaap en dit sal vir ons net so'n om- en omloop wees om hulle met die gifsprei toe te maak.’

‘Ek glo nie al te danig aan gif nie, ek....’

‘Ek sweer dat die spul duskant Gert Bouer nooit weer sal roer nie.’

‘Ek dink ons moet hulle met 'n doringboom doodsleep, dan bly die veld gesond.’

‘Jy meen soos die oumense gemaak het? Goed, Neef! Bring maar jou osse,.... laat die doringboom maar kap!’

‘Hulle is voorlopig skadeloos en ons kan maar eers iets eet.’

‘Dis ook goed, maar dan moet ek vannag by jou oorbly.’

Sy ampswerk het nou vir Bredenhand onder die duim. Oral op die vlakke kruip die voetgangers in groot plate na mekaar toe en die berigte bereik hom op sy posisie. Hy kan geen nag in sy eie huis deurbring nie, en hoe hy ook probeer om saans die

woning van oom Karel Coetsee te bereik, daar was telkens verhinderling.

Op die derde agtermiddag van sy veldtog werk hy in die buurt van Louw Grebe. Die vaarterigheid van sy doening het effens verslap, toe hy die berig ontvang, dat sy teenwoordigheid op daardie plek vereis word, want daardie kwasserige man verstaan g'n rede nie; dog tewens het 'n sprankie blyheid hom begeester omdat die buurt hom aantrek. Vanaand sal hy darem vir Dirkie kan gaan kuier en al het hy met 'n korrelkop te doen, hy sal deurdruk en die duiwel g'n vatplek gee nie. Sy boodskapper kom terug met die berig dat die baas baie kwaai is en hom amper ingevlieë het.

Bredenhand besluit spontaan om self te handel. Hy moet hulp hê, want daar is nog 'n swerm in die nabyheid. Skielik kry hy die bravado-gevoel of hy vir Grebe en die hele sous na die voetgangers toe kan sleep.... So'n dwarskop, wat sy planne met sy verkeerde nukke in die war wil stuur! - Vasbesluit raap hy hom op in die saal en galoppeer na die spoggerige woning van Louw

Grebe. Sy kwaaieste burger staan hom daar en inwag op die hoë stoep, en 'n spotlag blink bokant sy puntbaardjie; - hy hoor die verkleinerende begroeting: 'Middag sprinkaanbeampte! En wat soek jy dan hier, terwyl die swerm voetgangers daar anderkant die bult uitgebroei het? Jy moet mos op hierdie oomblik daar wees om hulle uit te roei! Nee, jong, jy moenie so rondry nie, ek kan jou altemit nog rapporteer!'

Bredenhand voel dat die bloedstroom deur sy liggaam stoom en hy sluk twee droë slukke af voordat hy antwoord, so bedaard as hy kan. Tog klink sy stem effens bewerig: 'Reg, Neef Louw, reg! Ek wàs daar, en nou is ek hier om jou ontwil; - ek is hier om vir jou te sê dat jy jou hulp moet bysit! - Alwaarskynlik het jy van my boodskap g'n notisie geneem nie, maar nou kom ek self hier en ek sê vir jou, Neef Louw Grebe dat jy moet kom help!'

'En sê nou ek wil nie? - Wat sal jy dan maak, al het jy 'n baster uniform aan?'

Bredenhand voel dat hy liewerster moet padgee. Sy bloed kook en tog sê hy met 'n

besliste stem, trillerig van toorn: 'Ek sal weet wat om te doen! Gaan jy hulp gee, ja of nee!'

Die beampte voel hom op daardie oomblik tien persent die meerdere van daardie windbuks, al staan hy nog steeds onderkant die stoeptrappe met die vos se leisel in sy arm gehaak.

Grebe bekyk die beampte vir enkele sekondes van sy tone tot sy hoed en bars driftig uit: 'Jy is astant, nè, jou niks-gewènd! Dis mos *jou* werk om die sprinkane uit te roei, nie myne nie! Jy word mos daarvoor betaal. Die hele nasie moet mos ongehoorde belastings betaal om julle joppies aan die gang te hou en nou wil jy my inspan om jou werk te doen? Ek sien die hele boksendais van julle liewerster uitmekaar uit spat, voordat ek 'n pikaniën stuur om vir jou te help.... Ek het jou laas gesê dat ek na myself sal kyk. Ek vra niks van julle nie,.... los my uit!' Driftig stap hy weg in die huis. -

Bredenhand voel op die oomblik half verslae, want hy staan op die moment magte-

loos en om later die hulp van die wet in te roep, gee net ergernis en komplikasies. Dit flits deur sy brein, dog tewens begin die bravadogevoel weer sy gees te beheers met 'n koppige ek-kan-sonder-jou-klaarkom, en hy gaan op sy vos terug na die rooi gewriemel, om daar regtig vir Grebe te wys met toornige pompstote dat hy sonder hom ook klaar sal kom. -

Hy skiet die gifsprei oor die krioelende massa hier voor sy voete, dat dit lyk asof 'n misbank daarop neersak. Dis nou asof die wemeling voor sy oë hom uittart: Jy kan nie sonder Louw Grebe klaarkom nie, nè! Jy kan nie! Jy kan nie!....

Die skemer sak al oor die vlakte, toe hy sy laaste hale met die spuitpomp maak, en hy mompel afgemat soos hy voel: 'Bly in jou spoggerige huis, Louw Grebe, maar ek sê ook vir jou, los my uit!'

Die vosperd jaag oor die afstand na oom Karel Coetsee se huis. Bredenhand sal vanaand g'n lollery verdra nie. Sake moet nou afgehandel word; 'n meisiemens mag hom nie in onsekerheid laat nie. Hy wil weet wat

is wat! Dirkie moet nou padlangs sê, ja of nee!....

In hierdie stemming kom hy die woning binne. Dirkie is weer so vlugtig as 'n rietbok; hy sien maar net 'n glimps van haar so nou en dan, dog die eerwaardige vader en twee dampende pype, hou vereers geselskap in die voorhuis.

‘Ja, Neef Lambertus, dit gaan so in die wêreld nes in die dae van ouds. Gideon het met drie-honderd man die Midianiete oorwen.... swak of onwillige hande strem enige werk.’

Die onderstroming van Bredenhand se gedagtes bly dieselfde; sy moet vanaand sê wat is wat!

Maar die noodlot keer vir Bredenhand hier voor. Terwyl die tafelgaste na die aanddiens luister, klop-klop die galop van 'n haastige ruiter buitekant en 'n geklop op die deur verbreek die godsdienstemming om die tafel.

Bredenhand dink vol wrewel dat dit weer 'n boodskap is, dat iewers op die vlakte weer swerms uitgebroei het. Maar

hy gaan bly. Mōre is tyd genoeg....

Hy skrik toe Louis du Toit binnekom, en staande vir hom wink; dog lughartig swaai hy hom op sy stoel om en vra: 'Is dit tog nie weer voetgangers wat jou op my spoor gebring het nie, swaer Lewies? Ek is vanaand te moeg om my aan hulle te steur!'

'Nee, Ouboet, jy moet saamkom, dis baie dringend! Moeder het my beduie waar ek jou heelwaarskynlik kan kry,' sê du Toit somber en vervolg in die dodelike stilte: 'Koos lê bedenklik siek. Hy het vanmiddag skielik deurmekaar geword.'

'Koos?' Sy heftige oë staar vir een sekonde vas in Dirkie s'n; toe staan hy op en sê kalmerend: 'Julle word te gou onrustig oor dié voet van hom.'

'Nee, Ouboet, dit sou my nooit hiernatoe gebring het nie. Ek dink dat ons 'n dokter moet laat uitkom. Kosie se voet mag altemits die oorsaak wees, maar nou is sy hele gestel aangetas. Krissie en sus Leen is albei daar. Die kind bly deurmekaar en kreun gedurig, en hy 't sy bewussyn verloor. Laat agtermiddag het hy in 'n soort van

stuij agteroor immekaar getrek en toe het ons besluit om jou te roep.’

‘Koos was maar onderhewig aan sulke toevale van sy geboorte af. 'n Perdemisbad en wynruit het hom altoos gesond gemaak. 'n Mens moet net oppas om nie muilmis in die water te sit nie. Hê-julle dit al perbeer, swaer Lewies? Ek dink dat julle te gou geskrik het!’

Sy bleek gesig en gevoelvolle oë, wat kort-kort Dirkie s'n vang, beduie darem dat die beampte sielsonrustig voel, al praat hy so lighartig.

‘Ouboet, die medisyn-trommel staan op die tafel in die kamer en die vroumense het na hartelus gedokter, maar Koos se geval is nie sommerso 'n ordinêre siektetjie nie. Dit het alles te skielik gekom. Ousus was amper van haar verstand af toe sy vir Krissie roep. Die arme kind het vir my sonder trane gehuil toe sy uitroep: ‘Tant Krissie moet kom; Koos wil doodgaan!’

In die donker gang by die voordeur staan Dirkie voor Lambertus; haar hande hang aan die kraag van sy baadjie en haar oë soek



syne in die skemerdonker: ‘Oom Lambertus, laat my weet!’

Hy slaan impulsief sy arm om haar liggaam en druk 'n soen op haar lippe:

‘Dirkie, ek sal!’

## Hoofstuk X

In die woning, wat soos 'n baksteen onderkant die koppie lê, kom Koos, onderskraag deur sy Ouboet, aangewaggel en val dooiegewig teen die sakke op die sakkebank, tot vermaak van die oudste, wat die snaakse vertoning van sy boetie as 'n grap beskou. Sy geaardheid is nou eenmaal om vermaak daarin te skeep, wanneer iemand anders homself seermaak, en hoe kwaaiër die ongeluk, hoe groter sy pret. Hy moet lag wanneer 'n ander sy skeen stamp of sy arm uit lit val, hy kan dit nie help nie; dit kom vanself, en hy vertel nou vrolik dat die kameel vir Koos daaronder by die spruit vandag eintlik propper gery het, sodat die outjie met geweld wou weghol.

‘Die laaste boom het in 'n kameel verander en dis die wat hy skree: Julle probeer verniet! Julle kom nooit daardeur nie.... Hulle kom!.... die oog word groot! Hulle kom daardeur!....

Toe word hy so deurmekaar dat ek hom net moes vashou, want hy wou sommer 'n

verkeerde koers vat, Ous! Toe ek hom hiernatoe lei, word hy stil. Hy wil glad nie praat nie en hy hoor ook nie as 'n mens iets vir hom sê nie, Ous! Kyk, hoe kyk die outjie nou vir ons, en dit so ewe ongeërg!

Maar Ousus kan die lighartigheid van haar Ouboet nie deel nie, wat oppervlakkig van aard, te onoplettend is om te kan bespeur dat Koos se saak baie ernstig is; sy voel 'n siddering haar liggaam deurhewer, by die sien van die albaster-oë, wat na niks kyk nie. Langsaam nader sy haar boetie, bewend van onrus; - daardie verglaasde oë, - dié liggaampie wat slap teen die sakke hang, - sy kan dit nie aanskou nie en sy moet haar vrees oorwin om die boetie se skouer te skud: 'Koos! Koos!' - Haar stem klink soos die angsgeroep van 'n drenkeling. Die geestelose blik bly in, en tog nie in haar oë staar nie; die kyk is daaruit en g'n woord kom oor sy strak, effens geopende lippe nie. - Sy voel dat sy moet handel, en dit bring die gang in haar gedagtes. 'Ons moet hom kooi-toe bring, Ou-

boet; - Koos sal nie kan loop nie.' Haar stem word vaster en kalmer.

Ouboet begin die bedenklikheid van Koos se toestand te verstaan; dis g'n kameel wat hom nou ry nie, die outjie is baie siek. Sy hoof val op sy regterskouer neer in pynlike verleentheid, terwyl hy vir Ousus help. - Sy merk die omkeer en trag hom te troos:

'Dis altemit sommer 'n toeval, Ouboet; Koos was maar steeds 'n stuiperige kind; - dit val my nou ook te binne dat hy vanmôre oor sy kop geklae het. Ons het al baie met hom gesukkel.'

Hulle lê hom op sy pa se kooi agter die gordyn en toe sy kop die kussing vat, val die albaster-oë toe.

'Is Koos nou dood, Ous?' vra Klein huilerig met die opslaan van bedroefde bruin kykers.

Toe kerm die roerlose lyfie kreun op kreun uit, wat kortliks bedaring in Ousus haar onrustige gemoed bring. 'Nee, Klein, jy hoor mos hy kreun.' Sy het egter geskrik. - Sê nou dis die end van Koos!....

Hier by die katel skiet haar verstand en sorgsaamheid ver te kort. Wat gaan sy aanvang as Koos regtig sterwe? 'n Ongekende wildheid van gevoelens borrel op in haar binnenste, wat haar gedagte wegslaan. Sy word radeloos van angs.... Klein en Ouboet kyk haar verbouereerd agterna, toe sy uitroep: 'Bly hier!' en die kombuisdeur uitvlie soos 'n malmens....

Net een drang dryf haar, sy moet hulp hê, hulp! hulp! Ouma hoor haar verwarde sinne. - Gedagteloos hardloop sy deur die spruit na die du Toits - hulp! hulp van baie mense! Sy staan weer voor haar boetie nog voordat Ouma met tant Leen en oom Sarel die huis instap.

Die siekvertrek word donker van die mense. Lena het haar huisapteek saamgebring en begin al toedien, en die familie wag amper asemloos vir enkele minute wat die gevolg sal wees; - net die gekreun verbreek pynlik die stilte. - Hulle kyk mekaar bedenklik aan in allerlei gissinge: Dis nie Koos se voet nie, altemit die oorsaak, ja?.... Sonstraal?.... nee die son is nog te

swak daarvoor. 'Ek meen dis maningjaites' meen Krissie half fluisterend.

'Dan moet ons 'n dokter laat kom; so'n siekte kan ons nie somerso met 'n huisapteek dokter nie,' sê du Toit.

Ouma skud haar hoof. 'Geen dokter hiernatoe nie, kinders! Die eerste woord wat oor sy lippe sal kom sal hospitaal wees en dan is dit klaarpraat met Koos. As dit die Here se wil is dat die seuntjie in die lewe bly, dan sal hy hier ook gesond word. Ons moet maar vertrou en ons bes doen. - Leen, drup so'n paar druppeltjies rooi laventel in 'n teelepeltjie wit dulsies en gee hom dit, dit sal sy hart versterk.'

'n Roerende bedruktheid heers. Du Toit voel dat hy daar nie hoort nie. Sarel is tuister in so'n siekbed-sfeer en praat gedemp oor allerhande rate. Ous en Klein bly vas teenmekaar met Ouboet agter hulle soos 'n getroue hond, wat bang is om van sy oubaas af pad te gee.

Die liggaampie raak in 'n stuiptrek. - 'Bring water, Ous!' Die drietal skuif na die kombuis toe. - 'Dis die waarheid wat op-

kom,' sê Leen, en as die stuip gebreek is: 'Hoe laat is dit?'

Die drietal skuif na die voorhuis: 'Tien minute voor sewe, Tant Leen.' - Twee stemme fluister dieselfde na. Leen betrag indagsaam die kreunende kranke en sê met 'n diep sug: 'Dis 'n slegte tyd vir so'n toeval; al wat dit oor die uur gaan is dit beter....'

'Ons moet vir Ouboet gaan roep,' stel du Toit voor.

'Waar sal jy hom kry?' vra Sarel. 'Hy kan oral op die vlakte wees.'

'Lewies, ry reguit na Karel Coetsee-hulle toe; ek dink dat jy vir Lammie daar sal kry,' help Ouma reg. Lena drup weer van die mengsel tussen die oop lippe, en almal wag in stilte om die uitwerking te sien.... Onbeweeglik staan die drietal aan die voetenent van die katel, star starend met droewigpassiewe oë, elke beweging van die tante volgend in stomme oorbluftheid....

Buitekant weerklink die dubbele galop van twee ruiters. Die drietal maak die voor-

deur oop. ‘Ouboet, lei die perde koud en versorg hulle; hulle is nat gesweet.’

Bredenhand kom skynbaar kalm die siekvertrek binne. Toe hy van Dirkie afskeid geneem het, was die swaar gewig van onrus in sy hart en sy vos het die pad al hoe vinniger hiernatoe gelei; nou domineer sy waardigheid binnekant die mure. Hy groet sy familie bedaard en na 'n blik op die bed trag hy hulle gerus te stel met: ‘Julle moenie so gou skrik nie, mense; - Kosie het iewers 'n kwaai pyn en dit maak hom verstandeloos; - die lewe is nog sterk in hom en hy is nie eintlik wat 'n mens kan noem bewusteloos nie. Ek ken die kind se geaardheid en natuur.’ Die blik op sy kranke kind het hom egter oortuig dat sy geval baie ernstig is en die swaar gewig in sy gemoed begin benouend te druk. Die mense mag nie bly nie; hy sal hom hier nie kan inhou voor die bed nie. Du Toit help hom gelukkig.

‘Hy bly maar gerus; - as dit hom nie roer nie, wat sal hom dan beroer?’ fluister Krissie vir Loewie. Du Toit knik.

‘Wat moet al die mense hier maak?’



‘Ouboet, Krissie en ek sal maar huis-toe gaan. Ons maak net die vertrekke benoud. As julle ons nodig het, roep ons!’

‘Jy praat reg, ou Swaer; baie dankie vir julle bereidwilligheid. Boet Sarel, julle hoef julle nagrus ook nie op te offer nie. - Moeder kan hier op Ousus se katel bly slaap en ek sal by Kosie waak, solank as wat sy krankheid dit vereis. - Ousus, julle kan ook maar vir julle 'n lê-plek soek vir vannag.’

Hy handel outoritêr deur die oplewende mag wat hy as die Ouboet van hulle huisgesin in vroeër dae steeds gehad het. Dié meerderheidsgevoel vernietig in die tyd van sy afhanklikheid, laat hom nou weer gelde, veral noudat sy innerlike onrus en kwelling die magsbesef stimuleer. Hy moet die sake hier reël; dis 'n onkeerbare behoefte. Voor die oë van sy familie in die siekvertrek mag hy die swakheid nie openbaar nie, want hy weet dat daardie seuntjie netnou maar sy volle hart en wese sal aantass.

‘Ouboet, gee vir Kosie elke half-uur 'n teelepeltjie van hierdie.... Die huisapteek

kan hier bly.... Moeder weet!.... Beterskap, Ouboet!'

Dis nou die vader, wat alleen by sy kind waak. Hy sit skraps op die katel en betrag die roerlose liggaampie met gespanne blik. - Hy wou flus geen swakheid voor sy verwante wys nie: sy persoonlikheid het daarteen gerebelleer; sy waardigheid het hy gehandhaaf en daaroor het hy momenteel tevrede gevoel. -

Nou alleen by sy seuntjie, word sy gemoed week; sy vaderhart ontspan en breek al die bande wat eietrots en selfbedwang daarom gebind het, en dit word vol van 'n magtige liefde vir die kind. Dié onophoudelike jammergeluide, wat oor oop lippies kreun, dié roerloosheid van Kosie, sy onmisbare kind.... Sy vaderhart kan bars....

Sy gelaat gly van die oogholtes af weg, en sy voorhoof word groot onder die wil wat sy verstand probeer dwing om op te speur, wat die kind se krankheid is, en uit te dink, wat vir die kind gedaan kan word. - Die kwesplek van die lemoending is

dit nie; dis in sy hoof waar die pyn setel.... Sy growwe hande vat die nekspiere van Kosie en masseer hulle suutjies, terwyl hy bewerig minsaam die kind se naam roep. Die lyfie bly slap en die kreun op kreun hou onverpoos aan. Hy drup die medisyne oor die lippe, hoewel hy min vertrou in hulle krag het. Die gees moet daar wees om 'n medisyn te help en hier is die gees uit werking uit. En dit laat hom verslae voel en onmagtig. Die stryd teen die groeiende besef dat Kosie krank tot die dood is, verswak sy dinkkrag en verstand. Die mense is magteloos teen die wil van God! G'n dokter kan hier help nie, net alleen God in sy Almag! Daar moet hy hulp soek. Die gevoel word oppermagtig om die Allerhoogste te verbid. Met 'n wilde gebaar werp hy hom op sy knieë en hou die slap hand van sy seuntjie vas. Dis egter of sy hart nie in onderwerping en deemoed kan versug nie; meer dan hy bid lug hy sy gemoed, en sy bidde word vol argument, asof hy met die Opperwese wil redetwis. En tog is dit vir hom 'n worsteling om die behoud van sy

kind, innig, met geheel sy wese, vurig en lank deur die herhalinge van sy smeekgeroep, totdat sy asem hyg en die sweet op sy voorhoof pêrel. 'Waarom, o Here, sal die satan seëvier? Waarom moet hy sy sin kry met my gebreekte vaderskap? Hy het met sy arglistigheid, sy onderkruiping hom verberg agter die onbesmetlike kleed van liefde en my gedreig met liefdeloosheid en verstoting om my te kwes en te beproef. - Ek wou nie na hom hoor nie, Here; - ek wou die kind nie afgee aan die mense nie, omdat U hom aan my gegee het as 'n heilige pand; ek moes vir Kosie self versorg, opvoed en grootmaak tot U eer. Ek wou hom oplei in U diens, o Here, om U suiwere leer eendag te predik en om te kan getuig in U naam. Laat my tog die krag van vaderskap behou, o Here om die aartsvyand van U Goddelikheid hier onder ons te toon dat 'n vader sy kind na U wet en gebod moet grootbring. Ek het die versoekinge van die bose weerstaan met alle mag om die kind te behou en in U pad te lei, soos ek plegtig ook vir U beloof het by die doop. - Kan dit in U raad

bestaan, laat ons hom tog behou! - Laat ons vir Kosie behou!....’

Bredenhand bid nie alleen nie. Die moeder het die worsteling gehoor en langs hom neergekniel, as 'n stomme bidster met hom saam. Haar amen klink as 'n sug na sy getemde eindroep: ‘U wil geskiede! Amen!’ Toe merk Bredenhand sy moeder pas....

Daarna rys die geknielde gestalte voor die katel op. Die handjie lê nog in die groot hand verberg; maar die vader se oë blits oorlog teen die siekte. Die vader se wil om die kwaad uit te roei is op die roerlose liggaampie gekonsentreer en hy roep kragtig: ‘Kosie, ons sal jou behou! Ons moet jou behou!’

‘Ag, Lammie, my kind, ek ken jou nie, sal jy nie liewerster 'n uurtjie gaan lê nie?’ Die weduwee voel besorg oor hom. Ousus het opgeskrik, binnegekom tot aan die voetenent van die katel; verwilderde oë kyk meer na haar pa as na haar boetie.

Bredenhand merk niks. Hy omvadem Kosie met sy gees en wese, steunend op sy arms weerskante die kind, en oor hom bui-

gend asof sy felle oë die groot kindergesig wil deurkyk; asof hy in die liggaam na die kwaad wil gryp en dit uitskeur. Ouma druk haar bekommerde hoof op gevoude hande en Ousus val snikkend op haar bed, omdat haar pa so aangetas is. -

Daar kom 'n verandering, Kosie se mondhoeke tril. Hy slaan vir die eerste keer sy oë oop wyl die gekreun in krag toeneem. - Maar die oë wat sy vader sien verslaan die oorskot van sy rede. Sy onderbewuste lê helder oop en breek na buite. In daardie oë met hul bo-natuurlike glans sien hy die oorgang van die lewe na die dood, van die dood na die lewe. 'Koos! Koos!'

Pal bly die oë opstaan met die vreemde gloed. 'Koos!.... Kyk, Moeder, kyk, dis die lewe wat vlug!.... Dis die laaste stryd! So moet 'n sondaar stry!.... In sonde ontvang en gebore moet die sondaar sy doodstryd stry!.... As dit aan die groene hout geskied, wat sal aan die dorre geskied?.... Kyk, Moeder, kyk, nou gaan hy deur die Jordaan!.... Diep, - - dis diep! O, die water is so swart, so diep!.... Nou deur

die doodsvallei, Moeder! Koos!.... Koos!....’

Die oë het toegeval, - die gekreun verswak. Bredenhand sit met sy hoof in sy hande langs sy moeder op die krankbed. Langsaam keer die rede terug en sy persoonlikheid verdring die heftige emosies van so pas. - Hy staan op en vee sy gelaat met die sakdoek af. -

‘Kosie se plek is in die hemel reggemaak, Moeder. Medisyne is nou nutteloos, kyk dit loop terug oor sy lippe. Sy moeder sal vandag juig! - Dis verby hier! Sy oë was oop en hy 't die hemel gesien; die lig in sy oë was 'n hemelse lig!.... Moeder kan maar by Kosie bly en my roep as die end daar is....’

‘Jy kan gerus 'n bietjie op die bed gaan lê, Lammie.’ Bredenhand is nou weer nagenoeg homself. ‘Nee, Moeder, kyk die môre breek; dis 'n nuwe dag vir ons en 'n nuwe lewe vir Koos! Wat afgedaan is, is verby! Ons kan dit nooit herroep nie; die lewe, wat afgelê is hoort nie meer aan die aarde nie; maar die aardse beslommernis en pligte bly

ewig solank as daar mense op die aarde bly. - Ek moet vir Dirkie Coetsee laat weet hoe sake hier gesteld is, Moeder, - dit het ek haar belowe, en net-nou moet ek wegspring om instruksies te gee waar die voetgangerswerms uitgebroei het. Hulle sal vandag sonder my moet klaarkom. Dood breek die wet.... hulle sal dit verstaan.'

'Toe maar, my seun, gaan jou gang, jy is reg!'

Waardig stap Bredenhand na die voorhuis. Daar skryf hy 'n omslagtige brief aan Dirkie, wat byna weer sy rede laat vlug. -

'Ousus, my dogter, roep vir jou ouboet!' Sy skud haar ouboet in die kombuis op 'n paar streepsakke wakker en bly daar om 'n vuurtjie aan te lê. Bedremmeld staan die seun met sy skewe hoof voor sy pa.

'Ek wil vir jou stuur, my seuntjie. Bring hierdie brief na oom Karel Coetsee-hulle en gee dit vir tant Dirkie in haar hande.'

'n Glans van vreugde straal van die kindergesig en sy ogies skitter by 'n gedagte aan perdry, en sy gemoed is saf, omdat sy



pa hom nog nooit so vriendelik toegesprek het nie. - -

‘Kan ek vir Poon vat, Pa?’

‘Nee, my seuntjie, jou Pa het vir die vos netnou, netnou nodig. Groet eers vir Koos, jy sal hom altemit nie weer in hierdie lewe sien nie.’

Ouboet se hoof sak weer op sy regterskouer en hy skuur met 'n benoude glimlag langs die katelstyle tot voor die flou-kreunende boetie. Nog met die angstige laggie om sy oë vat Ouboet die slap hand en snik: ‘Môre, Koos.’ Toe verlaat hy met ingehoue huilkrete die huis en draf weg in die skemer....

Toe die songoud deur die voeë van die vensterluik pars hou die gekreun op. - -

Bredenhand vlie met sy vos oor die vlakte na die uitgebreide swerms toe: ‘Die dood is in my huis mense, spook julle vandag maar met die voetgangers; my werkstalligheid is by my huis!’ Hy jaag oor die vlakte terug.

Die kis vir Kosie sal hy self maak....

Terwyl hy daarmee besig is, kom Karel

Coetsee se kar en perde op die werf. Dirkie en Ouboet klim uit en sy stap reguit na Lambertus toe, waar hy die droewige arbeid verrig....

‘Ek kon dit nie oor my hart kry om die seun die lang end pad terug te laat stap nie.’ Haar stem is swak en onseker. - ‘Dit was skielik, nè, Oom Lambertus!’ Haar oë word vogtig.

Bredenhand kyk haar deurdringend aan en sê bewoë: ‘Kosie is opgevare, Dirkie.... die Vaderhande het hom gevat.’

Dirkie verstaan die gedagte deur die fierbedroefde wese ingehou. Selfverwyt praat heftig in haar gewete.... Sy lê haar hand op Lambertus se skouer en leun haar hoof vir enkele sekonde daarteen, wyl sy as 'n versugting uiter: ‘Sò het ek dit darem nie gemeen nie, Oom Lambertus.’

‘God sê in sy dierbare Woord: Mijne gedachten zijn niet ulieder gedachten en Mijne wegen zijn niet uwe wegen.... Dirkie, jy giet balsem oor my gewonde siel....’

Die sprinkaan-veldtog was van korte

duur, tot teleurstelling van die beampte, wat verwag het om die betrekking sy lewe lank te beklee. Hy is nou ook heeltemal oortuig dat 'n mens die plaag kan uitroei.

Na ongeveer veertien dae van onverpoosde arbeid was die vlakte skoon; geen nuwe swerms het meer uitgebroei nie; slegs 'n enkele het af en toe oor die lyn in sy gebied gekom. -

Die toestand het sorgwekkend vir Bredenhand begin word. Gebrek aan werk beteken geen vergoeding nie. Hy sit nou in die verknorsing, want die tyd nader, wanneer die skuldbewys van Fisher in die bank betaalbaar word, en hy sal nog tien pond daarop kort kom. Maar al staan die wêreld op sy kop, sy vospers gaan hy nie teruggee nie, want die trippelaar moet die pad na die Coetsee nog stoftrap. Die lotsbepaling het dit so bewerkstellig, dat Dirkie ingewillig het. Die omstandighede van sy lewensloop het 'n inkering in haar gemoed teweeggebring, sodat deur die bestiering van die Here haar hart 'n groot respek vir hom gekry

het en sy liefderyk gesind jegens hom en sy kinders geword het.

Al wat hom oorbly is dat hy weer sy ambagswerk moet opneem en dit doen hy met 'n opgeruimde hart.... Van nou af gaan hy 'n dubbele persoonlikheid verteenwoordig: 'n beampte en 'n ambagsman. Sy dryfveer is ook tweeledig, sy kinders en Dirkie, en sy doel om sy huislikheid te herstel. -

Die vosperd help hom goed, want hy kan die werk nou opspoor en sy grootste geluk is dat Fisher hom bespreek het om 'n pakhuis te bou.

Die groot blokke droë lande op die vlaktes lê oortrek van 'n kragtig groeiende gewas, waaraan geen sprinkaan meer sal knabbel nie. Die boer se hart voel hoopvol; hy arbei lustig en ywerig in die veelbelowende gesaaide.

Fisher verwag 'n goeie oes vanjaar; daar moet bēreplek vir die mielies wees....

Wanneer die pakhuis klaar is, kan Lambertus die gewigtige stap in sy lewe waag....

Die ou Egiptenare in Farao se tyd moes

vir generaal Kemp daar gehad het, dan sou ons gedurende die laaste twee jaar nie die oeste voor ons oë sien opvreet het nie, - alofskoon dit eintlik die sprinkaanbeampes is wat die uitroei-werkstalligheid verrig.

Dit gaan daarmee net soos met Fisher wat sê, hy bou 'n stoor, terwyl dit al die tyd Lambertus Bredenhand is wat die pakhuis bou.... So is die wêreld se beloop en 'n mens moet dit maar verdra. Dis die beginsel van die konkeldraaie, verneukslae en politiek op onse liewe ou aardbodem.

In die winkel se nabyheid staan Bredenhand omring deur boumateriaal en neuriefluit.

Dis weer die ouderwetse liedjie van 'n bedroefde meisie, wat aan die oewer van 'n snelle vliet sit en treur....